

Genesis

Inleiding

Die naam *Genesis* is afgelei van 'n Griekse woord wat 'begin' of 'oorsprong' beteken. In die Hebreuse Bybel staan die boek, na aanleiding van die eerste woord in die boek, bekend as *Beresjiet*, wat 'in (die) begin' beteken.

Die boek *Genesis* vorm saam met *Eksodus*, *Levitikus*, *Numeri*, en *Deuteronomium* die Pentateug, wat 'n eenheid vorm en ook bekend staan as die Tora. Die woord "tora" beteken 'onderrig' maar word gewoonlik vertaal as "wet". In die Nuwe Testament word na die Pentateug verwys as "Die Wet" (vgl bv Matt 12:5). Die naam Pentateug is uit Grieks afkomstig en kan vertaal word as "vyf houers" of "vyf boekrolle".

Volgens Joodse tradisie was Moses die skrywer van die eerste vyf boeke van die Hebreuse Bybel, en dus ook van *Genesis*. Terwyl baie ou vertellings in die boek opgeneem is, word redelik algemeen aanvaar dat die taalgebruik en ander gegewens daarop dui dat die boek in sy finale vorm uit 'n latere tyd dateer. Op grond van talle ooreenkomste tussen die vertelling oor Josef en die geskiedenis van Salomo, meen sommige geleerdes dat *Genesis* in die tyd van Salomo saamgestel is. Ander is weer van mening dat die Babiloniese ballingskap (586-539 vC) waarskynlik die tyd was waarin die boek sy finale vorm gekry het. Daar is sterk aanduidings in die boek dat die skrywer wat verantwoordelik is vir die finale vorm daarvan uit priesterlike kringe gekom het.

Daar is ook onsekerheid oor die vraag wie die eerste lesers was: persone

verbonde aan die koninklike hof in Jerusalem, of ballinge in Babilonië?

Die boek *Genesis* bestaan hoofsaaklik uit vertellings in prosavorm waarin verskillende seën- en vervloekingspreuke (bv Gen 12:2-3; 9:25-27), lyste (bv Gen 10:2-7,13-20), asook kort poëtiese spreuke (bv Gen 6:11-12) opgeneem is. Die boek *Genesis* word deur kenners van Hebreeus as van hoogstaande literêre gehalte beskou, en Gen 1 word soms as kunsprosa getipeer.

Genesis is 'n geloofsboek wat handel oor God se verhouding met sy skepping, met die mensdom en met sy uitverkore volk. God skep nie net hierdie verhouding nie, maar hou dit ook in stand, nieteenstaande alle menslike ontrou. God se verbonde met Noag en die aartsvaders Abraham, Isak en Jakob, en die beloftes wat Hy maak, word 'n deurlopende tema in *Genesis*. Dit verwoord sy trou aan en sy liefde vir die wêreld en mense wat Hy geskep het. Die Josef-vertelling toon dat God die kwaad wat mense aan iemand wil doen, kan omkeer in iets goeds, selfs vir hulle wat die kwaad bedoel het.

Genesis kan soos volg ingedeel word:

1:1 — 11:26 Voorgeskiedenis: vertellings oor die oorsprong van die mensdom

11:27 — 22:19 Abraham se lewe voor God

22:20 — 25:18 Abraham se familie

25:19 — 26:33 Vertellings oor Isak

26:34 — 36:43 Vertellings oor Jakob; Esau se nageslag

37:1 — 47:26 Vertellings oor Josef

47:27 — 50:14 Einde van Jakob se lewe

50:15-26 Afsluiting van die vertelling oor Josef

1

Skepping

¹* In die begin het God die hemel en die aarde geskep. ²* Die aarde was woest en leeg, en donker was oor die oerwater.^a Maar die Gees van God^b het oor die water gesweef,

³* en God het gesê: “Laat daar lig wees!” En daar was lig.

⁴ God het gesien dat die lig goed was.

God het toe die lig en die donker
van mekaar geskei.

⁵ God het die lig dag genoem
en die donker het Hy nag genoem.

En dit was aand en dit was oggend —
dag een.^c

* **1:1** Ps 90:2; Jes 40:21-22; Joh 1:1-3; Hand 17:24; Kol 1:16-17; Heb 1:10; 11:3

* **1:2** Ps 104:6; Jer 4:23; 2 Pet 3:5

^a**1:2 oerwater:** Volgens die wêreldbeeld van daardie tyd het massas water die aarde omring. Die siening was dat hierdie massas water bestaan van alle lewende bedreig.

^b**1:2 Gees van God:** Word ook vertaal “gees van God”, “wind van God afkomstig” of “geweldige wind”.

* **1:3** Ps 33:9; Jes 45:7; 2 Kor 4:6

^c**1:5 dag een:** In die Ou Testament strek 'n volle dag van sonder tot sonder; vgl Gen 2:2.

⁶*God het gesê: “Laat daar 'n gewelf wees tussen die waters, en laat dit skeiding maak tussen water en water.” ⁷ God het die gewelf^d gemaak, en Hy het die water wat onder die gewelf was, geskei van die water wat bo die gewelf was. Dit het toe so gebeur. ⁸ God het die gewelf hemel genoem.

En dit was aand en dit was oggend —
'n tweede dag.

⁹*God het gesê: “Laat die water wat onder die hemel is, op een plek bymekaarkom, sodat die droë grond sigbaar word.” Dit het toe so gebeur. ¹⁰ God het die droë grond ‘land’ genoem en die versamelplek van die water het Hy ‘see’^e genoem. God het gesien dat dit goed is.

¹¹*God het gesê: “Die land moet groen plante laat uitspruit — gewasse wat saad gee,^f bome wat op die land vrugte dra, vrugte volgens elkeen se aard, vrugte waarin hulle saad is.” Dit het toe so gebeur. ¹² Die land het toe groen plante voortgebring, gewasse wat saad gee volgens elkeen se aard, en bome wat vrugte dra waarin hulle saad is, volgens elkeen se aard. God het gesien dat dit goed is.

¹³ En dit was aand en dit was oggend —
'n derde dag.

***1:6-9** Ps 19:2; 148:4; 2 Pet 3:5

^d**1:7 gewelf:** Volgens die Bybelse wêreldbeeld was die blou lug 'n soort gewelf, of koepel, wat 'n geweldige massa water aan die bokant daarvan teruggehou het, terwyl daar ook op en onder die aarde 'n geweldige massa water was.

***1:9-10** Ps 136:6

^e**1:10 see:** Die •bronteks lui “seë”.

***1:11-12** Gen 2:5,9; Ps 65:10-14; 104:14; 1 Kor 15:38

^f**1:11 gewasse ... gee:** Dit verwys na eenjarige plante.

¹⁴ God het gesê: “Laat daar ligte wees aan die hemelgewelf om skeiding te maak tussen dag en nag. Hulle moet daar wees vir tekens en vir vaste tye,^g en vir dae en jare.^h ¹⁵ Hulle moet daar wees as ligte aan die hemelgewelf om lig te gee op die aarde.” Dit het toe so gebeur.

¹⁶ * God het die twee groot ligte gemaak,
die groot lig om te heers oor die dag,
en die klein lig om te heers oor die nag,
en ook die sterre.

¹⁷ God het hulle aan die hemelgewelf geplaas om lig te gee op die aarde, ¹⁸ * en om te heers oor die dag en die nag, en om skeiding te maak tussen die lig en die donker. God het gesien dat dit goed is.

¹⁹ En dit was aand en dit was oggend —
'n vierde dag.

²⁰ God het gesê: “Laat die water wemel met lewende wesens, en laat voëls oor die aarde vlieg langs die hemelgewelf.” ²¹ God het volgens hulle aard die groot seediereⁱ geskep en al die lewende wesens wat rondbeweeg, waarvan die water wemel, en alle vlieënde voëls, volgens

^g**1:14 tekens ... tye:** Die verskyning van die nuwemaan was vir die Israeliete die teken dat die nuwemaansfees gevier moet word; vgl Num 10:10; 28:11-14. “Vaste tye” verwys na al die godsdienstige feeste; vgl Lev 23:4-43; •Feeste.

^h**1:14 tekens ... jare:** Die maan moes “tekens” en “vaste tye” aandui, en die son moes “dae en jare” aandui.

* **1:16** Ps 136:7-9

* **1:18** Jer 31:35

ⁱ**1:21 seediere:** Word ook vertaal “seemonsters”.

elkeen se aard. God het gesien dat dit goed is. ²² God het hulle geseën deur te sê: “Wees vrugbaar, word meer en vul die water in die seë;^j en laat die voëls meer word op die land.”

²³ En dit was aand en dit was oggend —
'n vyfde dag.

²⁴ God het gesê: “Laat die land lewende wesens voortbring volgens elkeen se aard: mak diere, kruipende diere en wilde diere van die land, volgens elkeen se aard.” Dit het toe so gebeur.

²⁵ God het die wilde diere van die aarde
gemaak volgens elkeen se aard,
die mak diere volgens elkeen se aard,
en al die diere wat op die grond kruip
volgens elkeen se aard.
God het gesien dat dit goed is.

²⁶ *God het gesê: “Laat Ons^k mense maak na ons beeld, as ons afbeelding,^l sodat hulle kan heers^m oor die visse van die see, die voëls van die hemel, die diere en oor die hele aarde, en oor al die kruipende diere wat op die aarde rondbeweeg.”

^j**1:22 seë:** Dit verwys ook na water in die binneland, soos die Meer van Galilea.

^{*}**1:26-27** Gen 5:1,2; 9:2,6; Ps 8:6-9; Matt 19:4; Mark 10:6; Hand 17:29; 1 Kor 11:7; Ef 4:24; Kol 3:10; 1 Tim 2:13; Jak 3:7,9

^k**1:26 Ons:** Die meervoudsvorm “Ons” word deur God gebruik wanneer Hy met Homself praat; vgl Gen 3:22; 11:7.

^l**1:26 as ons afbeelding:** Word ook vertaal “wat soos Ons lyk”.

^m**1:26 heers:** Dit dui aan dat die mens as God se verteenwoordiger beheer het oor die skepping.

²⁷ God het die mens geskep na sy beeld,
na die beeld van God
het Hy hom geskep,
manlik en vroulik het Hy hulle geskep.

²⁸ *God het hulle geseën; God het vir hulle gesê: “Wees vrugbaar,
vermeerder, vul die aarde en onderwerp dit. Heers oor die visse van die
see, die voëls van die hemel en al die diere wat op die aarde
rondbeweeg.”

²⁹ *God het gesê: “Kyk, Ek gee vir julle al die gewasse wat saad dra,
wat op die oppervlakte van die hele aarde is, en al die bome waaraan
daar vrugte is, wat saad dra. Vir julle sal dit as voedsel dien. ³⁰ *En vir al
die diere van die aarde en vir al die voëls van die hemel en alles wat
rondbeweeg op die aarde waarin lewensasem is, gee Ek al die groen
gewasse as voedsel.” Dit het toe so gebeur.

³¹ *God het na alles gekyk wat Hy gemaak het, en kyk, dit was baie
goed.

En dit was aand en dit was oggend —
die sesde dag.

* **1:28** Gen 9:1,7; Ps 8:6-9; 115:16

* **1:29** Gen 9:3; Ps 104:14-15

* **1:30** Ps 147:9

* **1:31** 1 Tim 4:4

2

¹ *So is die hemel en die aarde en alles wat daarby hoort,ⁿ voltooi.

² *God was op die sewende dag klaar
met sy werk wat Hy gedoen het;
en Hy het op die sewende dag gerus^o
van al sy werk wat Hy gedoen het.

³ God het die sewende dag geseën;
Hy het dit heilig verklaar,
want op dié dag het Hy gerus
van al sy werk —
dit wat God geskep het deur dit te maak.

Mense in die tuin van Eden

⁴ Dit is die geskiedenis van die hemel en die aarde toe hulle geskep is.
Die dag toe die HERE God die aarde en die hemel gemaak het

⁵ — geen struik van die veld was al op die aarde nie, en geen
gewasse van die veld het al uitgespruit nie; want die HERE God het
nog nie laat reën op die aarde nie, en daar was nie 'n mens om die
grond te bewerk nie, ⁶ maar 'n ondergrondse rivier^p het uit die aarde
opgewel en die hele oppervlakte van die grond nat gemaak —

⁷ *het die HERE God die mens met stof uit die grond gevorm, en in sy

***2:1** Neh 9:6; Ps 33:6; Jes 45:12

ⁿ**2:1 alles ... hoort:** Dit verwys na die hemelliggame en alles wat op aarde is. Kan ook vertaal word “leërskaar” of “taakmag”.

***2:2** Eks 20:11; Heb 4:4,10

^o**2:2 gerus:** Die Hebreeuse werkwoord is meerduidig en kan ook vertaal word “opgehou”; vgl Heb 4:4,10.

^p**2:6 ondergrondse rivier:** Word ook vertaal “miswolk”; vgl egter Job 36:27.

***2:7** Gen 1:27; 3:19; Ps 103:14; Pred 12:7; 1 Kor 15:45,47

neus die asem van lewe geblaas. So het die mens 'n lewende wese geword.

⁸ *Die HERE God het 'n tuin aangeplant in Eden, in die ooste,^q en die mens wat Hy gevorm het, daar geplaas. ⁹ *Die HERE God het uit die grond allerhande bome laat uitspruit — 'n genoeg om na te kyk en goed om van te eet. Die boom van die lewe was in die middel van die tuin, en ook die boom van die kennis van goed en kwaad.^r

¹⁰ 'n Rivier vloei uit Eden om die tuin nat te maak, en van daar af vertak dit. Dit word vier hoofstrome. ¹¹ Die naam van die eerste is Pison. Dit is die een wat vloei om die hele land Gawila, waar daar goud is. ¹² Die goud van daardie landstreek is goed. Daar is ook balsemhars en oniksgesteentes. ¹³ Die naam van die tweede rivier is Gihon. Dit is die een wat om die hele land Kus^s vloei. ¹⁴ Die naam van die derde rivier is Tigris. Dit is die een wat aan die oostekant van Assirië vloei. Die vierde rivier is die Eufraat.

¹⁵ Die HERE God het die mens geneem en hom in die tuin van Eden geplaas om dit te bewerk en op te pas. ¹⁶ *Die HERE God het die mens beveel: “Van al die bome van die tuin mag jy na hartelus eet, ¹⁷ *maar van die boom van die kennis van goed en kwaad, daarvan mag jy nie eet nie, want die dag wanneer jy daarvan eet, sal jy beslis sterf.”

***2:8** Gen 3:23; Jes 51:3; Eseg 28:13; 31:9; Joël 2:3

^q**2:8 Eden ... ooste:** Eden is 'n landstreek, waarskynlik 'n gebied langs die Eufraat suid van Haran.

***2:9** Gen 3:22; Op 2:7; 22:2,14,19

^r**2:9 kennis ... kwaad:** Word ook vertaal “alle kennis”.

^s**2:13 Kus:** Die naam van Nubië, 'n gebied suidoos van Egipte, vandag bekend as Soedan.

***2:16** Gen 1:29

***2:17** Gen 3:3; Rom 5:12; 6:23; 1 Kor 15:21; Jak 1:15

¹⁸ *Die HERE God het ook gesê: “Dit is nie goed dat die mens alleen is nie. Ek sal vir hom 'n helper maak, as sy gelyke.” ¹⁹ *Toe vorm die HERE God uit die grond al die diere van die veld en al die voëls van die hemel, en Hy bring hulle na die mens om te sien wat hy hulle sou noem; en wat ook al die mens 'n lewende wese genoem het, dit was sy naam. ²⁰ So het die mens name gegee vir al die mak diere en die voëls van die hemel en al die diere van die veld. Maar vir homself^t het hy nie 'n helper, as sy gelyke, gevind nie.

²¹ **Die HERE God het toe die mens in 'n diep slaap laat val, en terwyl hy slaap, het Hy een van sy ribbebene geneem en die plek daarvan met vleis toegemaak. ²² *Die HERE God het toe die ribbebeen wat Hy uit die mens geneem het, omgebou tot 'n vrou, en haar na die mens gebring.

²³ *Toe sê die mens:

“Hierdie een is dié keer
been uit my eie gebeente,
vlees uit my eie vlees.
Hierdie een sal vrou^u genoem word,
want uit die man is sy geneem.”

²⁴ *Daarom sal 'n man sy vader en moeder verlaat en sy vrou aankleef,

***2:18** Spr 31:11-12; 1 Kor 11:9; 1 Tim 2:13

***2:19** Gen 1:25

^t**2:20 vir homself:** Die •bronteks lui “vir die mens”.

***2:21-23** 1 Kor 11:8,12

***2:21** Gen 15:12; 1 Sam 26:12

***2:22** 1 Tim 2:13

***2:23** Ef 5:28

^u**2:23 vrou:** Of mannin. Die Hebreeuse woorde vir man en vrou klink byna eenders.

***2:24** Matt 19:5; Mark 10:7-8; 1 Kor 6:16; 7:10; Ef 5:31

en hulle sal een vlees word.

²⁵ *Hulle twee was naak, die mens en sy vrou, maar hulle was nie skaam vir mekaar nie.

3

Ongehoorsaamheid van die mens

¹ *Die slang was listiger as al die diere van die veld wat die HERE God gemaak het. Hy het vir die vrou gevra: “Is dit werklik so dat God gesê het julle mag nie van enige boom in die tuin eet nie?” ² *Die vrou het die slang geantwoord: “Van die vrugte van die bome in die tuin mag ons eet, ³ maar oor die vrugte van die boom wat in die middel van die tuin is, het God gesê, ‘Julle mag daarvan nie eet nie en dit nie aanraak nie, anders sterf julle.’ ” ⁴ *Die slang sê toe vir die vrou: “Julle sal beslis nie sterf nie. ⁵ *Maar God weet dat die dag wanneer julle daarvan eet, julle oë sal oopgaan. Dan sal julle word soos God,^v wat goed en kwaad ken.”

⁶ *Die vrou sien toe dat die boom goed was om van te eet, dat dit 'n lus was vir die oog, en dat die boom begeerlik was om 'n mens insig te gee. Sy het van die vrugte daarvan geneem, dit geëet en ook vir haar man by haar gegee, en hy het geëet. ⁷ *Al twee se oë het oopgegaan en hulle het besef dat hulle naak is. Hulle het vyeblare aaneengeryg en vir hulle lendeskorte gemaak.

*2:25 Gen 3:7

*3:1 Matt 10:16; 2 Kor 11:3,14; Op 12:9; 20:2

*3:2-3 Gen 2:16-17; Rom 6:23

*3:4 Joh 8:44; 2 Kor 11:3

*3:5 Jes 14:14; Eseg 28:2; Dan 8:25; 2 Thess 2:4

^v3:5 God: Word ook vertaal “gode” of “goddelike wesens”.

*3:6 Jos 7:21; 1 Kon 13:19; Rom 5:12; 1 Tim 2:14; Jak 1:14-15; 1 Joh 2:16

*3:7 Gen 2:25

⁸*Hulle hoor toe die geluid van die HERE God wat in die tuin rondstap in die middagkoelte. Die mens en sy vrou het vir die HERE God weggekruip tussen die bome van die tuin. ⁹*Die HERE God het na die mens geroep en vir hom gevra: “Waar is jy?” ¹⁰*Hy het geantwoord: “Ek het U in die tuin hoor beweeg,^w en ek was bang, want ek is naak; toe het ek weggekruip.” ¹¹Hy vra toe: “Wie het vir jou vertel dat jy naak is? Het jy van die boom geëet waaroor Ek jou beveel het dat jy nie daarvan mag eet nie?” ¹²*Die mens het geantwoord: “Die vrou wat U gegee het om aan my sy te wees, sy is die een wat vir my van die boom gegee het, en ek het geëet.” ¹³*Die HERE God vra toe vir die vrou: “Wat het jy nou gedoen?” Die vrou het geantwoord: “Die slang het my bedrieg, en ek het geëet.”

¹⁴*Toe sê die HERE God vir die slang:

“Omdat jy dit gedoen het,
is jy vervloek
onder^x al die mak diere
en al die diere van die veld;
op jou pens sal jy seil,
en stof sal jy eet, solank jy leef.

¹⁵*Vyandskap sal Ek tussen jou
en die vrou stel,

***3:8** Job 31:33; 34:22; Ps 139:7-12; Jer 23:24

***3:9** Gen 4:9

***3:10** Gen 2:25

^w**3:10** Ek ... **beweeg**: Letterlik ‘U geluid het ek in die tuin gehoor’.

***3:12** Job 31:33; Spr 28:13

***3:13** Gen 12:18; 1 Kon 13:18; Rom 7:11; 2 Kor 11:3; 1 Tim 2:14

***3:14** Gen 3:17; 4:11; 9:25; 27:29; Deut 28:15; Jes 65:25; Miga 7:16-17

^x**3:14** **onder**: Word ook vertaal “meer as” of “weg van”; vgl Gen 4:11.

***3:15** Luk 10:19; Rom 16:20; Kol 2:15; Heb 2:14; Op 12:17

en tussen jou nageslag en haar nageslag.
Hy sal jou kop aanval,
en jy sal sy hakskeen aanval.”

¹⁶ *Vir die vrou het Hy gesê:

“Ek sal jou swaarkry met jou
swangerskap baie erger maak;
met pyn sal jy kinders
in die wêreld bring.
Na jou man sal jou begeerte wees,
maar hy sal oor jou heers.”

¹⁷ *Vir die mens het Hy gesê:

“Omdat jy geluister het
na jou vrou se stem,
en geëet het van die boom
waarvan Ek jou beveel het,
‘Jy mag nie daarvan eet nie!’,
is die grond deur jou toedoen vervloek.
Met swaarkry sal jy daarvan eet,
solank jy leef;

¹⁸ dorings en dissels sal dit vir jou
laat uitspruit,
en jy sal veldplante eet.

¹⁹ Met sweet aan jou gesig
sal jy brood eet,

***3:16** Jes 13:8; Miga 4:10; 1 Kor 11:3; 14:34; Ef 5:22-25; Kol 3:18-19; 1 Pet 3:1,5

***3:17-19** Gen 2:7,17; 5:29; Job 10:9; Ps 90:3; 146:4; Pred 3:20; 12:7; Jes 7:23-25;
Rom 5:12; 8:20-22; 1 Kor 15:21; Heb 6:8; 9:27

totdat jy terugkeer na die grond;
want daaruit is jy geneem —
ja, stof is jy,
en tot stof sal jy terugkeer.”

²⁰ Die mens het sy vrou “Eva”^y genoem, want sy is die een wat die moeder geword het van almal wat lewe. ²¹ Die HERE God het daarna vir die mens en sy vrou rolle van vel gemaak en dit vir hulle aangetrek.

²² Toe sê die HERE God: “Kyk, die mens het soos een van Ons^z geword deur goed en kwaad te ken. Nou moet hy net nie sy hand uitsteek en ook van die boom van die lewe neem en eet en vir altyd bly lewe nie.*”

²³ Die HERE God het hom toe weggestuur uit die tuin van Eden om die grond waaruit hy geneem is, te gaan bewerk. ²⁴ Hy het die mens uitgedryf en aan die oostekant van die tuin van Eden gerubs^a laat woon, met 'n flikkerende swaard wat heen en weer beweeg, om die pad na die boom van die lewe te bewaak.

4

Kain en Abel

¹ Die mens het met Eva, sy vrou, gemeenskap gehad; sy het swanger geword en aan Kain geboorte gegee. Sy het gesê: “Ek het van die HERE

^y3:20 **Eva:** Die naam Eva beteken ‘lewe’.

^z3:22 **Ons:** Die meervoudsvorm “Ons” word deur God gebruik wanneer Hy met Homself praat; vgl Gen 3:22; 11:7.

*3:22 **boom ... lewe nie:** Gen 6:3; Job 7:16; Ps 49:10; Op 2:7; 22:2,14,19

^a3:24 **gerubs:** Hemelse wesens met vlerke. In voorstellings van gerubs wat tydens opgrawings gevind is, word hulle uitgebeeld met die lyf van 'n dier, die gesig van 'n mens en uitgespreide vlerke. Op die •verbondsark was daar twee gerubs wat die basis van God se troon vorm; vgl Eks 25:18; Ps 18:11; Eseg 10:1.

'n man verkry.^b”² *Sy het weer geboorte gegee — aan sy broer, aan Abel. Abel was 'n herder van kleinvee, en Kain 'n landbouer.

³ *Ná verloop van tyd het Kain van die vrug van die grond 'n offer vir die HERE gebring. ⁴ *En Abel, ook hy het 'n offer gebring uit die eersgeborenes van sy kleinvee, van hulle vet. * Die HERE het Abel en sy offer met guns beskou. ⁵ *Maar Kain en sy offer het Hy nie met guns beskou nie. Dit het Kain baie kwaad gemaak en hy was terneergedruk.^c ⁶ *Die HERE vra toe vir Kain: “Waarom is jy kwaad, en waarom is jy terneergedruk? ⁷ *Is dit nie so dat, as jy goed doen, jy jou kop kan optel nie?^d As jy egter nie goed doen nie, lê die sonde op die loer voor die deur. Na jou is sy begeerte,* maar jy moet oor hom heers.”

⁸ *Kain sê toe vir Abel, sy broer: “Kom ons gaan veld toe.”^e Toe hulle in die veld was, het Kain teen Abel, sy broer, opgestaan en hom doodgemaak.

^b**4:1 man verkry:** Daar is deels klankooreenkoms tussen die naam Kain en ‘verkry’ of ‘koop’ in Hebreeus.

* **4:2** Gen 3:23; 9:20

* **4:3-8** Jud vs 11

* **4:4** Heb 11:4

* **4:4 vet:** Num 18:17; Deut 15:19-20

* **4:5** Spr 19:3; Pred 4:4

^c**4:5 hy was terneergedruk:** Die Hebreeuse idioom lui “sy gesig het geval”.

* **4:6** Jona 4:4

* **4:7** Pred 2:26; Miga 7:18; Rom 6:12,14

^d**4:7 jy jou ... optel nie:** Die •bronteks lui “Is (dit) om op te tel”. Daar is onsekerheid oor die presiese betekenis van die Hebreeuse idioom.

* **4:7 Na ... begeerte:** Gen 3:16

* **4:8** Matt 23:35; Luk 11:51; 1 Joh 3:12

^e**4:8 Kom ... toe:** Hierdie woorde kom nie in die bronteks voor nie. Die •Samaritaanse Pentateug en verskillende vroeë vertalings word hier gevolg.

⁹*Die HERE het vir Kain gevra: “Waar is Abel, jou broer?” Hy het geantwoord: “Ek weet nie; is ek dan my broer se oppasser?” ¹⁰*Die HERE het gesê: “Wat het jy gedoen? Die bloed van jou broer bly roep na My vanuit die grond. ¹¹ Daarom, vervloek is jy, verban^f van die grond af — die grond wat sy mond oopgemaak het om die bloed van jou broer uit jou hand te ontvang. ¹²*As jy die grond bewerk, sal dit nie langer sy opbrengs vir jou gee nie. 'n Doellose swerwer sal jy op die aarde wees.”

¹³*Kain het vir die HERE gesê: “My straf is te swaar om te dra. ¹⁴*Kyk, U verdryf my vandag van die grond af, en vir U sal ek moet wegkruip. Ek sal 'n doellose swerwer word op die aarde, en elkeen wat my teëkom, sal my doodmaak.” ¹⁵ Maar die HERE het hom geantwoord: “Goed dan, enige een wat Kain doodmaak — dit sal sewe maal gewreek word.” Die HERE het toe op Kain 'n merkteken* gesit,^g sodat niemand wat hom teëkom, hom sou doodslaan nie.

¹⁶ Kain het toe uit die HERE se teenwoordigheid weggegaan en in die land Nod^h gaan woon, oos van Eden.

¹⁷ Kain het met sy vrou gemeenskap gehad; sy het swanger geword en aan Henog geboorte gegee. Kain was toe besig om 'n stad te bou, en hy het die stad na sy seun Henog vernoem. ¹⁸ Vir Henog is Irad gebore; Irad

* **4:9** Gen 3:9

* **4:10** Num 35:33; Ps 9:13; Jes 26:21; Jer 26:15; Luk 11:51; Heb 12:24; Jak 5:4

^f**4:11 verban:** Letterlik ‘weg’.

* **4:12** Gen 3:17; Lev 26:20; Deut 28:18; Ps 107:34; Spr 28:17

* **4:13** Ps 31:24

* **4:14** Gen 9:6; Num 35:19; Job 15:20-22

* **4:15 merkteken:** Gen 9:12-13; 31:52; Eseg 9:6

^g**4:15 merkteken gesit:** Dit was waarskynlik 'n tatoeëermerk soos dié wat slawe soms gehad het.

^h**4:16 Nod:** Die ligging van die gebied is onseker. Die naam is afgelei van die Hebreeuse werkwoord vir ‘rondswerf’; vgl Gen 4:12,14.

het Megujael verwek, Megujael het Metusael verwek, en Metusael het Lameg verwek. ¹⁹ Lameg het vir hom twee vroue geneem. Die een se naam was Ada, en die tweede se naam was Silla. ²⁰ Ada het aan Jabal geboorte gegee. Hy was die voorvader van hulle wat in tente woon by hulle veeⁱ. ²¹ Die naam van sy broer was Jubal. Hy was die voorvader van almal wat op liere^j en fluite speel. ²² En Silla, ook sy het geboorte gegee — aan Tubal-Kain, 'n smid en die voorvader^k van almal wat brons en yster bewerk. Tubal-Kain se suster was Naäma.

²³ *Lameg het vir sy vroue gesê:

“Ada en Silla, luister na my stem!

Vroue van Lameg, hoor wat ek sê,

want vir 'n wond aan my

maak ek 'n man dood,

'n jong man vir 'n kneusplek aan my!

²⁴ Ja, sewe maal word Kain gewreek,

maar Lameg sewe-en-sewentig maal.”

²⁵ *Adam het weer gemeenskap gehad met sy vrou, en sy het aan 'n seun geboorte gegee. Sy het hom Set genoem, “want,” het sy gesê,^l “vir my het God 'n ander nasaat voorsien in die plek van Abel, omdat Kain hom doodgemaak het.” ²⁶ *En vir Set, ook vir hom is 'n seun gebore. Hy

ⁱ4:20 by hulle vee: Die bronteks lui “en vee”.

^j4:21 liere: Driehoekige snaarinstrumente met vier snare.

^k4:22 voorvader: Hierdie woord kom nie in die bronteks voor nie. Die •Targum word hier gevolg.

* 4:23-24 Lev 19:18; Deut 32:35; Rom 12:19

* 4:25 — 5:32 Luk 3:36-38

^l4:25 het sy gesê: Hierdie woorde kom nie in die bronteks voor nie, maar word veronderstel.

* 4:26 Gen 12:8; 26:25; Eks 3:15; 1 Kon 18:24; Joël 2:32; 1 Kor 1:2

het hom Enos* genoem. In daardie tyd het hulle begin om die Naam van die HERE aan te roep.

5

Van Adam tot Noag

¹*Hier volg 'n lys met die familiegeskiedenis van Adam: Die dag toe God Adam geskep het, het Hy hom as afbeelding van God gemaak.

²*Manlik en vroulik het Hy hulle geskep. Hy het hulle geseën en hulle “mens” genoem, die dag toe Hy hulle geskep het.

³**Toe Adam 130 jaar oud was, het hy 'n seun^m verwek wat 'n afbeelding,* 'n beeld van hom was. Hy het hom Set genoem.

⁴Die lewensdae van Adam was ná Set se geboorte nog 800 jaar, en hy het seuns en dogters verwek.

⁵* Adam het altesaam 930 jaar lank geleef.

⁶*Toe Set 105 jaar oud was, het hy Enos verwek.

⁷Nadat hy Enos verwek het, het Set nog 807 jaar lank geleef; en hy het seuns en dogters verwek.

⁸Set het altesaam 912 jaar lank geleef, en hy het gesterf.

⁹Toe Enos 90 jaar oud was, het hy Kenan verwek.

* **4:26 Enos:** Gen 5:6

* **5:1** Gen 1:26-27; Ef 4:24; Kol 3:10

* **5:2** Matt 19:4; Mark 10:6

* **5:3-32** 1 Kron 1:1-4; Luk 3:36-38

* **5:3** Gen 4:25

^m**5:3 'n seun:** Hierdie woorde kom nie in die bronteks voor nie, maar word veronderstel.

* **5:3 afbeelding:** Gen 1:26; 1 Kor 15:49

* **5:5** Gen 3:19

* **5:6** Gen 4:26

- ¹⁰ Nadat hy Kenan verwek het, het Enos nog 815 jaar lank geleef, en hy het seuns en dogters verwek.
- ¹¹ Enos het altesaam 905 jaar lank geleef, en hy het gesterf.
- ¹² Toe Kenan 70 jaar oud was, het hy Mahalalel verwek.
- ¹³ Nadat hy Mahalalel verwek het, het Kenan nog 840 jaar lank geleef, en hy het seuns en dogters verwek.
- ¹⁴ Kenan het altesaam 910 jaar lank geleef, en hy het gesterf.
- ¹⁵ Toe Mahalalel 65 jaar oud was, het hy Jered verwek.
- ¹⁶ Nadat hy Jered verwek het, het Mahalalel nog 830 jaar lank geleef, en hy het seuns en dogters verwek.
- ¹⁷ Mahalalel het altesaam 895 jaar lank geleef, en hy het gesterf.
- ¹⁸ *Toe Jered 162 jaar oud was, het hy Henog verwek.
- ¹⁹ Nadat hy Henog* verwek het, het Jered nog 800 jaar lank geleef, en hy het seuns en dogters verwek.
- ²⁰ Jered het altesaam 962 jaar lank geleef, en hy het gesterf.
- ²¹ Toe Henog 65 jaar oud was, het hy Metusalag verwek.
- ²² Nadat hy Metusalag verwek het, het Henog driehonderd jaar lank naby God geleef,ⁿ en hy het seuns en dogters verwek.
- ²³ Henog het altesaam 365 jaar lank geleef.^o ²⁴ *Henog het naby God geleef, en hy was nie meer daar nie, want God het hom weggeneem.
- ²⁵ Toe Metusalag 187 jaar oud was, het hy Lameg verwek.
- ²⁶ Nadat hy Lameg verwek het, het Metusalag nog 782 jaar lank

***5:18** Jud vs 14

***5:19 Henog:** 1 Kron 1:3; Luk 3:37; Heb 11:5; Jud vs 14

ⁿ**5:22 naby God geleef:** Letterlik ‘met God (saam)geloop’; vgl Gen 5:24; 6:9; 24:40; 48:15; Job 1:1; Ps 73:28; Miga 6:8; Mal 2:6; 1 Thess 2:12.

^o**5:23 Henog ... lank geleef:** Letterlik ‘Al die dae van Henog was 365 jaar’.

***5:24** 2 Kon 2:9-11; Ps 73:24; Heb 11:5

geleef, en hy het seuns en dogters verwek.

²⁷ Metusalag het altesaam 969 jaar lank geleef, en hy het gesterf.

²⁸ Toe Lameg 182 jaar oud was, het hy 'n seun verwek.

²⁹ Hy het hom Noag genoem en gesê: “Hierdie een sal ons troos^p oor ons werk en die geswoeg met ons hande, oor die grond wat die HERE vervloek het.*”

³⁰ Nadat Lameg Noag verwek het, het hy nog 595 jaar lank geleef, en hy het seuns en dogters verwek.

³¹ Lameg het altesaam 777 jaar lank geleef, en hy het gesterf.

³² *Toe Noag 500 jaar oud was, het hy Sem, Gam en Jafet verwek.

6

Noag en die groot vloed

¹ *Toe die mense meer begin word oor die hele aarde en daar dogters vir hulle gebore is, ² het die hemelwesens^q gesien dat die dogters van die mense mooi was. Hulle het toe vir hulle vroue geneem, wie hulle ook al verkies het.

³ Die HERE het toe gesê: “My gees^r sal nie vir altyd in die mens bly nie, omdat hy ook vlees is.* Sy lewensdae sal honderd-en-twintig jaar wees.”

^p5:29 Noag ... troos: Die naam Noag klink na die woord wat ‘troos’ of ‘rus’ beteken.

*5:29 oor ... vervloek het: Gen 3:17; 4:11; Rom 8:20

*5:32 Gen 6:10; 7:13; 9:18; 10:1

*6:1— 7:24 1 Pet 3:20

^q6:2 hemelwesens: Letterlik ‘seuns van God’; vgl Job 1:6; 2:1.

^r6:3 gees: Dit verwys na die lewensasem wat die HERE aan die mens gee; vgl Gen 2:7; Ps 104:29.

*6:3 hy ook vlees is: Ps 78:39; 90:10; Rom 7:14

⁴ *Die reuse^s was in daardie tyd en ook daarna op die aarde, solank as wat die hemelwesens by die dogters van die mense ingegaan en vir hulleself kinders verwek het. Daardie kinders^t was die helde uit die ou tyd, die beroemde manne.^u

⁵ **Toe die HERE sien dat die boosheid van die mens op die aarde groot is, en dat alles wat hy in sy hart bedink,^v altyd net sleg is, ⁶ *was die HERE jammer dat Hy die mens op die aarde gemaak het. Dit het Hom tot in sy hart gegrief. ⁷ *Toe sê die HERE: “Ek sal die mens wat Ek geskep het, van die aarde af uitwis — mense sowel as diere, ook kruipende diere en die voëls van die hemel, want Ek is jammer dat Ek hulle gemaak het.”

⁸ Maar Noag het guns gevind in die oë van die HERE. ⁹ *Hier volg die familiegeskiedenis van Noag. Noag was 'n •regverdige man, onberispelik in sy optrede tussen sy tydgenote. Hy het naby God geleef.^w ¹⁰ Noag het drie seuns verwek: Sem, Gam en Jafet.

¹¹ Die aarde was deur-en-deur sleg
voor God;
die aarde was vol geweld.

¹² *God het gekyk na die aarde,

* 6:4 Num 13:33; Deut 2:11

*6:4 reuse: Sommige vertalings behou die Hebreeuse woord *nefilim*.

^t6:4 Daardie kinders: Die bronteks lui “hulle”.

^u6:4 beroemde manne: Letterlik ‘manne van naam’.

* 6:5-12 Luk 17:26

* 6:5 Gen 8:21; Ps 14:1-3; Spr 6:18; Matt 15:19; Rom 1:28-32; 7:18

^v6:5 alles ... bedink: Letterlik ‘elke neiging van die gedagtes van sy hart’.

* 6:6 Eks 32:14; 1 Sam 15:11,29; 2 Sam 24:16; Jes 63:10; Ef 4:30

* 6:7 Deut 28:63; 29:20

* 6:9-12 Ps 37:39; Matt 24:37; 1 Pet 3:20

^w6:9 naby God geleef: Letterlik ‘met God (saam)geloop’; vgl Gen 5:22.

* 6:12 Gen 1:31; 18:20-21; Ps 33:13-14; Rom 3:12

en kyk, dit was deur-en-deur sleg;
want alle mense het 'n verderflike pad
geloop op die aarde.

¹³ ** God het vir Noag gesê: “Die einde van alle mense het, volgens my besluit, aangebreek; want deur hulle toedoen is die aarde vol geweld. Kyk, Ek gaan hulle verdelg saam met die aarde. ¹⁴ Maak vir jou 'n ark^x van goferhout. Jy moet die ark maak met verskillende ruimtes en dit van binne en van buite met pik bestryk. ¹⁵ Dit is hoe jy dit moet maak: die lengte van die ark driehonderd •el, sy breedte vyftig el en sy hoogte dertig el.^y ¹⁶ 'n Dak^z moet jy vir die ark maak — een el^a vanaf die boonste rand moet jy dit afrond. Die opening van die ark moet jy aan die sykant insit. 'n Onderste, middelste en derde verdieping moet jy maak. ¹⁷ *En Ek, kyk, Ek gaan vloedwaters oor die aarde bring om alle vlees waarin die asem van lewe is onder die hemel te verdelg. Alles wat op die aarde is, sal omkom. ¹⁸ *Maar met jou sluit Ek my verbond. Jy sal in die ark ingaan, jy en jou seuns en jou vrou en jou seuns se vroue saam met jou. ¹⁹ Van alles wat lewe, van alle vlees, moet jy twee van elk na die ark bring om hulle saam met jou aan die lewe te hou. Manlik en vroulik moet hulle wees. ²⁰ Van elke soort voël, van elke soort dier, van elke soort kruipende dier op die grond, sal twee van elk na jou toe kom om

*6:13 — 7:24 Matt 24:38-39

*6:13-22 Heb 11:7; 2 Pet 2:5

^x6:14 ark: In Hebreeus dui die woord 'n kis aan; vgl Gen 6:15. Dieselfde woord word gebruik vir die mandjie waarin Moses neergelê is; vgl Eks 2:3,5.

^y6:15 300 ... 30 el: Ongeveer 135 x 22,5 x 13,5 m; •Lengtemate.

^z6:16 Dak: In Gen 8:13 word dit 'n deksel genoem.

^a6:16 1 el: Ongeveer 45 cm.

*6:17 Gen 7:21-23

*6:18 Gen 9:9-16; 17:7

aan die lewe te bly. ²¹ *En jy, neem van elke soort kos wat geëet word, en bring dit bymekaar by jou. Dit moet vir jou en vir hulle as kos dien.”

²² *Noag het dit toe gedoen. Presies soos wat God hom beveel het, so het hy gemaak.

7

¹ *Die HERE het toe vir Noag gesê: “Gaan jy en jou hele gesin in die ark in; want in hierdie geslag het Ek net jou voor My regverdig bevind.

² Van al die rein diere^b moet jy vir jou sewe plus sewe neem — telkens 'n manlike een en sy maat; maar van die diere wat nie rein is nie, net twee — 'n manlike een en sy maat; ³ ook van die voëls van die hemel sewe plus sewe, manlik en vroulik, om 'n nageslag lewend te hou oor die hele aarde. ⁴ Want nog net sewe dae, dan gaan Ek dit laat reën oor die aarde vir veertig dae en veertig nagte. Ek sal alles wat bestaan wat Ek gemaak het op die aardbodem uitwis.” ⁵ Noag het toe gedoen soos wat die HERE hom beveel het.

⁶ *Noag was seshonderd jaar oud toe die vloed,^{*} die waters, oor die aarde gekom het. ⁷ Maar Noag, sy seuns, sy vrou en sy skoondogters saam met hom, het die ark binnegegaan voor die waters van die vloed.

⁸ Van die rein diere en die diere wat nie rein is nie, en van die voëls en alles wat op die grond kruip, ⁹ het twee-twee die ark binnegegaan na Noag toe, manlik en vroulik, soos God Noag beveel het.

***6:21** Gen 1:29-30

***6:22** Gen 7:5; Heb 11:7

***7:1** Matt 24:38-39; Luk 17:26-27; Heb 11:7; 1 Pet 3:20

^b**7:2 rein diere:** Dit is diere wat mense mag offer en mag eet; vgl Lev 11:1-31; Deut 14:3-20.

***7:6-23** Luk 17:27

***7:6 vloed:** Gen 6:17

¹⁰ Ná die sewe dae het die waters van die vloed oor die aarde gekom.
¹¹ *In die seshonderdste jaar van Noag se lewe, in die tweede maand, op die sewentiende dag van die maand,^c op daardie dag, het al die fonteine van die groot oerwater^d oopgebreek, en die vensters van die hemel is oopgemaak. ¹² Daar was stortreën op die aarde, veertig dae en veertig nagte lank. ¹³ Op daardie selfde dag het Noag, Noag se seuns Sem, Gam en Jafet, en Noag se vrou en sy drie seuns se vroue saam met hulle, die ark binnegegaan, ¹⁴ hulle en al die soorte wilde en al die soorte mak diere, al die soorte kruipende diere wat op die aarde rondbeweeg, en al die soorte voëls — al die voëls, al die gevleueldes. ¹⁵ Hulle het na Noag toe die ark binnegegaan, twee-twee van alle diere waarin die asem van lewe was. ¹⁶ Dié wat ingegaan het, as manlik en vroulik uit alle diere het hulle ingegaan, soos God hom beveel het. Die HERE het die ingang^e agter hom gesluit.

¹⁷ *Die vloed was veertig dae lank oor die aarde. Die water het meer geword, en dit het die ark opgelig, sodat dit hoog bo die grond was. ¹⁸ Die water het die oorhand gekry en geweldig vermeerder oor die aarde. Die ark het op die oppervlakte van die water rondgedryf. ¹⁹ *Die water het heeltemaal die oorhand gekry oor die aarde. Al die hoë berge onder die

*7:11-21 Ps 74:15; Spr 8:28; Am 9:6; 2 Pet 3:6

^c7:11 2de ... maand: Volgens die herfskalender in die noordelike halfrond, moet dit ongeveer die sewende November wees, wanneer die gereelde winterreëns in Palestina begin.

^d7:11 oerwater: Volgens die wêreldbeeld van daardie tyd het massas water die aarde omring. Die siening was dat hierdie massas water die bestaan van alle lewe bedreig.

^e7:16 die ingang: Hierdie woorde kom nie in die bronteks voor nie, maar word veronderstel.

*7:17 Am 9:6

*7:19 Ps 104:6

ganse hemel is bedek. ²⁰ Vyftien el^f bo hulle het die water gestyg, sodat die berge bedek was. ²¹ Alle diere wat rondbeweeg op die aarde het omgekom — voëls, mak diere, wilde diere, al die diere wat op die aarde wemel, en ook al die mense. ²² Alles wat lewensasem in hulle neuse gehad het, alles wat op droë grond was, het gesterf. ²³ *Hy het alles wat bestaan, wat op die aardbodem was, uitgewis, mense sowel as diere, ook kruipende diere en die voëls van die hemel; hulle is op die aarde uitgewis. Net Noag en dié wat saam met hom in die ark was, het oorgebly. ²⁴ *Die water het honderden-vyftig dae lank die oorhand oor die aarde gehad.

8

¹ *God het aan Noag gedink, ook aan al die wilde en mak diere wat saam met hom in die ark was. Toe het God 'n wind oor die aarde laat waai, en die waters het tot rus gekom. ² *Die fonteine van die oerwater^g en die vensters van die hemel is gesluit, en die stortreën uit die hemel is teruggehou. ³ *Die water het geleidelik van die aarde af teruggevloei.^h Die water het ná verloop van honderden-vyftig dae minder geword. ⁴ In die sewende maand, op die sewentiende dag van die maand,ⁱ het die ark

^f**7:20 15 el:** Ongeveer 6,75 meter; •Lengtemate.

***7:23** Gen 6:17; 8:18; 2 Pet 2:5

***7:24** Gen 8:3

***8:1** Gen 19:29; Eks 14:21; Job 12:15; Ps 115:12

***8:2** Gen 7:11

^g**8:2 oerwater:** Volgens die wêreldbeeld van daardie tyd het massas water die aarde omring. Die siening was dat hierdie massas water die bestaan van alle lewe bedreig.

***8:3** Gen 7:24

^h**8:3 water ... teruggevloei:** Die voorstelling is dat die oerwater weer na hulle plek onder die aarde en agter die hemelgewelf teruggekeer het; vgl Gen 1:7.

ⁱ**8:4 17de ... maand:** Dit is ongeveer die 6de April; vgl die voetnoot by Gen 7:11.

op die Araratberge tot rus gekom. ⁵ Die water het geleidelik minder geword, tot in die tiende maand. In die tiende maand, op die eerste dag van die maand,^j het die toppe van die berge sigbaar geword.

⁶ Ná verloop van veertig dae het Noag die ark se luik wat hy gemaak het, oopgemaak, ⁷ en 'n kraai losgelaat.^k Maar dié het heen en weer bly vlieg totdat die water van die aarde af weggedroog het. ⁸ Toe het Noag 'n duif wat by hom was, losgelaat om te sien of die water oor die aardbodem verminder het. ⁹ Die duif kon nêrens 'n rusplek vir sy pote kry nie, en het na hom teruggekeer in die ark. Daar was immers nog water oor die hele oppervlakte van die aarde. Hy het sy hand uitgesteek, die duif gevang en by hom in die ark ingeneem. ¹⁰ Hy het daarna nog sewe dae gewag en weer die duif uit die ark losgelaat. ¹¹ Die duif het teen laatmiddag na hom teruggekeer; en kyk, daar was 'n vars olyfblaar in sy bek! Noag het toe gewet dat die water oor die aarde verminder het. ¹² Hy het nog sewe dae gewag en die duif losgelaat, maar die duif het nie weer na hom teruggekeer nie.

¹³ In die seshonderd-en-eerste jaar van Noag se lewe,^l op die eerste dag van die eerste maand, was die water van die aarde af weggedroog. Noag het die deksel van die ark verwyder en gesien: Kyk, die grondoppervlak was droog! ¹⁴ In die tweede maand, op die sewe-entwintigste dag van die maand, was die aarde droog.

¹⁵ God het toe met Noag gepraat: ¹⁶ “Gaan uit die ark uit, jy en jou vrou en jou seuns en die vroue van jou seuns saam met jou. ¹⁷ * Al die diere

^j**8:5 1ste ... maand:** Dit is ongeveer die 20ste Junie; vgl die voetnoot by Gen 7:11.

^k**8:7 kraai losgelaat:** In Bybelse tye het skeepvaarders dikwels op skepe voëls losgelaat om uit te vind of daar land naby was.

^l**8:13 van ... lewe:** Hierdie woorde kom nie in die •bronteks voor nie. Die •Septuagint word hier gevolg; vgl Gen 7:6,11.

***8:17** Gen 1:22

wat by jou is, van elke soort — voëls, mak diere, al die kruipende diere wat op die aarde rondbeweeg — laat hulle saam met jou uitgaan, dat hulle op die aarde kan rondbeweeg en vrugbaar wees en vermeerder op die aarde.”

¹⁸*Noag het toe uitgegaan, en sy seuns, sy vrou en die vroue van sy seuns saam met hom. ¹⁹Al die diere, al die kruipende diere en al die voëls, alles wat rondbeweeg op die aarde, het volgens hulle soorte uit die ark uitgegaan.

²⁰Noag het 'n altaar vir die HERE gebou en van al die rein diere^m en rein voëls geneem en op die altaar •brandoffers gebring. ²¹*Die HERE het die geurige offer geruik, en die HERE het in sy hart gesê: “Ek sal nooit weer die grond vervloek vanweë die mens nie, alhoewel die mens se hart van sy jeug af neig na wat boos is.ⁿ Ek sal nooit weer alles wat lewe tref, soos Ek gedoen het nie.

²²*“Al die dae wat die aarde
nog daar is,
sal saaityd en oestyd,
koue en hitte,
somer en winter,
dag en nag nie ophou nie.”

*8:18 2 Pet 2:5

^m8:20 **rein diere:** Dit is diere wat mense mag offer en mag eet; vgl Lev 11:1-31; Deut 14:3-20.

*8:21 Gen 6:5; 9:11,15; Eks 29:18; Lev 1:9; Ps 51:5; Jes 54:9; Rom 1:21; 3:23; 7:18; 2 Kor 2:15; Fil 4:18

ⁿ8:21 **die mens ... boos is:** Letterlik ‘die neiging van die hart van die mens is boos van sy jeug af’. Die hart is beskou as die setel van denke.

*8:22 Ps 74:17; Jer 33:20,25

9

¹*God het Noag en sy seuns geseën en vir hulle gesê: “Wees vrugbaar, vermeerder en vul die aarde. ²Ontslag vir julle en vrees vir julle sal al die wilde diere van die aarde, al die voëls van die hemel, alles wat op die grond rondkruip, en al die visse van die see, vervul. In julle hande is hulle oorgegee. ³*Alles wat beweeg, wat leef — vir julle sal dit as voedsel dien. Soos die groen gewasse, gee Ek dit alles vir julle. ⁴*Slegs vleis met sy lewe in, met sy bloed^o in, mag julle nie eet nie. ⁵*Maar julle bloed, naamlik julle lewens, sal Ek eis: Van elke dier sal Ek dit eis; van die hand van die mens, die hand van een mens teenoor die ander, sal Ek die lewe van 'n mens eis.

⁶“*Hy wat die bloed van 'n mens vergiet, deur die mens sal sy bloed vergiet word; want na die beeld van God het Hy die mens gemaak.

⁷“Julle dan, wees vrugbaar en vermeerder — wemel op die aarde en vermeerder daarop.”

⁸Toe sê God vir Noag en sy seuns by hom: ⁹“*En Ek, kyk, Ek sluit my verbond met julle en julle nageslag ná julle, ¹⁰en met alle lewende wesens wat by julle is — voëls, mak diere, al die wilde diere van die

*9:1 Gen 1:28; 9:7; 35:11

*9:3 Deut 12:15; Rom 14:2; 1 Tim 4:3

*9:4 Lev 7:26; 17:10-16; Deut 12:16,23; Hand 15:20,29

^o9:4 lewe ... bloed: Bloed is beskou as die draer van lewe.

*9:5 Eks 21:12,28-29

*9:6 Gen 1:26-27; Matt 26:52; 1 Kor 11:7

*9:9 Gen 6:18; 8:21-22; 17:2; Lev 26:9

aarde by julle — met alles wat uit die ark uitgegaan het, naamlik al die diere op die aarde. ¹¹ *Ek sluit my verbond met julle: Nooit weer sal alle vlees deur die waters van die vloed uitgeroei word nie; ja, daar sal nie weer 'n vloed wees om die aarde te verdelg nie.”

¹² *God het gesê: “Dit is die verbondsteken wat Ek plaas tussen My en julle en al die lewende wesens by julle, vir toekomstige geslagte: ¹³ My boog plaas Ek in die wolke. Dit sal dien as teken van die verbond tussen My en die aarde. ¹⁴ Wanneer Ek wolke laat saampak oor die aarde, en die boog verskyn in die wolke, ¹⁵ sal Ek my verbond onthou wat daar is tussen My en julle en elke lewende wese, ja, alle vlees. Die waters sal nie weer 'n vloed word om alle vlees te verdelg nie. ¹⁶ Wanneer die boog in die wolke is, sal Ek dit sien, om so herinner te word aan die ewigdurende verbond tussen God en alle lewende wesens, alle vlees wat op die aarde is.”

¹⁷ God het vir Noag gesê: “Dit is dan die teken van die verbond wat Ek gesluit het tussen My en alle vlees wat op die aarde is.”

¹⁸ Die seuns van Noag wat uit die ark gegaan het, was Sem, Gam en Jafet. Gam was die vader van Kanaän. ¹⁹ Hierdie drie was die seuns van Noag, en uit hulle is die hele aarde bevolk.^p

²⁰ Noag, 'n man van die grond, was die eerste wat 'n wingerd geplant het. ²¹ *Hy het van die wyn gedrink, dronk geword en homself kaal uitgetrek in sy tent. ²² *Gam, die vader van Kanaän, het die naaktheid van sy pa gesien en dit buite vir sy twee broers gaan vertel. ²³ Sem en

*9:11 Gen 8:21; Jes 54:9-10

*9:12 Gen 17:11

^p9:19 is ... **bevolk**: Letterlik ‘het die hele aarde versprei’.

*9:21 Spr 20:1

*9:22 Hab 2:15

Jafet neem toe 'n oorkleed, hou dit oor hulle al twee se skouers, gaan agteruit die tent binne en bedek die naaktheid van hulle pa. Hulle gesigte was weggedraai, en die naaktheid van hulle pa het hulle nie gesien nie. ²⁴ Toe Noag uit sy roes^q wakker word en hy besef wat sy jongste seun aan hom gedoen het, ²⁵ het hy gesê:

“Vervloek is Kanaän!
Die laagste slaaf sal hy
vir sy broers wees.”*

²⁶ Hy het ook gesê:

“Die HERE, die God van Sem,
moet geprys word!
Kanaän moet Sem se slaaf wees.

²⁷ Mag God ruimte skep vir Jafet;^r
mag hy woon in die tente van Sem,
en mag Kanaän sy slaaf wees.”

²⁸ Ná die vloed het Noag nog driehonderd-en-vyftig jaar lank geleef.

²⁹ Noag het altesaam negehonderd-en-vyftig jaar lank geleef, en hy het gesterf.

10

¹ Hier volg die familiegeskiedenis van Noag se seuns, Sem, Gam en Jafet. Daar is vir hulle seuns gebore ná die vloed.

^q9:24 sy roes: Letterlik ‘sy wyn’.

*9:25 Vervloek ... wees: Deut 27:16; Jos 9:23

^r9:27 Jafet: Die naam Jafet hou verband met die woorde “ruimte skep”.

² Jafet* se nageslag was

Gomer en Magog, Madai,^s Jawan,^t Tubal, Meseg en Tiras.

³ Gomer se nageslag was

Askenas, Rifat en Togarma.

⁴ Jawan se nageslag was

Elisa, Tarsis, die Kittiërs en Dodaners^u — ⁵ deur hulle is die eilande van die nasies^v bevolk,^w almal in hulle eie lande, elkeen met sy eie taal, volgens hulle grootfamilies, volgens hulle nasies.

⁶ *Gam se nageslag was

Kus,^x Egipte, Put en Kanaän.

⁷ Kus se nageslag was

Seba, Gawila, Sabta, Rama en Sabtega.

Rama se nageslag was

Skeba en Dedan.

⁸ Kus het Nimrod verwek. Hy het begin om as 'n maghebber^y op aarde op te tree. ⁹ Hy was 'n dapper jagter voor die HERE.^z Daarom word daar

***10:2 Jafet:** 1 Kron 1:5; Eseg 38:1-6

^s**10:2 Madai:** Kan ook verwys na Medië.

^t**10:2 Jawan:** Kan ook verwys na Ionië, oftewel Griekeland.

^u**10:4 Dodaners:** 'n Hebreeuse ms, die •Samaritaanse Pentateug en die •Septuagint lui “Rodaners”; vgl 1 Kron 1:7.

^v**10:5 eilande ... nasies:** Die eilande en kusgebiede om die Middellandse See vanaf Klein Asië tot by Spanje.

^w**10:5 bevolk:** Letterlik ‘versprei’ of ‘afgeskei’.

***10:6** 1 Kron 1:8

^x**10:6 Kus:** In Hebreeus die naam van Nubië, 'n gebied suidoos van Egipte, vandag bekend as Soedan.

^y**10:8 maghebber:** Word ook vertaal: “krygsheld”.

^z**10:9 voor die HERE:** Dit is die Hebreeuse manier om te sê dat Nimrod die dapperste jagter in die wêreld was.

gesê: “Soos Nimrod, 'n dapper jagter voor die HERE.”¹⁰ Die kern van sy ryk was Babel, Ereg, Akkad en Kalne in die land Sinar.^{a 11} Uit hierdie gebied het hy na Assur weggetrek en Nineve, Rehobot-Ir en Kalag gebou,¹² en ook Resen, tussen Nineve en Kalag — dit is die groot stad.

¹³*Egipte was die voorvader van die Ludeërs, die Anammers, die Lehabeërs, die Naftugiete,¹⁴* en van die Patrosane en die Kaslugiete — uit wie die Filistyne voortgekom het — en van die Kaftorane.

¹⁵Kanaän het Sidon verwek, sy eersgeborene, en ook Het,¹⁶ en was die voorvader^b van die Jebusiete, die Amoriëte, die Girgasiete,¹⁷ die Hewiete, die Erekiete, die Siniëte,¹⁸ die Arwadters, die Semariërs en die Hamatiëte. Daarna het die grootfamilies van die Kanaäniete versprei,¹⁹ sodat die grondgebied van die Kanaäniete gestrek het van Sidon af in die rigting van Gerar tot by Gasa, en in die rigting van Sodom en Gomorra, Adma en Sebojim tot by Lesa.²⁰ Dit was dan Gam se nageslag, volgens hulle grootfamilies, met hulle eie tale, in hulle eie lande, volgens hulle nasies.

²¹En vir Sem, die ouer broer van Jafet, ook vir hom is seuns gebore. Hy was die stamvader van die hele nageslag van Heber.^c

²²Die nageslag van Sem was
Elam, Assur, Arpagsad, Lud en Aram.

^a**10:10 die land Sinar:** Dit verwys hier waarskynlik na die suidelike Eufraatvlakte.

^{*}**10:13** 1 Kron 1:11-12

^{*}**10:14** Jer 47:4; Am 9:7

^b**10:16 die voorvader:** Hierdie woorde kom nie in die bronteks voor nie, maar word veronderstel.

^c**10:21 nageslag van Heber:** Dit was die •Hebreërs; vgl die voetnoot by Gen 14:13.

²³ Die nageslag van Aram was

Us, Gul, Geter en Mas.

²⁴ *Arpagsad het Selag verwek,

en Selag het Eber verwek.

²⁵ *Vir Eber is twee seuns gebore:

die een se naam was Peleg, want in sy tyd is die aarde verdeel,^d en sy broer se naam was Joktan.

²⁶ Joktan het

Almodad, Selef, Gasarmawet, Jerag, ²⁷ Hadoram, Usal, Dikla,

²⁸ Obal, Abimael, Seba, ²⁹ Ofir, Gawila en Jobab verwek.

Hulle almal was die nageslag van Joktan, ³⁰ en hulle woongebied het gestrek van Mesa af in die rigting van Sefar, die heuweland in die ooste.

³¹ Dit was dan die nageslag van Sem volgens hulle grootfamilies, met hulle eie tale, in hulle eie lande, volgens hulle nasies.

³² *Dit was die grootfamilies van Noag se seuns volgens hulle familiegeskiedenis, volgens hulle nasies. Uit hulle het die nasies oor die aarde versprei ná die vloed.

11

Taalverwarring by Babel

¹ Die hele aarde het een taal gehad en dieselfde woorde. ² *Met hulle

***10:24** Gen 11:12-13; Luk 3:35

***10:25** 1 Kron 1:19

^d**10:25 Peleg ... verdeel:** Die naam hou verband met die werkwoord wat ‘verdeel’ beteken.

***10:32** Gen 9:19

***11:2** Gen 14:1; Dan 1:2

trek na die ooste kom hulle toe af op 'n vallei in die land Sinar^e en gaan woon daar. ³ Hulle het vir mekaar gesê: “Kom ons maak kleistene en bak dit hard.” Die kleistene word toe hulle boustene, en asfalt word hulle messelklei. ⁴ *Hulle sê toe: “Kom ons bou vir ons 'n stad en 'n toring met sy bopunt in die hemel, sodat ons vir onself naam maak;^f anders versprei ons oor die hele aarde.”

⁵ *Maar die HERE het afgedaal om na die stad en die toring te kyk wat die mensekinders bou. ⁶ Die HERE sê toe: “Kyk, dit is een volk, en hulle almal het een taal, en dit is maar die begin van wat hulle gaan doen. Nou sal niks van wat hulle beplan om te doen, vir hulle onmoontlik wees nie. ⁷ Kom, laat Ons^g afgaan en hulle taal daar verwar, dat die een nie die ander se taal verstaan nie.”

⁸ *Die HERE het hulle daarvandaan oor die hele aarde versprei, en hulle het opgehou om die stad te bou. ⁹ Daarom word dit Babel genoem, want daar het die HERE die taal van die hele aarde verwar.^h Daarvandaan het die HERE hulle oor die hele aarde versprei.

Van Sem tot Abram

¹⁰ *Hier volg die familiegeskiedenis van Sem:

Sem was 100 jaar oud toe hy Arpagsad verwek het, twee jaar ná die

^e**11:2 die land Sinar:** Dit verwys hier waarskynlik na die suidelike Eufraatvlakte.

***11:4** Deut 1:28; 9:1

^f**11:4 vir ... maak:** Die name van die bouers sou altyd in die toekoms genoem word.

***11:5** Gen 18:21; Eks 3:8; 19:18

^g**11:7 Ons:** Die meervoudsvorm ‘Ons’ word deur God gebruik wanneer Hy met Homself praat; vgl Gen 1:26; 3:22.

***11:8** Luk 1:51

^h**11:9 Babel ... verwar:** Die naam Babel en die woord “verwar” klink in Hebreeus byna dieselfde.

***11:10-26** Gen 10:22-29; 1 Kron 1:24-27; Luk 3:34-36

- vloed. ¹¹ Nadat hy Arpagsad verwek het, het Sem nog 500 jaar geleef, en hy het seuns en dogters verwek.
- ¹² Arpagsad het vyf-en-dertig jaar geleef, en toe het hy Selag verwek.
- ¹³ Nadat hy Selag verwek het, het Arpagsad nog 403 jaar geleef, en hy het seuns en dogters verwek.
- ¹⁴ Selag het dertig jaar geleef, en toe het hy Heber* verwek. ¹⁵ Nadat hy Heber verwek het, het Selag nog 403 jaar geleef, en hy het seuns en dogters verwek.
- ¹⁶ Heber het vier-en-dertig jaar geleef, en toe het hy Peleg verwek.
- ¹⁷ Nadat hy Peleg verwek het, het Heber nog 430 jaar geleef, en hy het seuns en dogters verwek.
- ¹⁸ Peleg het dertig jaar geleef, en toe het hy Reü verwek. ¹⁹ Nadat hy Reü verwek het, het Peleg nog 209 jaar geleef, en hy het seuns en dogters verwek.
- ²⁰ Reü het twee-en-dertig jaar geleef, en toe het hy Serug verwek.
- ²¹ Nadat hy Serug verwek het, het Reü nog 207 jaar geleef, en hy het seuns en dogters verwek.
- ²² Serug het dertig jaar geleef, en toe het hy Nahor verwek. ²³ Nadat hy Nahor verwek het, het Serug nog 200 jaar geleef, en hy het seuns en dogters verwek.
- ²⁴ *Nahor het nege-en-twintig jaar geleef, en toe het hy Tera verwek.
- ²⁵ Nadat hy Tera verwek het, het Nahor nog 119 jaar geleef, en hy het seuns en dogters verwek.
- ²⁶ Tera het sewentig jaar geleef. Hy het Abram, Nahor en Haran verwek.
- ²⁷ Hier volg die familiegeskiedenis van Tera. Tera het Abram, Nahor en

*11:14 Heber: Gen 10:21

*11:24 Jos 24:2

Haran verwek, en Haran het Lot verwek. ²⁸ *Haran het in Ur van die Galdeërs,ⁱ die land van sy familie, gesterf, terwyl sy vader Tera nog geleef het. ²⁹ Abram en Nahor het vir hulle vroue geneem. Die naam van Abram se vrou was Sarai,* en die naam van Nahor se vrou was Milka.* Sy was 'n dogter van Haran; hy was die vader van Milka en Jiska. ³⁰ Sarai was onvrugbaar; sy het nie 'n kind gehad nie.

³¹ *Tera het sy seun Abram en sy kleinseun Lot, Haran se seun, asook sy skoondogter Sarai, die vrou van sy seun Abram, geneem, en hulle het saam met hom uit Ur van die Galdeërs getrek om na die land Kanaän te gaan. Maar toe hulle by Haran^j kom, het hulle daar gebly. ³² Tera het 205 jaar oud geword. Tera het in Haran gesterf.

12

Roeping van Abram

¹ Die HERE het vir Abram gesê: “Gaan weg uit jou land, weg van jou familie en jou ouerhuis, na die land wat Ek jou sal wys.*

² “*Ek sal jou 'n groot nasie maak;
Ek sal jou seën en jou naam groot maak;
sodat jy 'n seën sal wees.

*11:28 Neh 9:7

ⁱ11:28 Galdeërs: 'n Volksgroep wat in die suide van Mesopotamië tussen die Tigris- en Eufraatriviere gevestig was.

*11:29 Sarai: Gen 17:15

*11:29 Milka: Gen 22:20

*11:31 — 12:1 Hand 7:2,4

^j11:31 Haran: 'n Gebied tussen die bolope van die Tigris en Eufraat, 100 km oos van Karkemis.

*12:1 Gaan ... wys: Gen 15:7; Hand 7:3; Heb 11:8

*12:2 Gen 13:16; 15:5; 17:2,4-6,16; 22:16-17; 26:24; 28:3,14; 35:11; 46:3; 48:4; Eks 1:7; 32:13; Deut 1:10; 2 Kron 1:9; Jes 51:2; Rom 4:18; Heb 11:12

³ *Ek sal hulle seën wat jou seën;

maar wie jou verwens,

sal Ek vervloek.

Met jou as voorbeeld^k

sal al die grootfamilies van die aarde

hulleself seën toewens.^l”

⁴ Abram het gegaan, soos die HERE vir hom gesê het, en Lot het saam met hom gegaan. Abram was vyf-en-sewentig jaar oud met sy vertrek uit Haran. ⁵ *Abram het Sarai, sy vrou, en Lot, sy broerskind, geneem, ook al die besittings wat hulle bekom het, en al die mense wat hulle in Haran verkry het. Hulle het vertrek om na die land Kanaän te gaan en het in die land Kanaän aangekom. ⁶ Abram het deur die land getrek tot by die plek Sigem, tot by die akkerboom van Morê.^m Die Kanaäniete was toe in die land.

⁷ *Die HERE verskyn toe aan Abram en sê: “Aan jou nageslag gee Ek hierdie land.” Hy het toe daar 'n altaar gebou vir die HERE wat aan hom verskyn het. ⁸ Hy het daarvandaan verder getrek na die heuweland oos van Bet-El,^{*} en sy tente opgeslaan tussen Bet-El aan die westekant en Ai aan die oostekant. Daar het hy vir die HERE 'n altaar gebou en die Naam

* **12:3** Gen 18:18; 22:18; 26:4; Hand 3:25; Gal 3:8

^k**12:3** Met ... voorbeeld: Letterlik ‘Deur jou’.

^l**12:3** Met ... toewens: Dit beteken dat die grootfamilies sal sê: “Mag ons so geseënd wees soos Abram!” Word ook vertaal “In jou sal al die geslagte van die aarde geseën word”; vgl Gen 18:18; 26:4; 28:14.

* **12:5** Hand 7:4

^m**12:6** akkerboom van Morê: Dit beteken ‘akkerboom van die leraar’. In Gen 35:4 word dit 'n terebint genoem; vgl ook Deut 11:30; Rig 9:6,37.

* **12:7** Hand 7:5; Gal 3:16

* **12:8** Bet-El: Gen 28:19

van die HERE aangeroop. ⁹ Toe het Abram algaande verder getrek in die rigting van die Negev.ⁿ

Abram in Egipte

¹⁰ Daar was hongersnood in die land, en Abram het na Egipte afgetrek om daar as vreemdeling^o te woon, want die hongersnood was swaar in die land. ¹¹ Toe hulle op die punt was om Egipte binne te gaan, sê Abram vir Sarai, sy vrou: “Kyk, ek weet dat jy 'n beeldskone vrou is. ¹² *En dit gaan gebeur dat, as die Egiptenare jou sien, hulle sal sê, ‘Dit is sy vrou’; en hulle sal my doodmaak en jou laat leef. ¹³ *Sê tog jy is my suster, sodat dit met my goed kan gaan ter wille van jou, en ek aan die lewe kan bly ter wille van jou.”

¹⁴ Toe Abram Egipte binnegaan, het die Egiptenare gesien dat die vrou besonder mooi was. ¹⁵ Die hoë amptenare van die farao het haar gesien en haar by die farao aangeprys. Die vrou is toe na die paleis van die farao geneem. ¹⁶ Hy het aan Abram goed gedoen ter wille van haar: Hy het kleinvee en beeste, donkies, slawe en slavinne, donkiemerries en kamele ontvang.^p

¹⁷ *Maar die HERE het die farao en sy huis met swaar plaë getref oor Sarai, die vrou van Abram. ¹⁸ Die farao ontbied toe vir Abram en sê:

ⁿ**12:9 Negev:** Die dorre, onherbergsame landskap suid van Kanaän — algemeen geassosieer met die Sinai-skiereiland. “Negev” word in Hebreeus ook gebruik as 'n rigtingaanduiding, naamlik “suide, suidwaarts”.

^o**12:10 vreemdeling:** 'n Persoon wat om politieke of ekonomiese redes sy eie land verlaat het en tydelik in 'n ander land woon.

***12:12** Gen 20:1-18; 26:2-11

***12:13** Gen 20:2,12-13

^p**12:16 kleinvee ... ontvang:** Dit was waarskynlik 'n soort bruidsprys wat die broer gekry het vir sy suster in die afwesigheid van 'n pa.

***12:17** 1 Kron 16:21; Ps 105:14-15

“Wat het jy my nou aangedoen? Waarom het jy my nie vertel dat sy jou vrou is nie? ¹⁹Waarom het jy gesê, ‘Sy is my suster’, sodat ek haar vir my as vrou geneem het? Hier is jou vrou dan nou; vat haar en gaan!”
²⁰Die farao het manne opdragte gegee oor hom, en hulle het hom, sy vrou en al sy besittings uitgeleide gedoen.

13

Abram en Lot

¹ Abram het uit Egipte na die Negev^q opgetrek, hy en sy vrou met alles wat aan hom behoort, en Lot saam met hom.

² Abram was 'n baie vermoënde man met vee, silwer en goud. ³*Hy het van staanplek tot staanplek uit die Negev getrek tot by Bet-El, tot by die plek waar sy tent vroeër tussen Bet-El en Ai gestaan het, ⁴ die plek van die altaar wat hy voorheen daar gebou het. Daar het Abram die Naam van die HERE aangeroop.

⁵ Ook Lot, wat saam met Abram getrek het, het kleinvee, beeste en tente gehad. ⁶*Die land kon hulle nie meer dra, sodat hulle saam kon woon nie, want hulle besittings was te veel. Hulle kon net nie meer saam woon^r nie; ⁷* en daar het 'n stryery ontstaan tussen Abram se veewagters en Lot se veewagters. Die Kanaäniete en Feresiete het toe nog in die land gewoon.

^q**13:1 Negev:** Die dorre, onherbergsame landskap suid van Kanaän — algemeen geassosieer met die Sinai-skiereiland.

***13:3-4** Gen 12:7-8

***13:6** Gen 36:7

^r**13:6 saam woon:** Dit verwys waarskynlik na die gebruik dat broers onverdeelde erfgrond saam bewoon en bewerk. Abram behandel Lot dus soos sy broer; vgl Gen 13:8.

***13:7** Gen 26:20

⁸ Abram sê toe vir Lot: “Laat daar tog nie stryd wees tussen my en jou, en tussen my veewagters en jou veewagters nie. Ons is immers broers. ⁹ Lê die hele land nie oop voor jou nie? Trek liewer van my weg. As jy links gaan, sal ek regs gaan; en as jy regs gaan, sal ek links gaan.” ¹⁰ *Lot het rondgekyk en gesien dat daar in die hele Jordaanstreek^s volop water was. Voor die HERE Sodom en Gomorra verdelg het, was dit soos die tuin van die HERE,* en soos Egipteland,* in die rigting van Soar. ¹¹ Lot kies toe vir hom die hele Jordaanstreek. Lot het ooswaarts getrek, en so het hulle van mekaar geskei. ¹² Abram het in die land Kanaän gewoon, en Lot het by die dorpe van die Jordaanstreek gaan woon; hy het sy tente tot by Sodom opgeslaan. ¹³ *Die manne van Sodom was baie sleg en sondig voor die HERE.

¹⁴ Die HERE het egter, nadat Lot van hom af weggetrek het, vir Abram gesê: “Kyk rond! Kyk van die plek waar jy is, na die noorde, die suide, die ooste en die weste; ¹⁵ *want die hele land wat jy sien — aan jou gee Ek dit, en aan jou nageslag vir altyd. ¹⁶ *Ek sal jou nageslag maak soos die stof van die aarde, sodat, as iemand die stof van die aarde kan tel, ook jou nageslag getel sal kan word. ¹⁷ Maak gereed, deurkruis die land in sy lengte en breedte, want aan jou gee Ek dit.”

¹⁸ *Abram het sy tente versit. Hy het by die akkerbome van Mamre, wat by Hebron is, aangekom en daar gewoon. Daar het hy 'n altaar vir die HERE gebou.

* **13:10** Gen 19:24-25

^s **13:10 Jordaanstreek:** Dit is die Jordaan dal noord van die Dooie See.

* **13:10 tuin ... HERE:** Gen 2:8-10

* **13:10 Egipteland:** Deut 11:10

* **13:13** Gen 18:20; Eseg 16:46-50; 2 Pet 2:7-8

* **13:15** Hand 7:5; Gal 3:16

* **13:16** Gen 16:10; 22:16-17; 28:14; Num 23:10

* **13:18** Gen 14:13; 18:1; 23:17-19

14

¹ ^tDit gebeur toe in die dae van Amrafel, koning van Sinar,^u Arjog, koning van Ellasar, Kedorlaomer, koning van Elam, en Tidal, koning van Gojim, ² dat hulle oorlog voer teen Bera, koning van Sodom, Birsa, koning van Gomorra, Sinab, koning van Adma, Semeber, koning van Sebojim, en teen die koning van Bela — dit is Soar. ³ Hulle het almal saam 'n bondgenootskap gevorm in die Siddimvallei, dit is by die •Soutsee.^v

⁴ Twaalf jaar lank het hulle Kedorlaomer gedien, maar in die dertiende jaar het hulle in opstand gekom. ⁵ In die veertiende jaar het Kedorlaomer en die konings wat saam met hom was, toe gekom en die Refaïete verslaan in Asterot-Karnajim, die Susiete in Ham, die Emiete in Sawe-Kirjatajim, ⁶ en die Horiëte in die berge van Seïr tot by El-Paran, wat aan die woestyn grens. ⁷ Hulle het toe teruggedraai en by En-Mispat — dit is Kades — gekom en die hele gebied van die Amalekiete verower, en selfs die Amoriete wat in Gaseson-Tamar woon.

⁸ Die koning van Sodom, die koning van Gomorra, die koning van Adma, die koning van Sebojim en die koning van Bela — dit is Soar — het uitgetrek en gevegslinies in die Siddimvallei opgestel teen hulle, ⁹ teen Kedorlaomer, die koning van Elam, teen Tidal, die koning van Gojim, teen Amrafel, die koning van Sinar en teen Arjog, die koning van Ellasar — vier konings teen vyf. ¹⁰ In die Siddimvallei was daar asfaltput op asfaltput. Die konings van Sodom en Gomorra het gevlug en daarin geval. Dié wat oorgebly het, het die berge in gevlug. ¹¹ Die oorwinnaars

^t**14:1-24** In Hebreeus verskil die styl van hierdie verse van die res van Genesis.

^u**14:1 Sinar:** Dit dui waarskynlik 'n staat in die noorde van die suidelike Eufraatvlakte aan.

^v**14:3 Soutsee:** Die Dooie See; vgl Jos 3:16.

het al die besittings van Sodom en Gomorra en al hulle kos gevat en weggegaan. ¹² Hulle het Lot,^{*} die broerskind van Abram, en sy besittings gevat en weggegaan. Hy het toe in Sodom gewoon. ¹³ Iemand wat ontkom het, het dit vir Abram, die Hebreër,^w vertel. Hy het gewoon by die akkerbome van die Amoriet, Mamre, die broer van Eskol en Aner. Hulle was bondgenote van Abram. ¹⁴ Toe Abram hoor dat sy broer^x weggevoer is, het hy sy onderhoriges, hulle wat in sy huis gebore is,^y bewapen,^z driehonderd-en-agtien man, en die agtervolging volgehou tot by Dan. ¹⁵ In die nag het hy en sy dienaars in verskillende groepe teen die konings verdeel en hulle aangeval. Hy het hulle agtervolg tot by Hoba, wat noord van Damaskus is. ¹⁶ Hy het al die besittings terugbring. Ook Lot, sy broer, het hy saam met sy besittings terugbring, sowel as die vroue en die manskappe.

¹⁷ Ná sy terugkeer, toe hy Kedorlaomer en die konings by hom verslaan het, het die koning van Sodom uitgetrek om hom te ontmoet in die Sawevallei — dit is die vallei van die konings. ¹⁸ ^{**}Melgisedek, die koning van Salem,^a het brood en wyn gebring. Hy was 'n priester van God, die Allerhoogste. ¹⁹ Hy het Abram geseën en gesê:

***14:12 Lot:** Gen 12:5

^w**14:13 Hebreër:** Dit verwys oorspronklik na rondtrekkende nomades wat teen betaling werk gedoen het of gehelp het om oorlog te voer. Later word die woord “Hebreër” deur vreemdelinge gebruik om na Israeliete te verwys; vgl Gen 39:14.

^x**14:14 sy broer:** Vgl die voetnoot by Gen 13:6.

^y**14:14 onderhoriges ... gebore is:** Dit verwys na slawe wat in sy diens gebore is.

^z**14:14 bewapen:** Letterlik ‘leeggemaak’; daar is onsekerheid oor die betekenis van die •bronteks, maar dit verwys waarskynlik na die skede van die swaard wat ‘leeggemaak’ word, sodat die swaard ontbloot is; vgl Eks 15:9; Eseg 5:2.

***14:18-20** Heb 7:1-2

***14:18** Ps 110:4; Heb 5:6; 7:1

^a**14:18 Salem:** 'n Ander naam vir Jerusalem; vgl Ps 76:3.

“Geseënd is Abram deur God,
die Allerhoogste,
skepper van die hemel en die aarde.

²⁰ *God, die Allerhoogste,
moet geprys word,
Hy wat jou teenstanders
in jou hand oorgelewer het.”

Abram het toe vir hom 'n tiende van alles gegee.

²¹ Die koning van Sodom het vir Abram gesê: “Gee vir my die mense;
die besittings kan jy vir jouself vat.” ²² Maar Abram het vir die koning
van Sodom gesê: “Ek lig my hand op^b na die HERE God, die
Allerhoogste, skepper van die hemel en die aarde: ²³ Nie die riempie of
die bandjie van 'n sandaal sal ek vat van enigiets wat aan jou behoort
nie, sodat jy nie kan sê, ‘Ek is die een wat Abram ryk gemaak het’ nie.
²⁴ Sluit my uit! Net wat die jong manne geëet het, en die deel van die
manne wat saam met my gegaan het — Aner, Eskol en Mamre — laat
hulle dan hulle deel kry.”

15

Verbond met Abram

¹ *Ná verloop van tyd^c het die woord van die HERE tot Abram gekom in
'n visioen:

“Moenie bang wees nie, Abram!
Ek is 'n skild vir jou.

***14:20** Lev 27:30; Heb 7:4

^b**14:22** Ek ... op: Dit is 'n simboliese handeling by die aflê van 'n eed; vgl Deut
32:40; Op 10:6.

***15:1** Gen 26:24; Ps 3:4; Dan 10:12; Luk 1:13,30

^c**15:1** Ná ... tyd: Letterlik ‘Ná hierdie gebeure’.

Jou loon is baie groot.”

²Maar Abram het gesê: “HERE, my Heer, wat sal U vir my gee? Kinderloos gaan ek heen. Die erfgenaam^d van my huis is Eliëser van Damaskus.” ³Abram het ook gesê: “Kyk, vir my het U nie 'n nageslag gegee nie. Kyk, 'n seun uit my huishouding^e gaan my erfgenaam wees.”

⁴*Maar kyk, die woord van die HERE kom toe tot Abram: “So iemand sal nie jou erfgenaam wees nie, slegs een wat uit jou liggaam voortkom, hy sal jou erfgenaam wees.” ⁵*Toe neem Hy Abram na buite en sê: “Kyk maar op na die hemel en tel die sterre — as jy in staat is om hulle te tel!” En Hy sê vir hom: “So sal jou nageslag wees.” ⁶*Hy het die HERE geglo. En Hy het dit vir hom as 'n regverdige daad^f toegereken.⁸

⁷*Die HERE het vir hom gesê: “Ek is die HERE wat jou uit Ur van die Galdeërs^h uitgelei het om aan jou hierdie land te gee om dit in besit te neem.” ⁸*Hy het gevra: “HERE, my Heer, waaraan sal ek weet dat ek dit in besit sal neem?” ⁹Toe sê die HERE vir hom: “Bring vir My 'n drie jaar

^d**15:2 erfgenaam:** Letterlik ‘seun van die besit’. Daar is onsekerheid oor die presiese betekenis van die uitdrukking.

^e**15:3 seun ... huishouding:** Dit kan verwys na die kind van 'n slavin wat deel is van die huishouding; vgl Gen 14:14.

***15:4** Gen 17:16

***15:5** Gen 22:16-17; 26:4; Eks 32:13; Deut 1:10; 10:22; 1 Kron 27:23; Neh 9:23; Rom 4:18; Heb 11:12

***15:6** Rom 4:3,9,22; Gal 3:6; Jak 2:23

^f**15:6 regverdige daad:** Word ook vertaal “geregtigheid”.

⁸**15:6 En Hy ... toegereken:** Vgl Ps 106:31. Die •bronteks kan ook vertaal word as “en hy (Abram) het dit vir Hom as 'n weldaad toegereken”.

***15:7** Gen 11:31; 12:1; Neh 9:7-8; Hand 7:2-4

^h**15:7 Galdeërs:** 'n Volksgroep wat in die suide van Mesopotamië tussen die Tigris- en Eufraatriviere gevestig was.

***15:8** Rig 6:36-40; 2 Kon 19:29; 20:8-11; Jes 7:10-14; Luk 1:18

oud verskalf, 'n drie jaar oud bok, 'n drie jaar oud skaapram, 'n tortelduif en 'n jong duif.”¹⁰ *Abram het dit alles vir Hom gebring en middeldeer gesny. Toe plaas hy die dele teenoor mekaar. Die voëls het hy egter nie deurgesny nie.¹¹ Roofvoëls het op die dooie diere toegesak, maar Abram het hulle verwilder.

¹² Toe die son besig is om onder te gaan, het 'n diep slaap Abram oorval. Meteens oorval skrik, 'n groot duisternis, hom.¹³ *Die HERE sê toe vir Abram: “Weet baie goed dat jou nageslag •vreemdelinge sal wees in 'n land wat nie aan hulle behoort nie. Hulle sal daardie mense moet dien, en dié sal hulle verdruk, vierhonderd jaar lank.¹⁴ *Maar ook die nasie vir wie hulle moet dien, gaan Ek oordeel. Daarna sal hulle uittrek met 'n menigte besittings.¹⁵ *En jy, jy sal in vrede na jou voorouers gaan en op 'n hoë ouderdom begrawe word.¹⁶ *Die vierde geslag sal hierheen terugkeer. Want die •Amoriete se sondeskuld het nog nie sy volle maat bereik nie.”

¹⁷ Toe die son ondergegaan het, en dit skemerdonker was — kyk, toe is daar die rook van 'n oond en die vuur van 'n fakkelⁱ wat tussen daardie stukke deurbeweeg.¹⁸ *Op daardie dag het die HERE met Abram 'n verbond gesluit: “Aan jou nageslag gee Ek hierdie land, van die rivier van Egipte af tot by die groot rivier, die Eufraatrivier —¹⁹ die gebied van die Keniete, Kenissiete, Kadmoniete,²⁰ Hetiete, Feresiete, Refaïete,²¹ Amoriete, Kanaäniete, Girgasiете en Jebusiete.”

*15:10 Lev 1:17; Jer 34:18-19

*15:13 Eks 1:11-12; 12:40; Hand 7:6-7; Gal 3:17

*15:14 Eks 7:4; 11:1; 12:12,35-36,38

*15:15 Gen 25:7-8

*15:16 Gen 46:4; Matt 23:32; 1 Thess 2:16

ⁱ15:17 rook ... fakkel: Rook en vuur is verskyningsvorme van God; vgl Eks 13:22; 19:18; Jes 31:9.

*15:18 Gen 12:7; 13:15; 17:8; 24:7; 26:4; Num 34:1-15; Hand 7:5

Geboorte van Ismael

¹ *Sarai, Abram se vrou, het nie vir hom kinders in die wêreld gebring nie. Maar sy het 'n Egiptiese slavin gehad; haar naam was Hagar. ² Sarai sê toe vir Abram: “Kyk, die HERE weerhou my daarvan om kinders te kry. Gaan maar na my slavin; miskien kan ek deur haar 'n familie opbou.” Abram het ingestem tot Sarai se voorstel. ³ *Sarai, Abram se vrou, het toe haar Egiptiese slavin, Hagar, geneem en haar aan haar man Abram as vrou gegee. Dit was nadat Abram al tien jaar lank in die land Kanaän gewoon het. ⁴ Hy het by Hagar ingegaan en sy het swanger geword. Toe sy egter sien dat sy swanger is, was haar meesteres minderwaardig in haar oë. ⁵ *Sarai sê toe vir Abram: “Die onreg wat ek moet verduur, rus op jou. Ek self het my slavin in jou skoot gegee, maar toe sy sien dat sy swanger is, het ek minderwaardig geword in haar oë. Mag die HERE oordeel tussen my en jou.” ⁶ Abram het Sarai geantwoord: “Kyk, jou slavin is in jou hand. Maak met haar soos dit goed is in jou oë.” Daarna het Sarai haar mishandel, en sy het van haar af weggevlug. ⁷ Die Engel van die HERE^k het haar by 'n waterbron in die woestyn,^l by

*16:1 Hand 7:5; Gal 4:24

^j16:2 **deur ... opbou:** Letterlik ‘uit haar gebou word’. Die kind van 'n vrou se slavin, kon as haar eie kind geld.

*16:3-4 1 Sam 1:6-7; Spr 30:23

*16:5 Gen 31:53; 1 Sam 24:13

^k16:7 **Die Engel ... HERE:** Die boodskapdraer en verteenwoordiger van die hemelse hofhouding wat as boodskapper van God direk namens Hom praat. Word ook vertaal “die Boodskapper van die HERE”.

^l16:7 **woestyn:** 'n Verlate, deels onherbergsame gebied, met 'n skaarste aan plantegroei, maar waar kleinvee kon wei.

die fontein op die pad na Sur,^{*} aangetref. ⁸ Hy het vir haar gesê: “Hagar, slavin van Sarai, waarvandaan kom jy en waarheen gaan jy?” Sy het geantwoord: “Ek is aan die vlug, weg van my meesteres Sarai af.” ⁹ Toe sê die Engel van die HERE vir haar: “Gaan terug na jou meesteres en onderwerp jou aan haar gesag.” ¹⁰ *Die Engel van die HERE het vir haar gesê: “Ek sal jou nageslag besonder baie maak, sodat hulle vanweë hulle getalle nie getel kan word nie.” ¹¹ *Die Engel van die HERE het ook vir haar gesê:

“Kyk, jy is swanger en sal aan 'n seun
geboorte gee.

Jy moet hom Ismael noem,
want die HERE het van jou mishandeling
gehoor.^m

¹² *En hy sal 'n wildedonkie
van 'n mens wees:
sy hand teen almal,
en almal se hand teen hom!

In onvrede met al sy broers
sal hy woon.”

***16:7 Sur:** Gen 25:18; Eks 15:22

***16:10** Gen 17:20; 21:13,18; 25:12-18

***16:11** Rig 13:3,5; Jes 7:14; Matt 1:21; Luk 1:31

^m**16:11 Ismael ... gehoor:** Die naam Ismael kan vertaal word “God hoor”.

***16:12** Gen 21:20; 25:18

¹³ *Hagar het toe die naam aangeroep van die HERE wat met haar gepraat het: “U is El-Roï.ⁿ” Want sy het gesê: “Het ek Hom wat my sien,^o ook hier gesien?” ¹⁴ *Daarom word die fontein Beër-Lagai-Roï^p genoem. Dit lê daar tussen Kades en Bered.

¹⁵ *Hagar het vir Abram 'n seun in die wêreld gebring, en Abram het sy seun wat Hagar in die wêreld gebring het, Ismael genoem. ¹⁶ Abram was ses-en-tagtig jaar oud toe Hagar Ismael vir Abram in die wêreld gebring het.

17

Besnydenis

¹ Toe Abram nege-en-negentig jaar oud was, het die HERE aan Abram verskyn en vir hom gesê: “Ek is God, die Almagtige.^q Leef voor My, en wees onberispelik!” ² Ek wil my verbond tussen My en jou bekragtig en jou buitengewoon laat vermeerder.” ³ Abram het neergeval met sy gesig teen die grond, en God het met hom gepraat: ⁴ “Wat My betref, kyk, my verbond met jou is: Jy sal die vader van 'n menigte nasies word. ⁵ *Jy sal nie meer Abram genoem word nie. Jou naam sal Abraham^r wees, want

*16:13 Gen 32:30; Eks 33:20,22-23

ⁿ16:13 El-Roï: Dit kan vertaal word “Die God wat sien”, of “Die God wat my sien”.

^o16:13 Het ek ... sien: Daar is onsekerheid oor die betekenis van die •bronteks.

*16:14 Gen 24:62; 25:11

^p16:14 Beër-Lagai-Roï: Die naam beteken ‘bron van die Lewende wat my sien’.

*16:15 Gal 4:22

^q17:1 Almagtige: In Hebreeus *sjaddai*. Daar is onsekerheid oor die betekenis van die naam; vgl Gen 28:3.

*17:1 onberispelik: Deut 18:13; Ps 15:2

*17:5 Neh 9:7; Rom 4:16-17

^r17:5 Abram ... Abraham: Abram beteken ‘verhewe vader’, en Abraham beteken ‘vader van baie’.

vader van 'n menigte nasies maak Ek jou. ⁶ Ek sal jou besonder vrugbaar maak en jou tot nasies maak. Konings sal uit jou voortkom. ⁷ *Ek sal my verbond tussen My en jou en jou nageslag ná jou handhaaf, deur hulle geslagte heen, as 'n ewige verbond, om vir jou 'n God te wees en vir jou nageslag ná jou. ⁸ *Ek gee aan jou en jou nageslag ná jou die land van jou vreemdelingskap, die hele land Kanaän, as eiendom vir altyd, en Ek sal vir hulle 'n God wees.”

⁹ God het ook vir Abraham gesê: “En jy, my verbond moet jy nakom, jy en jou nageslag ná jou deur hulle geslagte heen. ¹⁰ *En dit is my verbond tussen My en julle en jou nageslag ná jou wat julle moet nakom: Elke manlike persoon onder julle moet besny word. ¹¹ Julle moet besny word aan die vlees van julle voorhuide. Dit sal dien as teken van die verbond tussen My en julle. ¹² *Op die ouderdom van agt dae moet elke manlike persoon by julle besny word, deur al julle geslagte heen — ook 'n kind uit die huishouding,^s en dié wat met geld gekoop is van enige vreemde en wat nie deel is van jou nageslag nie. ¹³ *'n Kind uit die huishouding en dié wat met geld gekoop is, moet beslis besny word. My verbond moet aan julle liggame wees as 'n ewige verbond. ¹⁴ 'n Onbesnede manlike persoon wat nie aan die vlees van sy voorhuid besny is nie — daardie persoon moet van sy mense afgesny word; my verbond het hy verbreek.”

¹⁵ *God het vir Abraham gesê: “Sarai, jou vrou, moet jy nie meer Sarai

*17:7 Lev 26:45; Ps 105:9-10; Luk 1:55,72-73; Gal 3:16; Heb 11:16

*17:8 Eks 6:3,7; Ps 105:11; Hand 7:5

*17:10-13 Joh 7:22; Hand 7:8; Rom 4:11

*17:12 Lev 12:3; Luk 1:59; 2:21; Fil 3:5

^s17:12 kind ... **huishouding**: Dit verwys na kinders wat die eienaar by slavinne verwek, soos Ismael; vgl Gen 16:1-16.

*17:13 Eks 12:44

*17:15-17 Jes 51:2; Gal 4:21-31; Heb 11:11

noem nie; want haar naam moet Sara^t wees. ¹⁶ *Ek sal haar seën, en boonop sal Ek uit haar vir jou 'n seun gee. Ek sal haar seën, en sy sal tot nasies word; konings van volke sal uit haar voortkom.” ¹⁷ *Abraham het neergeval met sy gesig teen die grond, maar hy het gelag en by homself gesê: “Kan daar vir 'n honderdjarige 'n kind gebore word? Of sal Sara, 'n negentigjarige, kan geboorte skenk?” ¹⁸ Toe sê Abraham vir God: “As Ismael maar net voor U kan leef!” ¹⁹ Maar God het gesê: “Inteendeel, Sara, jou vrou gaan vir jou 'n seun in die wêreld bring, en jy moet hom Isak^u noem. Ek sal my verbond met hom handhaaf, as 'n ewige verbond vir sy nageslag ná hom. ²⁰ *Wat Ismael betref: Ek het jou verhoor. Kyk, Ek sal hom seën, hom vrugbaar maak en hom buitengewoon talryk maak. Twaalf leiers sal hy verwek, en Ek sal hom 'n groot nasie maak. ²¹ *Maar my verbond sal Ek handhaaf met Isak, wat Sara teen hierdie tyd volgende jaar vir jou in die wêreld sal bring.” ²² *Nadat Hy klaar met hom gepraat het, het God opgevaar, weg van Abraham af.

²³ Abraham het sy seun Ismael geneem, ook al die kinders uit sy huishouding* en almal wat met sy geld gekoop is, elke manlike persoon onder die mense van Abraham se huishouding, en hy het die vlees van hulle voorhuide besny — nog daardie selfde dag, soos God vir hom gesê het. ²⁴ Abraham was nege-en-negentig jaar oud toe hy besny is aan die

^t**17:15 Sara:** Sara beteken ‘vorstin’.

***17:16** Gen 18:10; 21:1

***17:17** Gen 18:12; Rom 4:19

^u**17:19 Isak:** Die naam beteken ‘hy lag’; vgl Gen 17:17; 18:13-15; 21:6.

***17:20** Gen 25:12-18

***17:21** Gen 18:10,14; 26:2-5

***17:22** Gen 18:33; 35:13

***17:23 kinders ... huishouding:** Vgl Gen 17:12

vlees van sy voorhuid, ²⁵ en sy seun Ismael was dertien jaar oud^v toe hy besny is aan die vlees van sy voorhuid. ²⁶ Op dieselfde dag is Abraham en sy seun Ismael besny, ²⁷ en ook al die manne van sy huishouding, die kinders uit sy huishouding en dié wat met geld gekoop is van vreemdes. Hulle is saam met hom besny.

18

Sodom en Gomorra

¹ ******Die HERE het aan Abraham verskyn by die akkerbome van Mamre terwyl hy op die hitte van die dag by die ingang van sy tent sit. ² Toe hy opkyk, sien hy skielik drie mans naby hom staan. Toe hy hulle sien, hardloop hy hulle tegemoet van die ingang van die tent af en buig laag teen die grond. ³ Hy sê toe: “My heer, as ek guns vind in u oë, moet dan asseblief nie by u dienaar verbygaan nie. ⁴ *****Laat daar 'n bietjie water gehaal word; en was u voete. Maak u dan gemaklik onder die boom. ⁵ Laat ek 'n stukkie brood bring, en versterk u innerlike, waarna u verder kan gaan; want juis daarom het u by u dienaar langs gekom.” Hulle het geantwoord: “Maak gerus soos u sê.”

⁶ Abraham gaan toe haastig in die tent in na Sara toe en sê: “Neem gou drie sea^w meel, gesifte meel;^x knie dit en bak roosterkoeke!”

⁷ Daarna hardloop Abraham na die beste, neem 'n jong bulkalf, met sagte, goeie vleis, en gee dit vir sy dienaar, en hy het dit gou voorberei.

^v**17:25 Ismael ... oud:** In die Arabiese wêreld word seuns aan die begin van puberteit, op ongeveer 13-jarige ouderdom, besny.

^{*}**18:1-8** Heb 13:2

^{*}**18:1** Gen 13:18; 23:17-19

^{*}**18:4** Luk 7:44; Joh 13:14

^w**18:6 3 sea:** Ongeveer 22 ℓ; •Inhoudsmate.

^x**18:6 gesifte meel:** Dit verwys na meel van hoë gehalte.

⁸ Hy neem toe botter, melk en die bulkalf wat voorberei is, en sit dit aan hulle voor. Terwyl hy by hulle onder die boom staan, het hulle geëet.

⁹ Hulle het vir hom gevra: “Waar is Sara, jou vrou?” Hy het geantwoord: “Daar in die tent.” ¹⁰ *Toe sê een: “Ek sal beslis na jou terugkom wanneer die seisoen draai.^y Kyk, Sara, jou vrou, sal dan 'n seun hê.”

Sara het gestaan en luister by die ingang van die tent, wat agter hom was. ¹¹ * Abraham en Sara was al oud, gevorderd in jare. Vir Sara het wat maandeliks met vroue gebeur, reeds opgehou. ¹² * Sy het in haar binneste gelag en gedink: “Kan ek nog seksuele begeertes hê, noudat ek al afgetakel en my man oud is?”

¹³ Toe vra die HERE vir Abraham: “Waarom het Sara gelag en dink sy, ‘Sal ek werklik nog geboorte kan gee terwyl ek al oud is?’ ¹⁴ * Is enigiets te wonderbaarlik vir die HERE? Op die vasgestelde tyd wanneer die seisoen draai, sal Ek na jou toe terugkom, en dan sal Sara 'n seun hê.”

¹⁵ Sara het dit egter ontken en gesê: “Ek het nie gelag nie,” want sy was bang. Hy het gesê: “Nee, maar jy hét gelag.”

¹⁶ Die manne het daar opgestaan en afgekyk in die rigting van Sodom. Abraham het saam met hulle gestap om hulle weg te sien.

¹⁷ * Die HERE het gesê: “Sal Ek vir Abraham geheim hou wat Ek gaan

***18:10** Gen 21:1-2; Rom 9:9

^y**18:10** **wanneer ... draai:** Letterlik ‘teen die tyd van herlewing’. Dit verwys waarskynlik na die begin van die reëntyd in die herfs.

***18:11-14** Luk 1:18; Rom 4:19; Heb 11:11

***18:12** Luk 1:18; 1 Pet 3:6

***18:14** Job 42:2; Jer 32:17,27; Sag 8:6; Matt 19:26; Mark 10:27; Luk 1:37

***18:17** Am 3:7; Joh 15:15

doen, ¹⁸* terwyl Abraham beslis 'n groot en magtige nasie gaan word, en al die nasies van die aarde met hom as voorbeeld hulleself seën sal toewens?^z ¹⁹* Want Ek het hom gekies, sodat hy opdragte kan gee aan sy kinders en sy huishouding ná hom, en hulle dan by die pad van die HERE kan hou deur te doen wat reg en billik is, sodat die HERE met Abraham kan laat gebeur wat Hy aan hom beloof het.”

²⁰** Die HERE sê toe: “Die hulpgeroep oor Sodom en Gomorra is werklik groot, en hulle sonde is werklik uitermate swaar. ²¹ Ek wil afgaan en kyk of wat hulle gedoen het, volledig ooreenstem met die noodkreet oor die stad wat tot My gekom het, en indien nie, dan wil Ek dit weet.”

²² Die manne het daarvandaan weggedraai en na Sodom gegaan. Maar Abraham het nog voor die HERE bly staan.^a ²³* Abraham gaan toe nader en vra: “Gaan U werklik •regverdiges saam met •goddeloses verdelg? ²⁴ Miskien is daar vyftig regverdiges in die stad; sal U nogtans die stad verdelg en nie die plek vergewe ter wille van die vyftig regverdiges wat daarin is nie? ²⁵* U sal tog nooit^b so iets doen nie — om regverdiges

***18:18** Hand 3:25; Rom 4:13; Gal 3:8

^z**18:18 en al ... toewens:** Dit beteken dat die al nasies sal sê: “Mag ons so geseënd wees soos Abraham.” Word ook vertaal “in jou sal al die nasies van die aarde geseën word”; vgl Gen 12:3.

***18:19** Deut 6:6-7

***18:20 — 19:28** Matt 10:15

***18:20** Deut 32:32; Luk 17:28; Op 18:15

^a**18:22 Maar ... staan:** Hierdie sin het oorspronklik gelui “Maar die HERE het nog voor Abraham bly staan.” Dit is egter verander deur die oorlewers van die teks, aangesien “staan voor” in Hebreeus kan beteken ‘gereed staan (om te dien)’.

***18:23** Num 16:22; 2 Sam 24:17; Ps 11:4-7

***18:25** Deut 32:4; Job 8:3; Ps 94:2; Hand 10:42; Rom 3:5-6; Heb 12:23

^b**18:25 U sal tog nooit:** Die Hebreeuse idioom vir hierdie uitdrukking, wat twee keer hier voorkom, lui “Mag dit ver van U wees.”

saam met goddeloses te laat sterf, asof regverdiges soos goddeloses is! U sal tog nooit! Sal die regter van die hele aarde dan nie reg laat geskied nie?” ²⁶ Die HERE het Abraham geantwoord: “As Ek in Sodom, in die stad, vyftig regverdiges vind, sal Ek die hele plek vergewe ter wille van hulle.” ²⁷ Abraham antwoord toe en sê: “Kyk, ek het my verstout om met my Heer te praat, terwyl ek stof en as is. ²⁸ Dalk ontbreek vyf van die vyftig regverdiges. Sal U net oor vyf die hele stad verdelg?” Hy het geantwoord: “Ek sal dit nie verdelg as Ek daar vyf-en-veertig regverdiges vind nie.”

²⁹ Abraham het toe voortgegaan om met die HERE te praat; hy het gesê: “Miskien word daar veertig gevind?” Die HERE het geantwoord: “Ter wille van die veertig sal Ek dit nie doen nie.”

³⁰ Daarop sê hy: “My Heer moet tog nie kwaad word nie! Ek wil nog praat; dalk word daar dertig gevind.” Die HERE het gesê: “Ek sal dit nie doen as Ek dertig daar vind nie.”

³¹ Abraham sê toe: “Kyk, ek het dit gewaag om met my Heer te praat. Dalk word daar twintig gevind?” Hy het geantwoord: “Ter wille van twintig sal Ek die stad nie verdelg nie.”

³² Toe sê hy: “My Heer moet tog nie kwaad word nie! Ek wil nog net dié keer praat. Dalk word daar tien gevind.” Die HERE het gesê: “Ter wille van die tien sal Ek dit nie verdelg nie.” ³³ Die HERE het weggegaan toe Hy klaar met Abraham gepraat het. En Abraham het teruggegaan na sy woonplek.

19

¹ **Die twee engele het teen die aand in Sodom aangekom terwyl Lot in die stadspoort van Sodom sit. Toe Lot hulle sien, staan hy op, gaan hulle tegemoet en buig laag met sy gesig na die grond. ² Hy sê toe: “Ag, menere, draai asseblief af na die huis van u dienaar, bly die nag oor en was u voete! U kan vroeg opstaan en op u pad gaan.” Maar hulle het gesê: “Nee, ons sal hier in die oop ruimte oornag.” ³ Hy het egter ernstig by hulle daarop aangedring, en hulle het na hom afgedraai en by sy huis aangekom. Hy het vir hulle 'n maaltyd voorberei en ongesuurde brode gebak, en hulle het geëet.

⁴ *Voordat hulle gaan slaap, kom die manne van die stad, die manne van Sodom, van oral oor na die huis, jonk en oud, al die mense, sonder uitsondering. ⁵ *Hulle roep toe na Lot en sê vir hom: “Waar is die mans wat vannag by jou aangekom het? Bring hulle uit na ons toe, sodat ons met hulle gemeenskap kan hê!” ⁶ Lot het na hulle uitgegaan, na die ingang,^c en die deur agter hom toegemaak. ⁷ Hy het gesê: “My broers, moet asseblief nie iets slegs doen nie! ⁸ Kyk, ek het twee dogters wat nog nie met 'n man gemeenskap gehad het nie. Laat ek hulle liever na julle uitbring. Maak dan met hulle soos dit goed is in julle oë. Net aan hierdie mans moet julle nie iets doen nie, want juis daarom het hulle onder die skadu van my dak ingekom.”

⁹ Maar hulle het gesê: “Gee pad daar!” Verder sê hulle: “Hierdie man het gekom om as •vreemdeling hier te woon, en hy wil sowaar 'n

*19:1-16 Luk 17:28; 2 Pet 2:7

*19:1-3 Heb 13:2

*19:4-25 Jud vs 7

*19:5 Lev 18:22; Rig 19:22

^c19:6 die ingang: Dit verwys na die deur by die straat wat toegang verleen tot die voorhof van die huis.

oordeel vel! Nou sal ons jou meer kwaad aandoen as vir hulle!” Hulle het heftig aangedring by die man, by Lot, en nader beweeg om die deur af te breek. ¹⁰ Maar die mans het hulle hande uitgesteek, Lot na hulle toe ingetrek en die deur gesluit. ¹¹ *Hulle het ook die mans wat by die ingang van die huis was, van klein tot groot, met blindheid geslaan. Die mans het toe maar opgegee om die deur te probeer vind.

¹² Die mans vra toe vir Lot: “Wie van jou mense is nog hier in die stad — 'n skoonseun, jou seuns, jou dogters, of enige iemand van jou? Neem hulle uit hierdie plek, ¹³ *want ons gaan hierdie plek verdelg. Ja, die noodkreet teen hulle^d by die HERE is groot, en die HERE het ons gestuur om die stad te verdelg.” ¹⁴ *Lot het uitgegaan en met sy skoonseuns, wat sy dogters as vrou sou neem,^e gepraat. Hy het gesê: “Maak gereed en gaan uit hierdie plek uit! Want die HERE gaan die stad verdelg.” Maar in sy skoonseuns se oë was dit asof hy gekskeer.

¹⁵ *Net toe die dag breek, het die engele Lot aangespoor: “Staan op! Neem jou vrou en jou twee dogters wat hier is, anders word julle meegesleur oor die sondeskuld van die stad.” ¹⁶ *Hy het nog gehuiwer, toe gryp die mans hom, sy vrou en sy twee dogters aan die hand, omdat die HERE Hom oor hom ontferm het. Hulle het hom uitgelei en buite die stad gelaat. ¹⁷ *Net nadat hulle hulle na buite uitgelei het, sê een van die mans: “Vlug vir jou lewe! Moenie omkyk nie, en moet nêrens in die hele

*19:11 Deut 28:28-29; 2 Kon 6:18; Hand 13:11

*19:13 Gen 18:20-21

^d19:13 teen hulle: Dit verwys na die inwoners van die stad.

*19:14 Num 16:21,45; Jer 51:6; Op 18:4

^e19:14 skoonseuns ... neem: Wanneer die bruidsprys betaal is, word hulle reeds skoonseuns genoem.

*19:15-29 Luk 17:28

*19:16 Eks 34:7; 2 Pet 2:7

*19:17 Gen 13:10-11; Luk 17:31-32

Jordaanstreek^f bly staan nie. Vlug na die berge, anders word jy meegesleur.”¹⁸ Maar Lot het vir hulle gesê: “Asseblief nie, my Heer!⁸

¹⁹ Kyk, u dienskneg het guns gevind in u oë, en U het u troue liefde oorvloedig aan my bewys deur my te laat leef. Ek sal egter nie na die berge kan ontvlug sonder dat die onheil my inhaal en ek sterf nie.

²⁰ Kyk, hierdie dorp is naby genoeg om daarheen te kan vlug, en dit is 'n klein dorpie. Ek wil graag daarheen ontvlug; dit is mos maar klein; dan kan ek my lewe behou.”

²¹ Hy het hom geantwoord: “Kyk, Ek sal jou ook in hierdie saak tegemoetkom^h deur nie die dorp waarvan jy praat, te verwoes nie.

²² Vlug vinnig daarheen, want Ek kan niks doen voordat jy daar aankom nie.” Daarom word die dorp Soarⁱ genoem.

²³ Die son het oor die aarde opgekom toe Lot in Soar aankom. ²⁴ *Die HERE het op Sodom en Gomorra swael en vuur laat reën wat van die HERE af uit die hemelruim kom. ²⁵ Hy het hierdie stede verwoes en die hele Jordaanstreek — al die inwoners van die stede en ook wat uit die grond spruit. ²⁶ *Sy vrou het egter omgekyk, en sy het 'n soutpilaar geword.

²⁷ Abraham is vroeg die oggend na die plek waar hy voor die HERE gestaan het. ²⁸ *Hy het afgekyk oor Sodom en Gomorra en oor die hele gebied van die Jordaanstreek, en gesien daar styg rook op uit die land,

^f**19:17 Jordaanstreek:** Dit is die Jordaandal, noord van die Dooie See.

^g**19:18 my Heer:** Kan ook vertaal word “menere”; vgl Gen 19:2.

^h**19:21 jou ... tegemoetkom:** Die Hebreeuse idioom lui “jou gesig oplig”.

ⁱ**19:22 Soar:** Dit beteken ‘klein’.

***19:24** Deut 29:23; 32:32; Jes 1:9; 13:19; Jer 20:16; 49:18; 50:40; Klaagl 4:6; Eseg 16:50; Hos 11:8; Am 4:11; Sef 2:9; Matt 11:23; Luk 10:12; 2 Pet 2:6; Op 14:10; 20:10; 21:8

***19:26** Luk 17:31-32

***19:28** Op 9:2

soos die rook uit 'n smeltoond. ²⁹ Toe God die stede van die Jordaanstreek verdelg het, het God aan Abraham gedink, en Lot weggestuur uit die verwoesting, toe Hy die stede waarin Lot gewoon het, verwoes het.

³⁰ Lot het uit Soar opgetrek en in die bergland gaan woon. Sy twee dogters was saam met hom, want hy was bang om in Soar te bly. Hy het hom in 'n grot gevestig, hy en sy twee dogters. ³¹ Die oudste dogter sê toe vir die jonger een: “Ons pa is al oud, en in dié land is daar nie 'n man wat by ons kan ingaan, soos dit die gebruik in die hele wêreld is nie. ³² *Kom ons laat ons pa wyn drink, sodat ons by hom kan gaan lê, en ons uit ons pa 'n nageslag in die lewe kan bring.” ³³ Daardie nag het hulle hulle pa wyn laat drink; en die oudste het ingegaan en by haar pa gaan lê. Hy het nie iets agtergekom toe sy gaan lê en opstaan nie. ³⁴ Die volgende dag sê die oudste toe vir die jongste: “Kyk, ek het verlede nag by ons pa geslaap. Kom ons gee hom ook vannag wyn; gaan jy dan in en lê by hom, sodat ons uit ons pa 'n nageslag in die lewe kan bring.” ³⁵ Hulle het toe ook daardie nag hulle pa laat wyn drink, en die jongste het opgestaan en by hom gaan lê. Hy het nie iets agtergekom toe sy gaan lê en opstaan nie. ³⁶ So het die twee dogters van Lot swanger geraak by hulle pa. ³⁷ *Die oudste het aan 'n seun geboorte gegee, en sy het hom Moab genoem. Hy is die stamvader van die Moabiete, tot vandag toe. ³⁸ *En die jongste, ook sy het aan 'n seun geboorte gegee en hom Ben-Ammi genoem. Hy is die stamvader van die Ammoniete, tot vandag toe.

*19:32 Lev 18:6; 20:12; Deut 23:2-7; Luk 21:34

*19:37 Deut 2:9

*19:38 Deut 2:19

Abraham en Sara in Gerar

¹ *Abraham het daarvandaan na die gebied van die Negev^j getrek en tussen Kades en Sur gaan woon. Terwyl hy as •vreemdeling in Gerar gewoon het, ² *het Abraham oor Sara, sy vrou, gesê: “Sy is my suster.” Abimeleg, die koning van Gerar, het Sara laat haal. ³ *Maar God het in 'n nagtelike droom na Abimeleg gekom en vir hom gesê: “Kyk, jy gaan sterf oor die vrou wat jy geneem het, want sy behoort aan 'n man.” ⁴ Abimeleg het egter nog nie naby haar gekom nie, en vra toe: “My Heer, sal U dan selfs 'n regverdige nasie ombring? ⁵ *Het hy self dan nie vir my gesê, ‘Sy is my suster’ nie? En sy, ook sy het gesê, ‘Hy is my broer.’ Met 'n eerlike hart en met rein hande het ek hierdie ding gedoen.” ⁶ God het vir hom in sy droom gesê: “Ook Ek weet dat jy hierdie ding met 'n eerlike hart gedoen het. En Ek het jou dan ook daarvan weerhou om teen My te sondig. Daarom het Ek jou nie toegelaat om aan haar te raak nie. ⁷ *Gee nou die man se vrou terug. Hy is immers 'n profeet, en hy sal vir jou bid, sodat jy kan bly leef. Maar as jy haar nie teruggee nie — weet dan dat jy beslis sal sterf, jy en almal wat aan jou behoort.”

⁸ Abimeleg het vroeg die oggend opgestaan en al sy dienaars ontbied. Voor hulle ore het hy die hele gebeure oorvertel. Die manne het baie

*20:1 Gen 18:1

^j20:1 Negev: Die dorre, onherbergsame landskap suid van Kanaän — algemeen geassosieer met die Sinai-skiereiland. “Negev” word in Hebreeus ook gebruik as 'n rigtingaanduiding, naamlik “suide, suidwaarts”.

*20:2 Gen 12:13; 20:12; 26:7

*20:3 Gen 12:17; 28:12-13; 31:10-11,24; Num 12:6; 1 Kon 3:5

*20:5 Gen 20:6,17

*20:7 Num 16:32-33; Jos 7:24-26; 1 Sam 7:5,8; 1 Kon 13:6; Job 42:8; Jes 37:4; Jer 15:1; Dan 6:25; Jak 5:16

bang geword. ⁹ *Toe ontbied Abimeleg vir Abraham en vra vir hom: “Wat het jy ons aangedoen? Wat het ek teen jou verkeerd gedoen dat jy oor my en my koninkryk so 'n groot skuld gebring het? Dinge wat nie moes gebeur nie, het jy my aangedoen.” ¹⁰ Abimeleg het verder vir Abraham gevra: “Wat het jy voor oë gehad toe jy hierdie ding gedoen het?” ¹¹ *Abraham het geantwoord: “Dit is omdat ek gedink het daar is geen ontsag vir God op hierdie plek nie, en dat hulle my sal doodmaak oor my vrou. ¹² *Bowendien, sy is inderdaad my suster, sy is die dogter van my pa, net nie die dogter van my ma nie; en sy het my vrou geword. ¹³ *En toe God my laat rondswerf het, weg van my familie, het ek vir haar gesê, ‘Dit is jou trou wat jy aan my moet bewys; op elke plek waar ons kom, moet jy van my sê: “Hy is my broer.” ’ ’ ”

¹⁴ *Abimeleg het kleinvee, beeste, slawe en slavinne geneem en dit vir Abraham gegee; en hy het Sara, sy vrou, aan hom terugbesorg.

¹⁵ *Abimeleg het gesê: “Kyk, my land lê oop voor jou. Woon waar ook al dit goed is in jou oë.” ¹⁶ Vir Sara het hy gesê: “Kyk, ek gee vir jou broer duisend silwerstukke.^k Kyk, dit is 'n teken van jou eerbaarheid^l vir almal wat by jou is. By almal is jy geregverdig.”

¹⁷ *Abraham het toe tot God gebid, en God het Abimeleg genees, ook sy

*20:9 Gen 12:19; 26:9

*20:11 Gen 26:7

*20:12 Gen 20:2

*20:13 Gen 12:13

*20:14 Gen 12:16

*20:15 Gen 13:9; 34:10

^k20:16 1 000 silwerstukke: Ongeveer 11,4 kg; •Geldeenhede.

^l20:16 teken ... eerbaarheid: Letterlik ‘bedekking van die oë’. Daar is onsekerheid oor die betekenis van hierdie Hebreeuse idioom, en dit word verskillend vertaal.

*20:17 Num 12:13; 21:7; Jak 5:16

vrou en sy slavinne, en hulle kon weer kinders kry; ¹⁸* want die HERE het elke moederskoot in Abimeleg se huis volkome gesluit oor Sara, Abraham se vrou.

21

Isak en Ismael

¹* Die HERE het na Sara omgesien soos Hy gesê het, en die HERE het aan haar gedoen soos Hy beloop het. ²* Sara het swanger geword en vir Abraham op sy oudag 'n seun in die wêreld gebring. Dit was op die bestemde tyd, soos God hom beloop het. ³* Abraham het die seun wat vir hom gebore is, wat Sara vir hom in die wêreld gebring het, Isak^m genoem. ⁴* Abraham het sy seun Isak besny toe hy agt dae oud was, soos God hom beveel het. ⁵* Abraham was honderd jaar oud toe sy seun Isak vir hom in die wêreld gebring is. ⁶* Sara het gesê: “'n Lag het God vir my beskik. Elkeen wat dit hoor, sal my toelag.” ⁷ Verder sê sy: “Wie sou vir Abraham kon aankondig, ‘Sara laat kinders aan haar drink’? Want ek het vir hom op sy ouderdom 'n seun in die wêreld gebring.”

⁸ Die kind het gegroei en is gespeen. Abraham het op die dag toe Isak gespeen is, 'n groot feesmaal gehou. ⁹* Sara sien toe dat Hagar, die Egiptiese vrou, se seun, wat sy vir Abraham in die wêreld gebring het,

*20:18 Gen 12:17

*21:1 Gen 17:16; 1 Sam 2:21

*21:2 Gal 4:23; Heb 11:11

*21:3 Gen 17:19; Matt 1:2; Luk 3:34

^m21:3 Isak: Die naam beteken ‘hy lag’.

*21:4 Gen 17:10,12; Hand 7:8

*21:5 Gen 17:17; Rom 4:19

*21:6 Gen 18:12-15; Jes 54:1; Gal 4:27

*21:9 Gen 16:15; Gal 4:29

spottend lag. ¹⁰ *Sy het vir Abraham gesê: “Jaag hierdie slavin en haar seun weg, want die seun van hierdie slavin mag nie saam met my seun, saam met Isak, erf nie.” ¹¹ *Maar die saak was heeltemal verkeerd in Abraham se oë, omdat dit sy seun was. ¹² *God het egter vir Abraham gesê: “Laat die saak van die seun en jou slavin nie verkeerd wees in jou oë nie. Alles wat Sara vir jou sê — luister na haar! Want daar sal na jou nageslag met die naam van Isak verwys word. ¹³ *Maar ook die seun van die slavin sal Ek tot 'n nasie maak, omdat hy jou nageslag is.”

¹⁴ Abraham het die môre vroeg opgestaan. Hy neem toe brood en 'n sak water, en gee dit vir Hagar. Hy het dit op haar skouer gesit en ook die kind, en haar toe weggestuur. Sy het vertrek, en in die woestynⁿ van Berseba^o rondgedwaal.

¹⁵ Toe die water in die sak opraak, het sy die kind onder een van die struik neergesit. ¹⁶ *Sy loop toe en gaan sit aan die ander kant, so ver weg as wat mens met 'n pyl kan skiet, want sy het gedink: “Ek wil nie die dood van die kind aanskou nie.” Terwyl sy so daar sit, het sy hardop begin huil. ¹⁷ *God het die seun se gehuil gehoor. Toe roep die Engel van God^p na Hagar uit die hemel en vra vir haar: “Wat is fout, Hagar?^q

*21:10 Gal 4:30

*21:11 Gen 17:18

*21:12 Rom 9:7; Heb 11:18

*21:13 Gen 16:10; 21:18; 25:12-18

ⁿ21:14 **woestyn:** 'n Verlate, deels onherbergsame gebied, met 'n skaarste aan plantegroei, maar waar kleinvee kon wei.

^o21:14 **Berseba:** Die naam kan vertaal word “put van sewe” of “put van die eed”.

*21:16 Jer 6:26; Am 8:10

*21:17 Eks 3:7; Deut 26:7; Ps 6:8

^p21:17 **Engel van God:** Dit is die boodskapdraer en verteenwoordiger van die hemelse hofhouding wat as BoodsAPPER van God direk namens Hom praat; vgl Eks 14:19; 23:20-23. Word ook vertaal “die BoodsAPPER van God”.

^q21:17 **Wat ... Hagar:** Letterlik ‘Wat is daar vir jou’.

Moenie bang wees nie, want God het die gehuil van die seun, daar waar hy is, gehoor. ¹⁸ Staan op, tel die seun op en hou hom styf vas, want tot 'n groot nasie wil Ek hom maak.” ¹⁹ *God maak toe haar oë oop, en sy sien 'n waterput! Sy loop toe, maak die watersak vol en laat die seun drink.

²⁰ *God was met die seun, en hy het opgegroeï. Hy het in die woestyn gewoon, en hy het 'n boogskutter geword. ²¹ Hy het in die Paranwoestyn gewoon, en sy moeder het vir hom 'n vrou uit Egipteland geneem.

Verdrag by Berseba

²² *In daardie tyd het Abimeleg* en Pigol, die bevelvoerder van sy leër, vir Abraham gesê: “God is met jou in alles wat jy doen. ²³ *Daarom, sweer hier vir my by God dat jy my, my kinders en my nageslag nie sal bedrieg nie. In ooreenstemming met die trou wat ek aan jou bewys het, moet jy ook aan my en aan die land waarin jy as •vreemdeling woon, trou bewys.” ²⁴ Abraham het gesê: “Ek sweer.” ²⁵ *Maar Abraham het Abimeleg tereggewys oor 'n waterput waarop Abimeleg se dienaars beslag gelê het. ²⁶ Abimeleg het geantwoord: “Ek weet nie wie so iets sou doen nie. Jy het my nie daarvoor ingelig nie, en ook het ek nie daarvan gehoor nie, tot vandag toe nie.”

²⁷ *Abraham het toe kleinvee en beeste geneem en dit vir Abimeleg gegee, en hulle twee het 'n verdrag gesluit. ²⁸ Abraham het egter sewe ooilammers uit die kleinvee eenkant gehou. ²⁹ Abimeleg vra toe vir

*21:19 Num 22:31; 2 Kon 6:17-18; Luk 24:16,31

*21:20 Gen 16:12

*21:22 Gen 26:28

*21:22 Abimeleg: Gen 20:2

*21:23 Jos 2:12; 1 Sam 24:22

*21:25-26 Gen 26:14-22

*21:27 Gen 26:28-31

Abraham: “Wat beteken hierdie sewe ooilammers wat jy eenkant hou?”

³⁰ Hy het geantwoord: “Ek doen dit^r omdat jy sewe ooilammers uit my hand moet aanvaar, sodat dit vir my as getuienis kan dien dat ek hierdie put gegrawe het.”

³¹ *Daarom word daardie plek Berseba^s genoem, want daar het hulle twee 'n •eed afgelê. ³² Nadat hulle by Berseba 'n verdrag gesluit het, het Abimeleg en Pigol, die bevelvoerder van sy leër, gereed gemaak en teruggekeer na die land van die Filistyne. ³³ Abraham het 'n tamarisk in Berseba geplant en daar die Naam van die HERE, die ewige God,^{*} aangeroep. ³⁴ Abraham het 'n lang tyd as •vreemdeling in die land van die Filistyne gewoon.

22

Opdrag om Isak te offer

¹ *Ná verloop van tyd^t het God Abraham op die proef gestel.

“Abraham!” het Hy vir hom gesê; en hy het geantwoord: “Hier is ek.”

² *Toe sê God: “Neem jou seun Isak, jou enigste, wat jy liefhet; gaan dan na die gebied van Moria, en offer hom daar as •brandoffer op een van die berge wat Ek vir jou sal wys.”

^r**21:30 Ek doen dit:** Die woorde kom nie in die bronteks voor nie, maar word veronderstel.

^{*}**21:31** Gen 22:19; 26:33

^s**21:31 Berseba:** Vgl die voetnoot by Gen 21:14.

^{*}**21:33 die HERE ... God:** Ps 90:2; Jes 40:28; Jer 10:10; Rom 16:26; Heb 13:8

^{*}**22:1-10 Eks** 15:25; Deut 8:2; 1 Kor 10:13; Heb 11:17; Jak 1:12-14; 1 Pet 1:6-7

^t**22:1 Ná ... tyd:** Letterlik ‘Ná hierdie gebeur’.

^{*}**22:2** Jer 6:26; Am 8:10; Matt 3:17; Mark 1:11; 12:6; Luk 3:22; Joh 3:16; 1 Joh 4:9

³ *Abraham het vroeg die oggend sy donkie opgesaal, twee van sy dienaars met hom saamgeneem, en ook sy seun Isak. Hy het die hout vir 'n brandoffer gekloof, gereedgemaak en vertrek na die plek waaroor God met hom gepraat het. ⁴ Op die derde dag het Abraham opgekyk en die plek in die verte gesien. ⁵ Toe sê Abraham vir sy dienaars: “Bly julle hier met die donkie! Ek en die seun wil daarheen gaan. Ons wil aanbid en sal dan na julle terugkom.”

⁶ *Abraham het die hout vir die brandoffer geneem en dit op sy seun Isak se skouer^u gesit; hy het die kole vuur en die mes gevat. So het hulle twee saam geloop. ⁷ Isak sê toe vir Abraham, sy pa: “Pa!” En hy antwoord: “Ja, my seun?” Toe sê hy: “Hier is die kole vuur en die hout, maar waar is die lam vir die brandoffer?” ⁸ *Abraham het geantwoord: “God sal vir Homself die lam vir 'n brandoffer kies,^v my seun.” So het hulle twee saam geloop.

⁹ *Toe hulle aankom by die plek wat God vir hom gewys het, het Abraham daar 'n altaar gebou en die hout reggepak. Hy het sy seun, Isak, vasgebind en hom op die altaar neergelê, bo-op die hout. ¹⁰ Toe steek Abraham sy hand uit en neem die mes om sy seun te slag. ¹¹ *Maar die Engel van die HERE^w het na hom uit die hemel geroep en gesê:

*22:3 Heb 11:17-18

*22:6 Joh 19:17

^u22:6 se skouer: Hierdie woorde kom nie in die bronteks voor nie, maar word veronderstel.

*22:8 Gen 22:13-14; Joh 1:29,36; 1 Pet 1:19; Op 5:12

^v22:8 kies: Word ook vertaal “voorsien”; ook in Gen 22:14.

*22:9-12 Heb 11:17; Jak 2:21

*22:11 Eks 3:4; 1 Sam 3:10

^w22:11 die Engel van die HERE: Die boodskapdraer en verteenwoordiger van die hemelse hofhouding wat as boodskapper van God direk namens Hom praat. Kan ook vertaal word “die Boodskapper van die HERE”.

“Abraham, Abraham!” Hy het geantwoord: “Hier is ek!”^{12*} “Moenie jou hand na die seun uitsteek nie,” het Hy gesê, “en moenie enigiets aan hom doen nie! Want nou weet Ek dat jy vir God ontsag het. Jy het nie jou seun, jou enigste, van My teruggehou nie.”

¹³ Toe Abraham opkyk, sien hy: Daar is 'n enkele ram^x wat aan sy horings vasgevang is in 'n bos! Abraham gaan toe en neem die ram. Hy het hom as 'n brandoffer gebring in die plek van sy seun. ¹⁴ Abraham het daardie plek “Die HERE kies” genoem, sodat vandag nog gesê word: “Op die berg van die HERE sal gekies word.”^y

¹⁵ Die Engel van die HERE het daarna 'n tweede keer uit die hemel na Abraham geroep ^{16*} en gesê: “By Myself sweer Ek,” is die uitspraak van die HERE, “omdat jy dit gedoen het en nie jou seun, jou enigste, van My teruggehou het nie, ^{17*} sal Ek jou ryklik seën, en jou nageslag so geweldig vermeerder soos die sterre aan die hemelruim en soos die sand wat langs die seestrand is. Jou nageslag sal die stadspoorte van hulle vyande in besit neem. ^{18*} Met jou nageslag as voorbeeld sal al die nasies van die aarde hulleself seën toewens,^z omdat jy na my stem geluister het.”

¹⁹ Abraham het toe teruggekeer na sy dienaars, en hulle het opgestaan en saam met hom na Berseba gegaan. Abraham het in Berseba bly woon.

*22:12 Rom 8:32

^x22:13 'n enkele ram: Die Samaritaanse Pentateug, verskeie Hebreeuse mss en verskeie vroeë vertalings word hier gevolg. Die bronteks lui “'n ram agter”.

^y22:14 sal ... word: Die Hebreeus is meerduidig en kan ook vertaal word “sal Hy verskyn”.

*22:16-17 Ps 105:9; Luk 1:55,73-74; Heb 6:13-14; 11:12

*22:17 Gen 15:5; 26:4; Jer 33:22

*22:18 Gen 12:3; 18:18-19; 26:4; Hand 3:25; Gal 3:28

^z22:18 Met ... toewens: Dit beteken dat die nasies sal wens hulle is so geseën soos Abraham se nageslag. Word ook vertaal “in jou nageslag sal al die nasies van die aarde geseën word”.

Nahor se nakomelinge

²⁰ *Ná hierdie gebeure het Abraham berig ontvang: “Kyk, ook Milka het seuns in die wêreld gebring vir jou broer Nahor: ²¹ Us, sy eersgeborene, Bus, sy broer, en Kemuel, die vader van Aram, ²² ook Kesed, Gaso, Pildas, Jidlaf en Betuel.” ²³ *Betuel het Rebekka verwek. Hierdie agt seuns het Milka vir Nahor, Abraham se broer, in die wêreld gebring. ²⁴ Sy byvrou, wie se naam Reüma was, ook sy het kinders in die wêreld gebring: Tebag, Gagam, Tagas en Maäga.

23

Abraham se familiegraf

¹ Sara het honderd sewe-en-twintig jaar lank geleef — dit was die lewensjare van Sara. ² **Sara het gesterf in die land Kanaän by Kirjat-Arba, dit is Hebron. * Abraham het by die tent ingegaan^a om oor Sara te rou en oor haar te huil.

³ Toe het Abraham opgestaan van die plek by sy oorlede vrou.^b Hy het met die •Hetiete gaan onderhandel en gesê: ⁴ * “Ek is 'n •vreemdeling en

*22:20 Gen 11:29

*22:23 Gen 24:15

*23:2-20 Hand 7:16

*23:2 Gen 37:34; Deut 26:14; 34:8; Jos 7:6; 1 Sam 25:1; Jer 16:7; Hand 9:39

*23:2 Hebron: Gen 35:27; Jos 14:15; 15:13; 21:11; Rig 1:10

^a23:2 Abraham ... ingegaan: Dit beteken dat hy in die tent waar sy gelê het, op die grond gaan sit het om oor haar te treur; vgl Gen 23:3. Die woorde “die tent” ontbreek in die •bronteks.

^b23:3 sy oorlede vrou: Letterlik ‘sy oorledene’; vgl ook Gen 23:4,6,8,11,13,15.

*23:4 Gen 17:8; 49:30; Lev 25:23,35; 1 Kron 29:15; Hand 7:16; Heb 11:9,13; 1 Pet 2:11

bywoner^c by julle; gee vir my 'n graf as eiendom by julle, sodat ek my oorlede vrou kan begrawe en haar kan weglê.^d”

⁵ Die Hetiete het Abraham geantwoord deur vir hom te sê: ⁶ “Luister na ons, meneer! U is 'n magtige leier^e in ons midde. Begrawe u oorlede vrou in die keur van ons grafte. Niemand onder ons sal u sy graf weier, om daar u oorlede vrou te begrawe nie.”

⁷ Abraham het opgestaan, diep gebuig voor die mense van die land,^f die Hetiete, ⁸ met hulle onderhandel en gesê: “As u daartoe instem dat ek my oorlede vrou begrawe en haar weglê, luister dan na my en doen vir my voorspraak by Efron, seun van Sogar, ⁹ sodat hy die grot van Magpela* wat aan hom behoort, en wat aan die rand van sy grond lê, vir my sal gee. Teen die volle koopprys moet hy dit vir my gee, sodat ek tussen u 'n graf as eiendom kan besit.”

¹⁰ Efron het daar tussen die Hetiete gesit. Efron, die Hetiet, het Abraham toe ten aanhore van die Hetiete, naamlik almal wat deur die dorpspoort* ingaan, geantwoord: ¹¹ “Nee, meneer, luister na my! Die stuk grond gee ek vir u; en die grot wat daarop is — vir u gee ek dit. Voor die oë van my volksgenote gee ek dit vir u. Begrawe u oorlede vrou.” ¹² * Abraham het toe weer diep gebuig voor die mense van die land, ¹³ en ten aanhore van die mense van die land met Efron gepraat:

^c**23:4 bywoner:** 'n Persoon wat nie 'n burger van die land is nie, maar as ondergeskikte by iemand verblyf het.

^d**23:4 kan begrawe ... weglê:** Die bronteks lui “kan begrawe weg van my teenwoordigheid”; vgl ook Gen 23:8.

^e**23:6 magtige leier:** Word ook vertaal “vors van God”.

^f**23:7 mense ... land:** Dit verwys na die Hetitiese grondeienaars wat hulle families in die volksvergadering verteenwoordig.

* **23:9 grot van Magpela:** Gen 23:17-19; 25:9; 49:30; 50:13

* **23:10 dorpspoort:** Rut 4:1,11

* **23:12-16** 2 Sam 24:21-24

“As u maar net asseblief na my sal luister! Ek betaal vir die grond. Aanvaar dit van my, sodat ek my oorlede vrou daar kan begrawe.”

¹⁴ Efron het Abraham toe geantwoord deur vir hom te sê: ¹⁵ “Meneer, luister na my! 'n Stuk grond van vierhonderd sikkels⁸ silwer, wat is dit nou tussen my en u? Begrawe u oorlede vrou!”

¹⁶ Abraham het na Efron geluister. Abraham het vir Efron die silwer afgeweeg wat hy ten aanhore van die Hetiete genoem het: vierhonderd sikkels silwer, wat aanvaarbaar is by handelaars. ¹⁷ So het die stuk grond van Efron wat in Magpela, oos van Mamre, is — die grond en die grot wat daarop is, en al die bome wat op die grond is, binne die hele grens reg rondom — oorgegaan ¹⁸ na Abraham as gekoopte eiendom, ten aanskoue van die Hetiete, almal wat by die dorpspoort ingaan.

¹⁹ Daarna het Abraham sy vrou Sara begrawe in die grot op die grond in Magpela, oos van Mamre — dit is Hebron — in die land Kanaän.

²⁰ *Die grond en die grot daarop is aan Abraham oorgedra — 'n graf as eiendom vanaf die Hetiete.

24

Isak en Rebekka

¹ Abraham was oud, gevorderd in jare. Die HERE het Abraham in alle opsigte geseën. ² *Abraham het vir sy slaaf, die oudste in sy huis, wat beheer gehad het oor alles wat aan hom behoort, gesê: “Plaas jou hand onder my heup,^h ³ * sodat ek jou 'n eed kan laat aflê by die HERE, die God

⁸**23:15 400 sikkels:** 'n Buitengewoon hoë prys van ongeveer 4,56 kg silwer; •Geldeenhede.

***23:20** Jer 32:10-14; Hand 7:16

***24:2** Gen 47:29

^h**24:2 hand ... heup:** Hierdie simboliese handeling het die eed bekragtig.

***24:3** Gen 24:34-35,37; 28:1; Deut 7:3; 2 Kor 6:14

van die hemel, en die God van die aarde, dat jy nie vir my seun 'n vrou sal neem uit die dogters van die Kanaäniete in wie se midde ek woon nie, ^{4*} maar dat jy na my land, na my familie, sal gaan en vir my seun Isak 'n vrou sal gaan haal.” ⁵ Die slaaf het vir hom gesê: “Miskien wil die vrou my nie volg na hierdie land nie. Moet ek u seun dan maar terugneem na die land waaruit u weggetrek het?” ⁶ Maar Abraham het hom geantwoord: “Pasop dat jy nie my seun daarheen laat terugkeer nie! ^{7*} Die HERE, die God van die hemel, * wat my uit my ouerhuis en die land van my herkoms geneem het, en wat aan my 'n belofte gemaak en dit aan my met 'n eed bevestig het deur te sê, ‘Aan jou nageslag gee Ek hierdie land,’ Hy self sal sy engel voor jou uit stuur, en jy sal daar vir my seun 'n vrou gaan haal. ^{8*} As die vrou jou nie wil volg nie, is jy vry van hierdie eed teenoor my. My seun mag jy net nie daarheen terugneem nie.” ⁹ Die slaaf het toe sy hand onder Abraham, sy heer, se heup geplaas en vir hom 'n eed afgelê oor hierdie saak.

¹⁰ Die slaaf het tien van sy heer se kamele geneem en vertrek, met allerlei kosbaarhede van sy heer by hom. Hy het gereedgemaak en vertrek na Aram-Naharajim,ⁱ na die dorp van Nahor. ^{11*} Hy het die kamele teen die aand buite die dorp by 'n waterput laat kniel, die tyd wanneer vroue uitgaan om water te skep. ^{12*} Hy het gesê: “HERE, God van my heer Abraham, laat dit asseblief vandag vir my gebeur, en

*24:4 Gen 28:2

*24:7 Eks 23:20; 32:34; 33:2; Num 20:16; Hand 7:5; Gal 3:16

*24:7 Die HERE ... hemel: 2 Kron 36:23; Esra 1:2; 5:11-12; Neh 1:4-5; Ps 136:26; Dan 2:18-19; Jona 1:9; Op 11:13

*24:8 Jos 2:17-20

ⁱ24:10 Aram-Naharajim: Letterlik ‘Aram van die twee riviere’. Dit verwys na Mesopotamië.

*24:11 Eks 2:16; 1 Sam 9:11; Joh 4:6-7

*24:12 Gen 24:27,42,48; 26:24; Eks 3:6,15

bewys so troue liefde aan my heer Abraham. ¹³ *Kyk, ek staan by die waterbron, en die dogters van die dorp se mans kom uit om water te skep. ¹⁴ Mag dit so gebeur: Die jong meisie vir wie ek sê, ‘Hou asseblief jou kruik skuins dat ek kan drink,’ en wat my dan antwoord, ‘Drink! En ook jou kamele sal ek laat drink,’ — dit is sy wat U bestem het vir u dienskneg, vir Isak; en daaraan sal ek weet dat U aan my heer troue liefde bewys het.”

¹⁵ *Hy het nog nie eers klaar gepraat nie, kyk, toe kom Rebekka — gebore vir Betuel, die seun van Milka, die vrou van Nahor, Abraham se broer — uit met haar kruik op haar skouer. ¹⁶ *Die jong meisie was beeldskoon, 'n maagd met wie 'n man nog nie gemeenskap gehad het nie. Sy het afgegaan na die fontein, haar kruik volgemaak en weer na bo gegaan. ¹⁷ *Die slaaf het haar tegemoet gehardloop en gesê: “Laat my asseblief 'n bietjie water drink uit jou kruik.” ¹⁸ Sy het geantwoord: “Drink, meneer!” Sy het gou haar kruik op haar hand laat sak en hom laat drink. ¹⁹ Toe sy hom klaar laat drink het, sê sy: “Ook vir u kamele sal ek water skep, totdat hulle klaar gedrink het.” ²⁰ Sy maak toe gou haar kruik in die drinkbak leeg en haas haar weer na die put om water te skep. Sy het vir al sy kamele water geskep. ²¹ Die man het haar in stilte dopgehou om uit te vind of die HERE sy reis goed laat afloop het of nie. ²² Toe die kamele klaar gedrink het, haal die man 'n goue neusring uit, wat 'n beka^j weeg, en vir haar polse ook twee armbande waarvan die gewig tien sikkels goud was. ²³ Hy vra toe: “Wie se dogter is jy? Sê

*24:13 Gen 24:43-44

*24:15 Gen 11:29; 22:23; 24:24,27

*24:16 Gen 12:11; 26:7; 29:17

*24:17 1 Kon 17:10; Joh 4:7

^j24:22 beka: 1 beka was dieselfde gewig as 'n ½ sikkal, ongeveer 5,7 g;

•Geldeenhede.

my asseblief! Is daar dalk in jou pa se huis vir ons plek om te oornag?”

²⁴ *Sy het hom geantwoord: “Ek is die dogter van Betuel, die seun van Milka, wat sy vir Nahor in die wêreld gebring het.” ²⁵ Sy het verder vir hom gesê: “Daar is by ons sowel strooi as baie voer, en ook plek om te oornag.” ²⁶ *Die man het gekniel, voor die HERE in aanbidding gebuig ²⁷ *en gesê: “Die HERE, die God van my heer Abraham, moet geprys word, Hy wat sy liefde en trou nie van my heer weerhou het nie. Wat my betref: Die HERE het my gelei op die pad na die huisgesin van my heer se broer.^k” ²⁸ Die jong meisie het toe gehardloop en by haar ma se huis hierdie dinge gaan vertel.

²⁹ *Rebekka het 'n broer gehad met die naam Laban. Laban het hom gehaas na die man daar buite by die fontein.^l ³⁰ Toe hy die neusring sien, en ook die armbande aan sy suster se polse, en hy die woorde hoor wat sy suster Rebekka sê, “So het die man met my gepraat,” gaan hy na die man toe. En kyk, hy staan toe nog daar by die kamele langs die fontein! ³¹ *Hy het vir hom gesê: “Kom in, geseënde van die HERE! Waarom sal jy buite bly staan, terwyl ek self die huis en die plek vir die kamele gereedgemaak het?”

³² *Die man het die huis binnegegaan. Laban het die kamele losgemaak, strooi en voer vir die kamele gegee en water om sy en die manne wat by hom was, se voete te was. ³³ Daar is vir hom iets te ete voorgesit, maar het hy gesê: “Ek sal nie eet voordat ek my saak gestel het nie.”

***24:24** Gen 22:23

***24:26** Gen 24:48

***24:27** Gen 32:10

^k**24:27 broer:** Vroeë vertalings word hier gevolg. Die •bronteks lui “broers”.

***24:29-30** Gen 25:20; 27:43; 28:2; 29:5,13

^l**24:29 buite ... fontein:** Die waterbron was buite die dorp.

***24:31** Gen 26:29; Rig 17:2; Rut 3:10

***24:32** Gen 18:4; 43:24; Rig 19:21

Laban het geantwoord: “Praat maar!” ³⁴ Toe sê hy: “Ek is 'n slaaf van Abraham. ³⁵ Die HERE het my heer baie geseën, en hy het ryk geword. Hy het vir hom kleinvee en beeste gegee, silwer en goud, slawe en slavinne, kamele en donkies. ³⁶ *Sara, die vrou van my heer, het vir hom 'n seun in die wêreld gebring nadat sy al oud geword het. My heer het alles wat hy besit, vir hom gegee. ³⁷ *My heer het my 'n eed laat aflê, ‘Jy mag nie vir my seun 'n vrou neem uit die dogters van die Kanaäniete in wie se land ek woon nie; ³⁸ maar jy moet na my familie en na my grootfamilie gaan en 'n vrou vir my seun gaan haal.’ ³⁹ Ek het vir my heer gesê, ‘Dalk sal die vrou my nie volg nie.’ ⁴⁰ *Maar hy het vir my gesê, ‘Die HERE voor wie ek leef, sal sy engel saam met jou stuur, en Hy sal self jou reis goed laat afloop, en jy sal 'n vrou vir my seun kry by my grootfamilie en my familie. ⁴¹ Net dan sal jy vry wees van die eed aan my^m — as jy na my grootfamilie gaan en hulle gee haar nie aan jou nie. Jy sal dan vry wees van die eed aan my.’ ⁴² *Ek het vandag by die fontein aangekom en gesê, ‘HERE, God van my heer Abraham, as U my reis waarop ek tans is, tog maar goed wil laat afloop! ⁴³ Kyk, ek staan hier by die waterbron; mag dit so wees dat die jong vrou wat uitkom om water te skep en vir wie ek vra, “Laat my asseblief bietjie water drink uit jou kruik,” ⁴⁴ en sy my dan antwoord, “Drink jy, dan sal ek ook vir jou kamele skep,” dat sy die vrou sal wees wat die HERE vir die seun van my heer bestem het.’ ⁴⁵ *Ek het self nog nie in my hart klaar gepraat

*24:36 Gen 21:1; 25:5

*24:37 Gen 24:2-3

*24:40 Gen 17:1; 24:7; Eks 23:20

^m24:41 eed aan my: Letterlik ‘my vervloeking’. Toe die slaaf vir Abraham 'n eed afgelê het (vgl Gen 24:8), is sy lewe deur Abraham onder 'n vervloeking geplaas ingeval hy nie sou doen wat hy beloof het nie.

*24:42 Gen 24:12; Neh 1:11

*24:45 1 Sam 1:13; Joh 4:7

nie, kyk, toe kom Rebekka uit met haar kruik op haar skouer, en sy gaan af na die fontein en skep water! Ek sê toe vir haar, ‘Laat my asseblief drink.’⁴⁶ Sy het gou haar kruik van haar skouerⁿ afgetel en gesê, ‘Drink! Ek sal ook jou kamele laat drink.’ Ek het toe gedrink, en sy het ook die kamele laat drink.⁴⁷ *Ek vra haar toe en sê, ‘Wie se dogter is jy?’ Sy het geantwoord, ‘Die dogter van Betuel, seun van Nahor, wat Milka vir hom in die wêreld gebring het.’ Toe het ek die ring aan haar neus en armbande om haar polse gesit.⁴⁸ Ek het gekniel en voor die HERE in aanbidding gebuig. Ek het die HERE, die God van my heer Abraham, geprys, Hy wat my op die regte pad gelei het om die kleindogter van my heer se broer vir sy seun te verkry.⁴⁹ *Daarom, as julle liefde en trou aan my heer wil bewys, sê dit vir my. Maar indien nie, sê dit dan vir my, sodat ek regs of links^o kan afdraai.”

⁵⁰ *Laban en Betuel het daarop gereageer en gesê: “Van die HERE het die woord uitgegaan; ons kan vir jou nie iets goeds of slegs sê nie.

⁵¹ Kyk, Rebekka is voor jou. Neem haar en gaan, sodat sy 'n vrou kan wees vir jou heer se seun, soos die HERE gesê het.”

⁵² Toe Abraham se slaaf hulle woorde hoor, het hy teen die grond in aanbidding gebuig voor die HERE.⁵³ Toe het die slaaf silwer- en goue voorwerpe en klere uitgehaal en aan Rebekka gegee. Hy het ook kosbaarhede vir haar broer en haar ma gegee.⁵⁴ Daarna het hy en die manne wat saam met hom was, geëet en gedrink, en die nag daar oorgebly.

Toe hulle die volgende oggend opstaan, sê hy: “Laat my na my heer

ⁿ24:46 skouer: Die woord ontbreek in die bronteks, maar word veronderstel.

*24:47 Eseg 16:11-12

*24:49 Gen 47:29; Jos 2:14

^o24:49 regs of links: kan ook vertaal word “suid of noord”.

*24:50 Gen 31:24,29

gaan!”⁵⁵ Maar haar broer en haar ma het gesê: “Laat die jong meisie nog 'n dag of tien by ons bly. Daarna kan sy gaan.”⁵⁶ Daarop sê hy vir hulle: “Moet my nie ophou nie. Dit is die HERE wat my reis goed laat afloop het; laat my toe om na my heer te gaan.”⁵⁷ Hulle sê toe: “Kom ons roep die jong meisie, sodat ons dit uit haar eie mond kan verneem.”⁵⁸ Hulle het Rebekka geroep en haar gevra: “Wil jy saam met hierdie man gaan?” Sy het geantwoord: “Ek wil gaan.”

⁵⁹ *Hulle het Rebekka, hulle suster, en haar oppasser, Abraham se slaaf en sy manne laat gaan. ⁶⁰ *Hulle het Rebekka geseën en vir haar gesê: “Ons suster, mag jy duisend maal tienduisende word, en mag jou nageslag die poorte van hulle vyande in besit neem.”

⁶¹ Rebekka en haar diensmeisies het gereedgemaak, op die kamele geklim en die man gevolg. So het die slaaf Rebekka geneem en vertrek.

⁶² Isak het uit die rigting van Beër-Lagai-Roï* gekom; hy het toe in die gebied van die Negev^p gewoon. ⁶³ Isak het teen die aand uitgegaan om in die veld te gaan stap,^q en toe hy opkyk, sien hy: Daar kom kamele aan! ⁶⁴ Rebekka het opgekyk en Isak gesien. Sy het van die kameel afgegely ⁶⁵ en vir die slaaf gevra: “Wie is daardie man wat ons in die veld tegemoetkom?” Die slaaf het geantwoord: “Dit is my heer!” Toe neem sy haar sluier en bedek haarself.

*24:59 Gen 35:8

*24:60 Gen 17:6; 22:17

*24:62 Beër-Lagai-Roï: Gen 16:13-14; 25:11

^p24:62 Negev: Die dorre, onherbergsame landskap suid van Kanaän — algemeen geassosieer met die Sinai-skiereiland.

^q24:63 te ... stap: Daar is onsekerheid oor die betekenis van die bronteks.

⁶⁶ Die slaaf het vir Isak alles vertel wat hy gedoen het. ⁶⁷ *Isak het haar in die tent van Sara, sy ma, ingeneem. Hy het Rebekka geneem en sy het sy vrou geword, en hy het haar liefgehad. Isak is so getroos ná die dood van sy ma.

25

Abraham en Ketura

¹ Abraham het weer 'n vrou geneem; haar naam was Ketura. ² *Sy het vir hom Simran, Joksan, Medan, Midian, Jisbak en Suag in die wêreld gebring. ³ Joksan het Seba en Dedan verwek. Die nageslag van Dedan was die Assuriete, die Letusiete en die Leümiete. ⁴ Die nageslag van Midian was Efa, Efer, Ganog, Abida en Eldaä. Hulle almal was die nageslag van Ketura.

⁵ *Abraham het alles wat aan hom behoort, vir Isak gegee. ⁶ *Vir die seuns van Abraham se byvroue het Abraham geskenke gegee, en hulle nog tydens sy leeftyd van sy seun Isak ooswaarts weggestuur, na die land van die ooste.^r

Abraham se dood

⁷ Dit is die aantal jare van Abraham wat hy geleef het — 175 jaar. ⁸ *Abraham het sy asem uitgeblaas en op 'n hoë ouderdom gesterf, oud en ná 'n vol lewe,^s en hy is met sy mense verenig. ⁹ *Isak en Ismael, sy

*24:67 Gen 23:1-2

*25:2 1 Kron 1:32-33

*25:5 Gen 24:35-36

*25:6 Gen 21:14

^r25:6 land ... ooste: Dit verwys na die Siries-Arabiese woestyn.

*25:8 Gen 15:15

^s25:8 ná ... lewe: Die Hebreeuse idioom lui “versadig (met lewensjare)”.

*25:9 Gen 23:17-18; 49:29-30; 50:13

seuns, het hom begrawe in die grot van Magpela wat oos van Mamre lê, op die grond van Efron, die seun van Sogar, die Hetiet, ¹⁰ *die grond wat Abraham van die Hetiete gekoop het. Daar is Abraham begrawe, en ook Sara, sy vrou. ¹¹ *Ná Abraham se dood het God sy seun Isak geseën. Isak het toe by Beër-Lagai-Roï gewoon.

Ismael se nageslag

¹² *Hier volg die familiegeskiedenis van Ismael, die seun van Abraham, wat Hagar, die Egiptiese slavin van Sara, vir Abraham in die wêreld gebring het. ¹³ *Hier volg die name van Ismael se nageslag. Hulle name is volgens hulle familiegeskiedenis: Die eersgeborene van Ismael was Nebajot, dan Kedar, Adbeël, Mibsam, ¹⁴ Misma, Duma, Massa, ¹⁵ Gadad, Tema, Jetur, Nafis en Kedma. ¹⁶ *Dit was die nageslag van Ismael, en dit was hulle name — twaalf leiers van hulle stamme in hulle gehuggies en kampe.

¹⁷ En dit was Ismael se lewensjare — 137 jaar. Hy het sy asem uitgeblaas en gesterf, en hy is met sy mense verenig. ¹⁸ *Ismael se nageslag het gewoon van Gawila af tot by Sur, wat oos van Egipte lê in die rigting van Assirië. Aan die oostekant van^t al sy bloedverwante het hy hom gevestig.^u

*25:10 Gen 23:16; 49:31; 50:13

*25:11 Gen 16:14; 24:62

*25:12 Gen 16:15

*25:13-15 1 Kron 1:29-31

*25:16 Gen 17:20

*25:18 Gen 16:11-12; 1 Sam 15:7

^t25:18 Aan ... van: Die betekenis van die bronteks is onseker, en dit word verskillend vertaal.

^u25:18 hom gevestig: Letterlik 'neergeval'; vgl die beskrywing in Rig 7:12.

Jakob en Esau

¹⁹ *Hier volg die familiegeskiedenis van Isak, die seun van Abraham: Abraham het Isak verwek. ²⁰ *Isak was veertig jaar oud toe hy Rebekka, die dogter van Betuel, 'n Arameër uit Paddan-Aram, die suster van Laban, die Arameër, vir hom as vrou geneem het. ²¹ *Isak het by die HERE gepleit ter wille van sy vrou, want sy was onvrugbaar. Die HERE het hom verhoor, en Rebekka, sy vrou, het swanger geword. ²² *Die kinders in haar het mekaar weggestoot. Toe sê sy: “As dit so is, waarom moet juis ek dit oorkom?” Sy het gegaan om die HERE te raadpleeg.

²³ *Die HERE het vir haar gesê:

“Twee nasies is in jou moederskoot,
en twee volke — uit jou liggaam
sal hulle uitmekaar gaan.
Die een volk sal sterker wees
as die ander volk,
en die oudste sal die jongste dien.”

²⁴ Toe haar tyd aanbreek om geboorte te gee, is daar 'n tweeling in haar moederskoot! ²⁵ *Die eerste een het uitgekóm, asof met 'n mantel van hare,^v heeltemal rooibruin. Hulle het hom Esau genoem. ²⁶ *Daarna

*25:19 Matt 1:2

*25:20 Gen 22:23; 24:15,29,67

*25:21 1 Sam 1:17; 1 Kron 5:20; 2 Kron 33:13; Esra 8:23; Ps 127:3; Rom 9:10

*25:22 Luk 1:41

*25:23 Gen 27:29; 2 Sam 8:14; Ob vs 18-21; Mal 1:2-3; Rom 9:12

*25:25 Gen 27:11,16,23

^v25:25 mantel van hare: Dit verwys na 'n mantel van kameelhaar. Die Hebreeuse woord vir “hare” klink byna soos die naam Seïr, die woonplek van Esau se nageslag.

*25:26 Gen 27:36; Hos 12:3; Matt 1:2; Luk 3:34

het sy broer uitgekóm, met sy hand wat aan Esau se hakskeen vashou. Hulle het hom toe Jakob^w genoem. Isak was sestig jaar oud by hulle geboorte.

²⁷ *Die seuns het opgegroeí. Esau het 'n knap jagter geword, 'n man van die veld; en Jakob was 'n fatsoenlike man wat in tente gewoon het.

²⁸ *Isak het van Esau gehou, want wildsvleis was na sy smaak; Rebekka, daarenteen, het van Jakob gehou.

²⁹ Jakob was besig om 'n gereg gaar te maak, toe Esau van die veld af kom — hy was uitgeput. ³⁰ Esau sê toe vir Jakob: “Gee my asseblief 'n sluk van die rooi goed, hierdie rooi goed, want ek is uitgeput.” (Daarom word hy Edom^x genoem.) ³¹ *Jakob het geantwoord: “Verkoop eers jou eersgeboortereg aan my.” ³² Toe sê Esau: “Kyk, ek is op die punt om dood te gaan; wat is 'n eersgeboortereg dan vir my werd?” ³³ *Jakob het gesê: “Lê eers vir my 'n eed af.” Hy het toe vir hom 'n eed afgelê en sy eersgeboortereg aan Jakob verkoop. ³⁴ Jakob gee toe vir Esau brood en die kooksel lensies. Hy het geëet en gedrink, opgestaan en weggegaan. So het Esau sy eersgeboortereg geminag.

26

Isak en Abimeleg

¹ *Daar was hongersnood in die land, afgesien van die eerste hongersnood wat daar was in die tyd van Abraham. Isak het toe na

^w**25:26 Jakob:** Die naam Jakob en die woord vir hakskeen klink in Hebreeus byna dieselfde.

^{*}**25:27** Gen 27:3,5

^{*}**25:28** Gen 27:4-10

^x**25:30 Edom:** Die naam hou verband met die Hebreeuse woord vir “rooi”.

^{*}**25:31-34** Gen 27:36; Deut 21:15-17; 1 Kron 5:1-2

^{*}**25:33-34** Heb 12:16-17

^{*}**26:1** Gen 12:10

Gerar, na Abimeleg,^{*} die koning van die Filistyne, gegaan.² Die HERE het aan hom verskyn en gesê: “Moenie afgaan na Egipte nie. Bly in die land waar Ek vir jou sê.³ *Woon as •vreemdeling in hierdie land, en Ek sal met jou wees en jou seën; want aan jou en jou nageslag gee Ek al hierdie lande, en Ek sal die eed wat Ek vir jou vader Abraham afgelê het, gestand doen.⁴ *Ek sal jou nageslag so talryk maak soos die sterre aan die hemelruim, en aan jou nageslag sal Ek al hierdie lande gee. Met jou nageslag as voorbeeld sal al die nasies van die aarde hulleself seën toewens,^y ⁵ * omdat Abraham na my stem geluister het en die verpligtinge wat Ek oplê, my bevele, my vaste voorskrifte en my wette, nagekom het.”⁶ So het Isak toe in Gerar gaan woon.

⁷ *Die manne van die plek het hom oor sy vrou uitgevra. Hy het gesê, “Sy is my suster;” want hy was bang om te sê, “my vrou,” anders, het hy gedink,^z maak die manne van die plek my dood oor Rebekka. Sy was immers beeldskoon.

⁸ Isak was al 'n lang tyd daar, toe kyk Abimeleg, die koning van die Filistyne, af deur die venster en sien — Isak liefkoos^a dan vir Rebekka, sy vrou!⁹ Abimeleg ontbied toe vir Isak en sê: “Maar sy is dan eintlik jou vrou! Hoe kon jy gesê het sy is jou suster?” Isak het hom

***26:1 Abimeleg:** Gen 20:2-18; 21:22

***26:3** Gen 12:2; 26:24; 28:15; 31:3; Heb 11:19

***26:4** Gen 12:3; 15:5; 22:16-17; Eks 32:13; Hand 3:25; Gal 3:8

^y**26:4 Met ... toewens:** Dit beteken dat die nasies sal sê: “Mag ons so geseënd wees soos Isak se nageslag.” Word ook vertaal “in jou nageslag sal al die nasies van die aarde geseën word”; vgl Gen 12:3.

***26:5** Gen 18:19; 22:16,18

***26:7** Gen 12:13; 20:2

^z**26:7 het hy gedink:** Hierdie woorde kom nie in die bronteks voor nie, maar word veronderstel.

^a**26:8 liefkoos:** Die Hebreeuse woord kan ook met “speel” vertaal word.

geantwoord: “Omdat ek gedink het dat ek anders oor haar sou sterf.”

¹⁰ *Daarop sê Abimeleg: “Wat het jy ons nou aangedoen? Hoe maklik kon iemand uit die volk nie by jou vrou geslaap het nie, en dan het jy skuld oor ons gebring!” ¹¹ Abimeleg het toe aan die hele volk 'n bevel uitgereik: “Die een wat aan hierdie man of sy vrou raak, sal beslis sterf.”

¹² *Isak het in daardie landstreek gesaai, en hy het dié jaar honderdvoudig geoes.^b So het die HERE hom geseën. ¹³ *Die man het ryk geword; hy het al hoe ryker geword, totdat hy skatryk was. ¹⁴ *Hy het kuddes kleinvee en beeste besit en 'n groot werksmag, sodat die Filistyne hom beny het. ¹⁵ *Al die putte wat die slawe van sy pa in die tyd van Abraham, sy pa, gegrawe het, het die Filistyne toegestop en met grond opgevol. ¹⁶ Abimeleg sê toe vir Isak: “Gaan weg van ons af, want jy het heeltemal te sterk geword vir ons.”

¹⁷ Isak het daarvandaan weggegaan en kamp opgeslaan in die Gerardal. Hy het hom daar gevestig. ¹⁸ Isak het die waterputte wat in die tyd van Abraham, sy pa, gegrawe is, en wat die Filistyne ná die dood van Abraham toegestop het, weer oopgegrawe. Hy het hulle dieselfde name gegee wat sy pa hulle gegee het. ¹⁹ Terwyl die slawe van Isak in die dal grawe, kom hulle toe daar in 'n put af op 'n wateraar.^c

²⁰ *Maar die herders van Gerar het met Isak se herders gestry en gesê:

***26:10** Gen 20:8-10

***26:12** Gen 24:1,35; 26:3

^b**26:12 honderdvoudig geoes:** Dit beteken dat die opbrengs honderd keer meer was as die hoeveelheid saad wat hy gesaai het.

***26:13-14** Gen 13:2

***26:14-22** Gen 21:25-26

***26:15** Gen 21:30

^c**26:19 'n put ... wateraar:** Letterlik “'n put van lewende water”.

***26:20** Gen 21:25

“Die water behoort aan ons!” Hy het toe die put Esek^d genoem, omdat hulle daarvoor rusie gemaak het. ²¹ Isak se slawe het toe 'n ander put gegrawe, maar hulle het ook daarvoor gestry. Daarom het Isak dit Sitna^e genoem. ²² Hy het daarvandaan verder getrek en 'n ander put gegrawe, maar daarvoor is daar nie gestry nie. Hy het dit Rehobot^f genoem, “want,” het hy gesê, “nou het die HERE vir ons ruimte gemaak, en ons sal vrugbaar wees in die land.”

²³ *Hy het toe daarvandaan opgetrek na Berseba. ²⁴ *Daardie nag het die HERE aan hom verskyn en gesê: “Ek is die God van jou vader Abraham. Moenie bang wees nie, want Ek is met jou. Ek sal jou seën en jou nageslag talryk maak ter wille van Abraham, my dienskneg.” ²⁵ *Hy het toe daar 'n altaar gebou en die Naam van die HERE aangeroep. Isak het sy tente daar opgeslaan, en sy slawe het daar 'n put uitgekop.

²⁶ *Abimeleg het uit Gerar na hom gekom, en ook Agussat, sy vriend,^g en Pigol, die bevelvoerder van sy leër. ²⁷ *Isak sê toe vir hulle: “Waarom kom julle nou na my toe, terwyl dit julle is wat vyandig was teenoor

^d**26:20 Esek:** Die naam hou verband met die werkwoord wat ‘rusie maak’ of ‘twis’ beteken.

^e**26:21 Sitna:** Die naam kan ‘vyandelikheid’ beteken.

^f**26:22 Rehobot:** Die naam beteken ‘ruimtes’.

***26:23** Gen 21:31; 22:19

***26:24** Gen 15:1; 17:7-8; 21:17; 24:12; 28:13,15; 32:9; 46:1; Eks 3:6; 20:20; Jes 41:10; 43:1,5; Hand 7:32

***26:25** Gen 12:7-8; 13:18

***26:26** Gen 21:22

^g**26:26 sy vriend:** Die woord “vriend” verwys in hierdie geval waarskynlik na die strooijonker wat onder andere vooraf al die reëlins vir Abimeleg se huwelik getref het, en daarna belangrike diplomatieke take moes verrig.

***26:27** Rig 11:7

my, en my van julle af weggestuur het?”²⁸ *Hulle het geantwoord: “Ons het duidelik gesien dat die HERE met jou is. Toe dink ons: Daar moet tog 'n ooreenkoms^h tussen ons wees — tussen ons en jou. Ons wil 'n verdrag met jou sluit: ²⁹ Jy moet ons nie kwaad aandoen nie, net soos ons nie aan jou geraak het nie, en soos wat ons net goed aan jou gedoen en jou ongedeerd weggestuur het. Jy is nou die geseënde van die HERE.”

³⁰ *Isak het toe vir hulle 'n maaltyd voorberei, en hulle het geëet en gedrink. ³¹ *Hulle het vroeg die oggend opgestaan en vir mekaar 'n eed afgelê. Isak het hulle daarna weggesien, en hulle het in vrede van hom af weggegaan.

³² Op dieselfde dag het Isak se slawe gekom en hom ingelig oor die put wat hulle gegrawe het. Hulle het vir hom gesê: “Ons het water gekry!”

³³ Hy het dit toe Seba genoem. Daarom is die naam van die dorp Bersebaⁱ tot vandag toe.

Jakob se bedrog

³⁴ *Toe Esau veertig jaar oud was, het hy Jehudit, die dogter van Beëri, die Hetiet, as vrou geneem, en ook Basemat, die dogter van Elon, die Hetiet. ³⁵ *Vir Isak en Rebekka was hulle 'n bron van bitter verdriet.

***26:28-29** Gen 21:22-23,27; Ps 105:13-15; 115:15

^h**26:28 'n ooreenkoms:** Letterlik ‘n vervloeking’. By so 'n ooreenkoms of verbondsluiting het die deelnemers met eedswering 'n vervloeking oor hulleself uitgespreek, wat sou geld indien hulle nie die voorwaardes van die ooreenkoms of verbond sou nakom nie.

***26:30** Gen 19:3

***26:31** Gen 21:31

ⁱ**26:33 Berseba:** Die naam kan vertaal word “put van sewe” of “put van die eed”.

***26:34** Gen 28:8; 36:2-3

***26:35** Gen 27:46; 28:7-9

27

¹*Toe Isak al oud was en sy oë so verswak het dat hy nie meer kon sien nie, het hy Esau, sy oudste seun, geroep en vir hom gesê: “My seun!” Hy het hom geantwoord: “Ja, pa?” ²*Isak sê toe: “Kyk, ek is oud. Ek ken nie my sterfdag nie. ³Neem nou jou jaggereedskap, jou pylkoker en jou boog, en gaan uit veld toe en jag vir my 'n stuk wild. ⁴Berei dan vir my 'n smaaklike gereg voor soos ek daarvan hou, en bring dit vir my, sodat ek kan eet en jou kan seën voordat ek sterf.”

⁵Rebekka het geluister toe Isak met sy seun Esau praat. Toe Esau veld toe gaan om 'n stuk wild te jag om dit te bring, ⁶sê sy vir haar seun Jakob: “Kyk, ek het jou pa vir jou broer Esau hoor sê, ⁷‘Bring vir my wildsvleis en berei vir my 'n smaaklike gereg voor, sodat ek kan eet en jou in die teenwoordigheid van die HERE kan seën voor my dood.’ ⁸My seun, luister dan nou na wat ek jou beveel! ⁹Gaan na die kleinvee en bring vir my daarvandaan twee mooi bokkies, sodat ek hulle as 'n smaaklike gereg vir jou pa kan voorberei — soos hy daarvan hou. ¹⁰Dan moet jy dit vir jou pa neem, dat hy kan eet, sodat hy jou kan seën voor sy dood.”

¹¹*Maar Jakob het vir Rebekka, sy ma, gesê: “Kyk, my broer Esau is 'n harige man, en ek het 'n gladde vel. ¹²Miskien raak my pa aan my, dan sal ek in sy oë iemand wees wat die spot dryf. Ek sal dan 'n vloek oor my bring en nie 'n seën nie.” ¹³Sy ma het egter vir hom gesê: “Op my kan jou vloek maar rus, my seun. Luister net na my en gaan haal dit vir my!”

¹⁴Hy het dit toe gaan haal en vir sy ma gebring. Sy ma het 'n

*27:1 Gen 25:25; 48:10; 1 Sam 3:2

*27:2-4 Gen 27:19,25; 48:9,15-16; Heb 11:20

*27:11 Gen 25:25

smaaklike gereg voorberei, soos sy pa daarvan hou. ¹⁵ Toe neem Rebekka die beste klere van Esau, haar oudste seun, wat by haar in die huis was, en trek dit vir Jakob, haar jongste seun, aan. ¹⁶ Die vel van die bokkies trek sy toe oor sy arms^j en oor die gladde deel van sy nek, ¹⁷ en sy oorhandig die smaaklike gereg en die brood wat sy voorberei het, aan haar seun Jakob.

¹⁸ Toe hy by sy pa kom, sê hy: “My vader!” Hy het geantwoord: “Ja? Wie is jy, my seun?” ¹⁹ Jakob sê toe vir sy pa: “Ek is Esau, u eersgeborene. Ek het gedoen wat u vir my gesê het. Kom regop, sit en eet van my wildsvleis, sodat u my kan seën.” ²⁰ Toe vra Isak vir sy seun: “Maar hoe het jy dit dan so gou gekry, my seun?” Hy het geantwoord: “Omdat die HERE u God dit vir my so laat gebeur het.”

²¹ Isak sê toe vir Jakob: “Kom bietjie nader, sodat ek aan jou kan voel, my seun, of jy werklik my seun Esau is of nie.” ²² Jakob gaan toe nader aan Isak, sy pa, en hy voel aan hom. Toe sê hy: “Die stem is die stem van Jakob, maar die arms is die arms van Esau.” ²³ Hy het hom egter nie herken nie, want sy arms was harig, soos sy broer Esau se arms.

So het hy hom geseën. ²⁴ Hy het gevra: “Is jy werklik my seun Esau?” En hy het gesê: “Ek is.” ²⁵ Hy sê toe: “Bring die gereg vir my nader; ek wil van die wildsvleis van my seun eet, sodat ek jou kan seën.” Hy het dit vir hom nadergebring en hy het geëet. Hy het ook vir hom wyn gebring en hy het gedrink. ²⁶ Isak, sy pa, het vir hom gesê: “Kom tog nader en soen my, my seun!” ²⁷ ** Jakob het nadergegaan en hom gesoen. Toe Isak die reuk van sy klere kry, het hy hom geseën en gesê:

“Kyk, die reuk van my seun
is soos die reuk van die veld

^j**27:16 arms:** Letterlik ‘hande’. In Hebreeus verwys dit na die voorarms en hande.

***27:27-29** Heb 11:20

***27:27** Ps 65:10-11; Hoogl 4:11; Hos 14:6

wat die HERE geseën het.

²⁸ *Mag God jou van die dou
van die hemel gee,
en die vrugbaarste dele^k
van die aarde,
'n oorvloed koring en nuwe wyn.

²⁹ *Volke sal jou dien
en nasies sal diep voor jou buig.
Wees 'n heerser oor jou broers,
sodat die seuns van jou moeder
diep voor jou sal buig.
Hulle wat jou vervloek, is vervloek,
en hulle wat jou seën, is geseënd.”

³⁰ *Net toe Isak daarmee klaar was om Jakob te seën, en Jakob pas van sy pa Isak af na buite gegaan het, kom sy broer Esau terug van sy jagtog af. ³¹ Ook hy het 'n smaaklike gereg voorberei, dit vir sy pa geneem en vir sy pa gesê: “My pa moet regop kom en van sy seun se wildsvleis eet sodat u my kan seën.” ³² Maar sy pa Isak vra vir hom: “Wie is jy?” Waarop hy antwoord: “Ek is u seun, u eersgeborene, Esau.”

³³ Isak het verskriklik aan die bewe gegaan en gevra: “Wie is dit dan wat wildsvleis gejag en vir my gebring het? Ek het van alles geëet voordat jy ingekom het, en ek het hom geseën. Hy sal dan ook geseënd wees!”

³⁴ Toe Esau sy pa se woorde hoor, het hy baie hard en met groot

***27:28** Gen 27:39; Deut 7:13; 33:13,28; 2 Sam 1:21; Spr 3:20; Hos 14:6; Sag 8:12

^k**27:28 vrugbaarste dele:** Die •bronteks lui “vetste dele”.

***27:29** Gen 12:3; 25:23; 27:37; 49:8; Num 24:9; 2 Sam 8:14; Jes 49:7,23

***27:30-40** Heb 12:17

bitterheid geskreeu. Hy het vir sy pa gesê: “Seën my ook, my vader!”

³⁵ Maar hy het geantwoord: “Jou broer het met bedrog gekom en jou seën gevat!” ³⁶ *Esau het gesê: “Is dit omdat sy naam Jakob is dat hy my nou al twee keer bedrieg^l het? My eersgeboortereg het hy gevat, en kyk, nou het hy my seën gevat!” Toe vra Esau: “Het u nie vir my 'n seën uitgehou nie?” ³⁷ **Isak het geantwoord en vir Esau gesê: “Kyk, ek het hom as heerser oor jou aangestel, en ek het al sy broers vir hom as dienaars gegee. Koring en nuwe wyn het ek vir hom voorsien. Wat kan ek dan nog vir jou doen, my seun?” ³⁸ *Daarop vra Esau vir sy pa: “Het u dan net een seën, my vader? Seën my ook, my vader!” Toe begin Esau hardop huil.

³⁹ *Isak, sy pa, het daarop gereageer en vir hom gesê:

“Kyk, weg van die vrugbaarste dele
van die aarde
sal jou woonplek wees,
en weg van die dou van die hemel
daar bo.

⁴⁰ *Van jou swaard sal jy leef,
en jou broer sal jy dien.
Maar wanneer jy wegbreek,^m

***27:36** Gen 25:32-34; Jer 9:4; Hos 12:4

^l**27:36 bedrieg:** Die naam Jakob en die Hebreeuse woord vir “bedrieg” klink byna dieselfde; vgl ook Gen 25:26.

***27:37-40** Mal 1:2

***27:37** Gen 37:29

***27:38** Heb 12:17

***27:39-40** Gen 36:6; Heb 11:20

***27:40** Gen 25:23; 2 Sam 8:14; Ob vs 21

^m**27:40 wegbreek:** Daar is onsekerheid oor die betekenis van die bronteks, en dit word verskillend vertaal.

sal jy sy juk van jou nek afruk.”

Jakob se vlug

⁴¹ *Esau was vyandig teenoor Jakob oor die seën waarmee sy pa hom geseën het. Esau het vir homself gesê: “Die dae van rou oor my pa kom nader; dan gaan ek my broer Jakob doodmaak.” ⁴² *Toe Rebekka ingelig is oor die woorde van haar oudste seun Esau, het sy haar jongste seun Jakob laat roep en vir hom gesê: “Kyk, jou broer Esau wil hom op jou wreek deur jou dood te maak. ⁴³ My seun, luister dan nou na my: Maak gereed en vlug na my broer Laban* in Haran.* ⁴⁴ Bly 'n tyd lankⁿ by hom totdat die woede van jou broer bedaar het, ⁴⁵ totdat die toorn van jou broer teen jou bedaar het en hy vergeet het wat jy hom aangedoen het. Ek sal dan iemand stuur en jou daar laat haal. Waarom moet ek julle altwee op een dag verloor?”

⁴⁶ *Rebekka het vir Isak gesê: “Ek het 'n weersin in my lewe as gevolg van hierdie Hetitiese vroumense. As Jakob uit die Hetitiese vroue, uit die vroue van die land, 'n vrou neem soos hierdie twee — waarvoor leef ek dan?”

28

¹ *Isak het Jakob geroep en hom geseën. Hy het hom opdrag gegee en vir hom gesê: “Jy mag nie 'n vrou uit die Kanaänitiese vroue neem nie.

*27:41 Gen 32:6

*27:42 — 28:5 Hos 12:13

*27:43 Laban: Gen 24:29-30

*27:43 Haran: Gen 11:31; Hand 7:2

ⁿ27:44 'n tyd lank: Kan ook vertaal word “enkele dae”.

*27:46 Gen 24:3; 26:34-35; 28:8

*28:1 Gen 24:3; 27:46

²*Maak gereed, gaan na Paddan-Aram, na die huis van Betuel, jou ma se pa, en bring vir jou daarvandaan 'n vrou uit die dogters van Laban, jou ma se broer. ³*Mag God, die Almagtige,^o jou seën, jou vrugbaar en talryk maak, sodat jy 'n skare van volke word. ⁴*Mag Hy vir jou die seën van Abraham gee, vir jou en jou nageslag saam met jou, sodat jy die land waar jy as •vreemdeling woon, in besit kan neem — die land wat God vir Abraham gegee het.” ⁵ So het Isak vir Jakob weggestuur, en hy het na Paddan-Aram gegaan, na Laban, seun van Betuel, die Arameër,* die broer van Rebekka, Jakob en Esau se ma.

⁶ Esau het besef dat Isak vir Jakob geseën en hom na Paddan-Aram gestuur het om vir hom daarvandaan 'n vrou te bring, en dat Isak, toe hy hom geseën het, hom beveel het, “Jy mag nie 'n vrou uit die Kanaänitiese vroue neem nie,” ⁷ en dat Jakob na sy pa en ma geluister en na Paddan-Aram gegaan het. ⁸*So het Esau besef dat die Kanaänitiese vroue sleg was in Isak, sy pa, se oë. ⁹ Esau het toe na Ismael gegaan en by die vroue wat hy reeds gehad het, ook Magalat, die dogter van Ismael, seun van Abraham, en suster van Nebajot, vir hom as vrou geneem.

Jakob se droom by Bet-El

¹⁰ Jakob het uit Berseba* vertrek en na Haran* gegaan. ¹¹ Hy kom toe

*28:2 Gen 25:20

*28:3 Gen 1:28; 17:1-2,6; 48:4

^o28:3 **Almagtige:** In Hebreeus *sjaddai*. Daar is onsekerheid oor die betekenis van die naam.

*28:4 Gen 12:1-3; 15:7; 17:8; 37:1

*28:5 **Arameër:** Deut 26:5

*28:8-9 Gen 24:3; 26:34-35; 27:46

*28:10 **Berseba:** Gen 21:31

*28:10 **Haran:** Gen 11:31; Hand 7:2

by 'n plek^p en oornag daar, want die son was al onder. Hy het een van die klippe van die plek geneem, dit as sy kopstut neergesit en op daardie plek gaan lê. ¹² *Hy droom toe: Kyk, daar is trappe^q wat op die aarde staan, waarvan die bopunt na die hemel reik. Daar was boodskappers van God wat daarlangs op- en afgaan! ¹³ *En kyk, die HERE staan bo-aan die trappe en sê: “Ek is die HERE, die God van jou voorvader Abraham, en die God van Isak.* Die grond waarop jy lê — aan jou en jou nageslag gee Ek dit. ¹⁴ Jou nageslag sal wees soos die stof van die aarde. Jy sal uitbrei na die weste, die ooste, die noorde en die suide. Met jou en jou nageslag as voorbeeld sal al die grootfamilies van die aarde hulleself seën toewens.^r ¹⁵ *Kyk, Ek is met jou, en Ek sal jou beskerm oral waar jy gaan. Ek sal jou laat terugkeer na hierdie land, want Ek sal jou nie verlaat nie, totdat Ek gedoen het wat Ek jou beloof het.”

¹⁶ *Jakob het uit sy slaap wakker geword en gesê: “Waarlik, die HERE is op hierdie plek en ek, ek het dit nie besef nie!” ¹⁷ Hy het bang geword en gesê: “Hoe vreesaanjaend is hierdie plek nie! Dit is niks anders as die

^p**28:11 'n plek:** Die Hebreeuse woord word ook gebruik om 'n heilige plek of heiligdom aan te dui.

***28:12** Gen 32:1; 41:1; Num 12:6; Job 33:15; Joh 1:51

^q**28:12 trappe:** Die beeld is dié van trappe wat langs die muur van 'n huis opgaan na die dakkamer. Word ook vertaal “leer”.

***28:13-15** Gen 26:24; 32:12; 35:1; Miga 7:20

***28:13 God ... Isak:** Gen 28:13; Eks 4:5; 6:2; Deut 6:3; 1 Kon 18:36; 1 Kron 29:18; 2 Kron 30:6; Matt 22:32; Hand 7:32

^r**28:14 Met ... toewens:** Dit beteken dat al die grootfamilies sal sê: “Mag ons so geseënd wees soos Jakob en sy nageslag.” Word ook vertaal “in jou en jou nageslag sal al die geslagte van die aarde geseën word”; vgl Gen 12:3.

***28:15** Gen 26:3,24; 31:3; 48:21; Ps 121:5; Heb 13:5

***28:16** Eks 3:4-6; Jos 5:13-15; Ps 139:7-12

huis van God nie. Dit is die poort na die hemel!”

¹⁸* Jakob het die oggend vroeg opgestaan en die klip wat hy as 'n kopstut neergesit het, geneem en dit as 'n gedenksteen^s opgerig. Hy het olie oor die bopunt daarvan uitgegiet. ¹⁹* Hy het die plek Bet-El genoem; maar die naam van die dorp was vroeër Lus.

²⁰* Jakob het toe 'n gelofte afgelê: “As God met my sal wees en my sal beskerm op hierdie pad waarop ek nou gaan, en vir my kos gee om te eet en klere om aan te trek, ²¹ en ek ongedeed terugkeer na my familie, dan sal die HERE my God wees, ²²* en sal hierdie klip wat ek as gedenksteen opgerig het, 'n huis van God wees; en ek sal van alles wat U vir my gee, getrou tiendes aan U afstaan.”

29

Jakob by Laban

¹* Jakob het haastig vertrek^t en na die land van die mense in die ooste^u gegaan. ²* Hy sien toe meteens 'n put in die veld. En kyk, daar was drie troppe kleinvee wat daar rus, want uit hierdie put het hulle die troppe kleinvee water gegee. Die klip oor die opening van die put was groot. ³ Wanneer al die troppe daar bymekaar was, het hulle die klip weggerol

***28:18** Gen 31:13,45; 35:14

^s**28:18 gedenksteen:** 'n Regopstaande klip wat 'n verbondsluiting of 'n goddelike verskyning herdenk.

***28:19** Gen 35:6; 48:3; Rig 1:23,26

***28:20** Gen 31:13; Num 21:2; Rig 11:30-31; 1 Sam 1:11; 2 Sam 15:8; Ps 66:13-14

***28:22** Gen 14:20; 35:1,7; Lev 27:30; Deut 14:22

***29:1** Num 23:7; Rig 6:3; 7:12; Eseg 25:4,10

^t**29:1 Jakob ... vertrek:** Letterlik ‘Jakob het sy voete gelig’. Daar is onsekerheid oor die betekenis van die Hebreeuse idioom.

^u**29:1 mense ... ooste:** Woestynbewoners in die gebiede oos van Palestina.

***29:2-3** Gen 24:11; 29:2

van die opening van die put en die kleinvee water gegee. Dan het hulle die klip teruggeplaas op sy plek oor die opening van die put.

⁴ Jakob vra toe vir hulle: “My broers, waarvandaan is julle?” Hulle het geantwoord: “Ons is van Haran.”^{*} ⁵ Hy vra toe vir hulle: “Ken julle vir Laban, die seun van Nahor?” Hulle het geantwoord: “Ons ken hom.”

⁶ Toe vra hy hulle: “Gaan dit goed met hom?” Hulle het geantwoord: “Goed. Kyk, daar kom Ragel, sy dogter, met die kleinvee aan.” ⁷ Hy sê toe: “Kyk, die dag is nog lank; dit is nie tyd om die vee bymekaar te maak nie. Gee die kleinvee water en laat hulle wei!” ⁸ Hulle het egter gesê: “Ons kan nie voordat al die troppe bymekaar is nie. Dan word die klip van die put se opening af weggerol, en gee ons die kleinvee water.”

⁹ Terwyl hy nog met hulle praat, kom Ragel met die kleinvee wat aan haar pa behoort, daar aan, want sy was 'n veewagter. ¹⁰ Toe Jakob vir Ragel, die dogter van Laban, sy ma se broer, en ook die kleinvee van Laban, sy ma se broer, sien, het hy nader gegaan. Jakob het die klip van die put se opening af weggerol, en die kleinvee van Laban, sy ma se broer, water gegee. ¹¹ Jakob het Ragel gesoen en hardop gehuil.

¹² * Jakob vertel toe vir Ragel dat hy bloedfamilie^v van haar pa is, en dat hy Rebekka se seun is. Sy het gehardloop en dit vir haar pa gaan vertel.

¹³ Toe Laban die nuus oor Jakob, sy suster se seun, hoor, het hy gehardloop om hom te ontmoet, hom omhels, hom gesoen en na sy huis geneem. Jakob het vir Laban die hele gebeure oorvertel. ¹⁴ Laban sê toe vir hom: “Jy is beslis my vlees en bloed.”^w Hy het 'n volle maand by

***29:4 Haran:** Gen 11:31; Hand 7:2

***29:5** Gen 24:15,29-30

***29:12** Gen 28:5

^v**29:12 bloedfamilie:** Letterlik ‘die broer’.

^w**29:14 my vlees en bloed:** Letterlik ‘my been en vlees’; vgl Gen 2:23; Rig 9:2; 2 Sam 5:1; 19:12-13.

hom gebly.

¹⁵ *Daarna sê Laban vir Jakob: “Is dit omdat jy bloedfamilie is dat jy verniet vir my moet werk? Sê vir my wat jou vergoeding moet wees.”

¹⁶ *Laban het twee dogters gehad. Die oudste se naam was Lea en die jongste se naam was Ragel. ¹⁷ Lea se oë was dof,^x maar Ragel het 'n mooi voorkoms gehad; sy was beeldskoon. ¹⁸ *Jakob was verlief op Ragel; hy sê toe: “Ek sal sewe jaar vir u werk vir Ragel, u jongste dogter.” ¹⁹ Laban het geantwoord: “Dit is beter as ek haar vir jou gee as dat ek haar vir 'n ander man gee. Bly by my!” ²⁰ Jakob het toe sewe jaar gewerk vir Ragel. In sy oë was dit soos 'n paar dae, want hy was lief vir haar.

²¹ Jakob sê toe vir Laban: “Gee my vrou, want my dienstyd is voltooi. Ek wil by haar ingaan.^y” ²² Laban het al die manne van die omgewing byeengebring en 'n feesmaal gehou. ²³ Toe dit aand word, het hy sy dogter Lea geneem en haar vir Jakob gebring. Hy het toe by haar ingegaan.^z ²⁴ (Laban het vir haar, vir sy dogter Lea, sy slavin Silpa^{a*} as slavin gegee.)

²⁵ Toe dit oggend word, toe is dit Lea! Hy het vir Laban gesê: “Wat het u my aangedoen? Was dit nie vir Ragel wat ek vir u gewerk het nie?”

*29:15 Gen 30:28; 31:41

*29:16-30 Hos 12:13

^x29:17 dof: Daar is onsekerheid oor die betekenis van die •bronteks. Word ook vertaal “swak” of “sonder glans”.

*29:18-20 Gen 30:26; 31:14-15,41; 34:12

^y29:21 by haar ingaan: Dit verwys na die ingaan in die bruid se kamer waardeur die huwelik voltrek word. Die uitdrukking kan ook beteken ‘ek wil met haar gemeenskap hê’.

^z29:23 ingegaan: Vgl voetnoot by Gen 29:21.

^a29:24 Silpa: Slavinne is as bruidskat aan 'n bruid gegee; vgl Gen 29:29.

*29:24 Silpa: Gen 30:9-13

Waarom het u my mislei?” ²⁶ Laban het geantwoord: “Dit word nie hier by ons so gedoen nie — om die jongste dogter voor die eersgeborene af te gee nie. ²⁷ *Voltooi hierdie een se week,^b dan gee ons vir jou ook die ander een vir die diens wat jy by my sal lewer vir 'n verdere sewe jaar.”

²⁸ Jakob het toe so gemaak. Hy het die week met haar voltooi. Toe gee Laban sy dogter Ragel vir hom as vrou. ²⁹ *Laban het sy slavin Bilha aan sy dogter Ragel as slavin vir haar gegee. ³⁰ Jakob het ook by Ragel ingegaan. Hy het dan ook vir Ragel meer liefgehad as vir Lea. So het hy 'n verdere sewe jaar by Laban gewerk.

³¹ *Die HERE het gesien dat Lea nie geliefd was nie, en Hy het haar moederskoot oopgemaak; maar Ragel was onvrugbaar. ³² *Lea het swanger geword en aan 'n seun geboorte gegee. Sy het hom Ruben genoem, want sy het gesê: “Ja, die HERE het my ellende raakgesien,^c want nou sal my man my liefhê.”

³³ Sy het weer swanger geword en aan 'n seun geboorte gegee. Toe sê sy: “Ja, die HERE het gehoor dat ek nie geliefd is nie, want Hy het my ook hierdie seun gegee.” En sy het hom Simeon^d genoem.

³⁴ *Sy het weer swanger geword en aan 'n seun geboorte gegee. Toe sê sy: “Uiteindelik sal my man hom nou by my aansluit, want ek het al vir

***29:27** Gen 29:20; 31:41; Rig 14:12

^b**29:27 week:** Dit verwys na die huweliksweek wat gehou is nadat die vrou aan die man gegee is; vgl Rig 14:17.

***29:29** Gen 46:25

***29:31** Deut 21:15-17

***29:32** Gen 31:42; Eks 3:7; 4:31; Deut 26:7

^c**29:32 raakgesien:** Die naam Ruben klink in Hebreeus byna soos ‘Kyk, 'n seun!’.

^d**29:33 Simeon:** Die naam hou verband met die Hebreeus vir ‘om te hoor’.

***29:34** Gen 49:5

hom drie seuns in die wêreld gebring.” Daarom het sy^e hom Levi^f genoem.

³⁵ *Sy het weer swanger geword en aan 'n seun geboorte gegee. Sy het gesê: “Hierdie keer sal ek die HERE loof.” Daarom het sy hom Juda^g genoem. Sy het toe opgehou om kinders in die wêreld te bring.

30

¹ *Toe Ragel sien dat sy nie vir Jakob kinders in die wêreld kan bring nie, was sy afgunstig op haar suster. Sy het vir Jakob gesê: “Gee vir my kinders! Indien nie, dan sterf ek!” ² Jakob het kwaad geword vir Ragel en gevra: “Is ek in die plek van God, wat van jou die vrug van die moederskoot weerhou?” ³ *Sy sê toe: “Hier is my slavin Bilha. Gaan by haar in, sodat sy op my knieë geboorte kan gee^h en ook ek deur haar 'n familie kan opbou.ⁱ” ⁴ Sy het toe haar slavin Bilha vir hom as vrou gegee, en Jakob het by haar ingegaan. ⁵ Bilha het swanger geword en vir Jakob 'n seun in die wêreld gebring. ⁶ Toe sê Ragel: “God het aan my reg verskaf en my ook verhoor toe Hy vir my 'n seun gegee het.”

^e29:34 sy: Die •Samaritaanse Pentateug, die •Septuagint en die •Peshitta word hier gevolg. Die bronteks lui “hy”.

^f29:34 Levi: Die naam hou waarskynlik verband met die Hebreeus vir ‘om jouself aan te sluit by’.

*29:35 Matt 1:2; Luk 3:33

^g29:35 Juda: Die naam klink in Hebreeus of dit verband kan hou met “loof”.

*30:1 Gen 29:31; 1 Sam 1:5-6

*30:3 Gen 16:2; 29:29; 35:22

^h30:3 op ... gee: Dit was 'n simboliese handeling waardeur die vrou wat die baba op haar knieë of skoot ontvang, die kind aanneem as haar eie; vgl Rut 4:16-17.

ⁱ30:3 deur ... opbou: Letterlik ‘uit haar gebou word’. Die kind van 'n vrou se slavin, kon as haar eie kind geld; vgl Gen 16:2.

Daarom het sy hom Dan^j genoem.

⁷ Bilha, die slavin van Ragel, het weer swanger geword en vir Jakob 'n tweede seun in die wêreld gebring. ⁸ Ragel het toe gesê: “Ek het 'n bomenslike worstelstryd^k met my suster gehad, maar het ook oorwin!” Sy het hom Naftali^l genoem.

⁹ *Toe Lea sien dat sy opgehou het om kinders in die wêreld te bring, het sy Silpa, haar slavin, geneem en haar vir Jakob as vrou gegee.

¹⁰ Silpa, die slavin van Lea, het vir Jakob 'n seun in die wêreld gebring.

¹¹ Lea het gesê: “Geluk het gekom!” Sy het hom Gad^m genoem.

¹² Silpa, Lea se slavin, het vir Jakob 'n tweede seun in die wêreld gebring. ¹³ *Lea het gesê: “Tot my geluk! Want die vroue sal my gelukkig noem.” Sy het hom Aserⁿ genoem.

¹⁴ *Ruben het in die tyd van die koringoes uitgegaan en in die land op alruin^o afgekom. Hy het dit vir Lea, sy ma, geneem. Ragel het vir Lea gesê: “Gee asseblief vir my van jou seun se alruin.” ¹⁵ Maar sy het haar geantwoord: “Was dit nie vir jou genoeg om my man te vat nie, dat jy ook nog my seun se alruin wil vat?” Daarop sê Ragel toe: “Nou goed, hy mag maar vannag by jou slaap in ruil vir jou seun se alruin.” ¹⁶ Toe Jakob teen die aand van die land af kom, het Lea uitgegaan om hom te ontmoet en vir hom gesê: “Na my moet jy kom, want ek het jou eerlik

^j30:6 **Dan:** Die naam beteken ‘Hy het reg verskaf’.

^k30:8 **bomenslike worstelstryd:** Letterlik ‘worstelstryde van God’.

^l30:8 **Naftali:** Die naam klink in Hebreeus soos ‘worstelstryde’.

*30:9 Gen 29:24

^m30:11 **Gad:** Die naam, in Hebreeus uitgespreek as *ghad*, beteken ‘geluk’.

*30:13 Luk 1:48

ⁿ30:13 **Aser:** Die naam Aser klink byna soos die woord vir ‘gelukkig’ in Hebreeus.

*30:14-15 Hoogl 7:13

^o30:14 **alruin:** 'n Narkotiese plant waarvan die wortels as 'n erotiese simbool beskou is.

gehuur met my seun se alruin.” Hy het toe daardie nag by haar geslaap.

¹⁷ God het Lea verhoor; sy het swanger geword en vir Jakob 'n vyfde seun in die wêreld gebring. ¹⁸ Lea sê toe: “God het my beloning vir my gegee, omdat ek my slavin vir my man gegee het.” Sy het hom Issaskar^p genoem.

¹⁹ Lea het weer swanger geword en 'n sesde seun vir Jakob in die wêreld gebring. ²⁰ *Lea het gesê: “God het vir my 'n mooi geskenk gegee! Hierdie keer sal my man sy intrek by my neem,^q want ek het vir hom ses seuns in die wêreld gebring.” Sy het hom Sebulon^r genoem ²¹ Daarna het Lea geboorte gegee aan 'n dogter, en sy het haar Dina genoem.

²² *God het ook aan Ragel gedink. God het haar verhoor en haar moederskoot oopgemaak. ²³ *Sy het swanger geword en aan 'n seun geboorte gegee. Sy het gesê: “God het my bespotting weggeneem!” ²⁴ *Sy het hom Josef^s genoem en gesê: “Mag die HERE vir my nog 'n seun byvoeg.”

Jakob se rykdom

²⁵ Nadat Ragel aan Josef geboorte gegee het, het Jakob vir Laban gesê:

^p**30:18 Issaskar:** 'n Deel van die naam klink soos die Hebreeuse werkwoord vir ‘beloon’ of ‘huur’.

^{*}**30:20** Gen 33:5

^q**30:20 sal ... neem:** Daar is onsekerheid oor die betekenis van die bronteks. Word ook vertaal “sal my man my verhef” (tot volwaardige vrou), of “sal my man my verdra”.

^r**30:20 Sebulon:** Die naam word geassosieer met die Hebreeuse woord wat as “sy intrek neem” vertaal kan word.

^{*}**30:22** Gen 29:31

^{*}**30:23** Jes 4:1; Luk 1:25

^{*}**30:24** Gen 35:17

^s**30:24 Josef:** Die naam beteken ‘mag Hy byvoeg’.

“Laat my gaan, sodat ek na my plek en my land kan gaan. ²⁶ *Gee vir my my vroue en my kinders, vir wie ek vir jou gewerk het, sodat ek kan gaan, want jy weet self watter werk ek vir jou gedoen het.” ²⁷ *Laban het hom geantwoord: “As jy my asseblief net goedgesind sal wees! Ek het uit voortekens te wete gekom dat die HERE my geseën het om jou ontwil.” ²⁸ *Verder sê hy: “Bepaal vir my jou loon, en ek sal dit vir jou gee.” ²⁹ *Hy het hom geantwoord: “Jy weet self hoe ek vir jou gewerk het, en wat met jou veestapel by my gebeur het. ³⁰ *Ja, min het jy gehad voor my koms, maar dit het geweldig toegeneem, en die HERE het jou geseën waar my voet getrap het. Maar nou, wanneer kan ek ook iets vir my huis doen?” ³¹ Laban het gevra: “Wat moet ek vir jou gee?” Jakob het geantwoord: “Jy hoef my nie enigiets te gee nie. As jy die volgende vir my doen, sal ek weer jou kleinvee laat wei en oppas: ³² *Ek sal vandag al jou kleinvee deurgaen en elke bont en gevlekte dier uitkeer — elke donkerkleurige dier onder die jong skape, en die gevlekte en bontes onder die bokke.^u Dit sal my loon wees. ³³ My eerlikheid sal in die toekoms vir my getuig wanneer jy kom om my loon na te gaan.^v Alles wat nie bont en gevlek is onder die bokke, of donkerkleurig is onder die jong skape nie, sal gesteelde goedere by my wees.”

***30:26** Gen 29:18,20,27; 31:43; Hos 12:13

***30:27** Gen 26:24; 39:3,5

^t**30:27 Ek ... ontwil:** Word ook vertaal “ek het ryk geword en die Here het my geseën om jou ontwil”.

***30:28** Gen 29:15; 31:7,41

***30:29** Gen 31:6,38-40

***30:30** 1 Tim 5:8

***30:32** Gen 31:8

^u**30:32 deurgaen ... bokke:** Skape was gewoonlik wit, en bokke was swart.

^v**30:33 om ... gaan:** Letterlik ‘oor my loon voor jou’. Die kleinvee moes voor hom verbygaan.

³⁴ Laban het gesê: “Goed, as dit maar net gebeur soos jy sê!” ³⁵ Hy het egter dieselfde dag die gestreepte en gevlekte bokramme en al die bont en gevlekte bokooie, almal wat wit aan hulle gehad het, en al die donkerkleuriges onder die jong skape, uitgekeer en hulle in die sorg van sy seuns gelaat. ³⁶ Hy het 'n afstand van drie dagreise tussen hom en Jakob gehandhaaf. Jakob het die res van Laban se kleinvee laat wei.

³⁷ Jakob het groen latte van populiere, amandelbome en platane geneem. Hy het stroke bas daarvan afgeskil om die wit^w van die latte te ontbloot. ³⁸ Toe sit hy die takke wat hy geskil het, in die waterbakke reg voor die kleinvee, in die drinkbakke waarheen die kleinvee kom om te drink. Hulle het bronstig geraak wanneer hulle kom om te drink. ³⁹ *So het die kleinvee by die latte bronstig geraak, en die kleinvee het gestreepte, bont en gevlekte lammers gekry. ⁴⁰ Jakob het dié jong skape afgesonder. Hy het die kleinvee laat kyk in die rigting van die gestreeptes en al die donkerkleuriges onder Laban se kleinvee. So het Jakob vir homself afsonderlike kuddes opgebou en hulle nie saam met Laban se kleinvee aangehou nie.

⁴¹ Telkens wanneer ook al die sterkste ooie bronstig was, het Jakob die latte in die waterbakke neergesit, voor die oë van die kleinvee, sodat hulle by die latte bronstig kon wees. ⁴² Wanneer die kleinvee egter swak was, het hy dit nie neergesit nie. Die swakkes was vir Laban en die sterkes vir Jakob. ⁴³ *Die man se besittings het geweldig uitgebrei. Hy het baie kleinvee, slavinne, slawe, kamele en donkies gehad.

^w**30:37 wit:** Die naam Laban beteken ‘wit’.

***30:39** Gen 31:10-12

***30:43** Gen 12:16; 13:2; 24:35; 26:13-14; 30:30

Jakob se terugkeer

¹ Jakob^x het die woorde van Laban se seuns gehoor toe hulle sê: “Jakob het alles gevat wat aan ons pa behoort; uit wat aan ons pa behoort, het hy al hierdie rykdom bymekaargemaak.” ² Jakob het dit aan Laban se gesig gesien — kyk, hy was nie meer teenoor hom soos gister en eergister nie! ³ *Die HERE sê toe vir Jakob: “Gaan terug na die land van jou voorouers en na jou familie. Ek sal met jou wees.”

⁴ Jakob het Ragel en Lea ontbied na die veld toe, na sy kleinvee toe, ⁵ *en vir hulle gesê: “Ek sien aan julle pa se gesig dat hy nie meer teenoor my is soos gister en eergister nie. Maar die God van my vader was met my. ⁶ *Julle weet tog self dat ek met al my krag vir julle pa gewerk het. ⁷ *Maar julle pa het my vir die gek gehou en my vergoeding tien keer verander. God het hom egter nie toegelaat om my skade aan te doen nie. ⁸ *As hy sê, ‘Bontes sal jou loon wees,’ dan lam al die kleinvee bontes; en as hy weer sê, ‘Gestreeptes sal jou loon wees,’ dan lam al die kleinvee gestreeptes. ⁹ God het julle pa se vee weggeneem en dit vir my gegee. ¹⁰ In die tyd toe die kleinvee bronstig was, het ek in 'n droom rondgekyk en gesien: Kyk, die ramme wat die kleinvee dek, is gestreep

^x**31:1 Jakob:** Die •bronteks lui “hy”.

***31:3** Gen 28:15; 32:9

***31:5** Gen 28:13; 31:42

***31:6** Gen 30:29

***31:7** Gen 29:25; 31:41

***31:8** Gen 30:32

en bont en gespikkel. ¹¹ *Die Engel van God^y het in die droom vir my gesê, ‘Jakob!’ en ek het geantwoord, ‘Hier is ek!’ ¹² *Hy sê toe, ‘Kyk rond, dan sal jy sien dat al die ramme wat die kleinvee dek, gestreep, bont en gespikkel is. Ek het immers alles gesien wat Laban jou aandoen. ¹³ Ek is die God van Bet-El,^z waar jy 'n gedenksteen^a gesalf het, waar jy aan My 'n gelofte afgelê het. Maak nou gereed, trek weg uit hierdie land en keer terug na die land van jou herkoms.’ ”

¹⁴ Ragel en Lea het daarop geantwoord en vir hom gesê: “Het ons nog enige aandeel aan of erfenis in die huis van ons pa? ¹⁵ *Is ons nie deur hom as vreemdes beskou nie? Want hy het ons verkoop, en ons koopprys^b ook volledig opgebruik. ¹⁶ Ja, al die rykdom wat God van ons pa weggeneem het, kom ons en ons kinders toe. Daarom, alles wat God vir jou gesê het, doen dit!”

¹⁷ Jakob het toe gereedgemaak, sy kinders en sy vroue op kamele getel ¹⁸ en al sy vee aangejaag — al sy besittings wat hy bekom het, sy eie veestapel wat hy bekom het in Paddan-Aram — om na Isak, sy pa, na die land Kanaän te gaan.

***31:11** Gen 16:7; 22:11; 48:16

^y**31:11 Engel van God:** Die boodskapdraer en verteenwoordiger van die hemelse hofhouding wat as boodskapper van God direk namens Hom praat. Word ook vertaal “Boodskapper van God”.

***31:12** Gen 30:37-40; Eks 3:7

^z**31:13 God van Bet-El:** Die betekenis van die bronteks is onduidelik.

^a**31:13 gedenksteen:** 'n Regopstaande klip wat 'n verbondsluiting of 'n goddelike verskyning herdenk.

***31:15** Gen 29:19-30

^b**31:15 ons koopprys:** Letterlik ‘ons silwer’. Dit verwys na die waarde van Jakob se werk vir veertien jaar lank wat hy as bruidsprys betaal het, en wat Laban volgens gebruik vir sy twee dogter in die vorm van geld moes gee.

¹⁹ *Toe Laban gegaan het om sy kleinvee te skeer, het Ragel die huisgode^c gesteel wat aan haar pa behoort. ²⁰ Jakob het Laban, die Arameër, se vertrouwe geskend^d deurdat hy hom nie ingelig het dat hy gaan vlug nie. ²¹ Hy het gevlug met alles wat aan hom behoort. Hy het gereedgemaak, die Rivier^e oorgesteek en koers ingeslaan^f in die rigting van die bergland van Gilead.

²² Op die derde dag is daar aan Laban berig gebring dat Jakob gevlug het. ²³ Hy het toe sy familieledede saam met hom geneem en Jakob agternagesit, sewe dagreise lank. Toe was hy op sy hakke in die bergland van Gilead. ²⁴ *God het egter in 'n droom in die nag na Laban, die Arameër, gekom en vir hom gesê: “Pasop dat jy nie in enige woordewisseling met Jakob betrokke raak nie.”^g”

²⁵ Laban het Jakob ingehaal. Jakob het sy kamp opgeslaan in die bergland, en Laban met sy familieledede het hulle kamp opgeslaan in die bergland van Gilead. ²⁶ Laban sê toe vir Jakob: “Wat het jy gedoen? Jy het my vertrouwe geskend en my dogters soos krygsgevangenes weggevoer. ²⁷ Waarom het jy in die geheim gevlug en my vertrouwe geskend? Jy het my nie ingelig nie. Ek sou jou weggesien het met vreugde en liedere, met tamboeryne en liere.^h ²⁸ Maar jy het my nie die geleentheid gegee om my kleinseuns en my dogters te soen nie. Jy het

***31:19** Gen 31:30,34; 35:2; Rig 17:5; 1 Sam 19:13; Hos 3:4

^c**31:19 huisgode:** Beeldjies wat mense in hulle afgodsdienste gebruik het.

^d**31:20 vertrouwe geskend:** Die Hebreuse idioom lui “sy gedagtes gesteel”.

^e**31:21 Rivier:** Dit verwys na die Eufraat. In die tyd van die OT het die Eufraat deur die ryke van Babel en Assirië, die vyande van Israel, gevloei.

^f**31:21 koers ingeslaan:** Die Hebreuse idioom lui “sy gesig geplaas”.

***31:24** Gen 20:3,6; 24:50

^g**31:24 in enige ... raak nie:** Letterlik ‘nie met Jakob woorde wissel van goed tot kwaad nie’.

^h**31:27 liere:** 'n Driehoekige snaarinstrumente met vier snare.

nou 'n dwase ding gedoen. ²⁹ Dit is binne my mag om julle kwaad aan te doen; maar die God van julle vader het verlede nag vir my gesê, ‘Pasop dat jy nie in enige woordewisseling met Jakob betrokke raak nie.’

³⁰ *Maar nou is jy vasbeslote op pad omdat jy so erg verlang na jou ouerhuis. Waarom het jy dan my gode gesteel?”

³¹ Jakob het hom verweer en vir Laban gesê: “Ek het weggegaanⁱ omdat ek bang was! Want ek het gedink anders sal jy jou dogters met geweld van my afneem. ³² *By wie ook al jy jou gode vind — hy mag nie bly leef nie. Voor ons familieledede sê ek, ‘Wys uit wat van jou by my is, en neem dit vir jou!’ ” Jakob het nie geweet dat Ragel dit gesteel het nie.

³³ Laban het in Jakob se tent ingegaan, ook in Lea se tent en dié van die twee slavinne, maar niks gekry nie. Toe hy uit Lea se tent kom, het hy in Ragel se tent ingegaan. ³⁴ Ragel het egter die huisgode geneem, dit in die saalsak van 'n kameel gesteek en daarop gaan sit. Laban het alles in die tent deursoek, maar niks gekry nie. ³⁵ *Ragel sê toe vir haar pa: “Moet my nie kwaad aankyk nie, my heer, omdat ek nie vir u kan opstaan nie, want dit is met my soos dit soms met vroue is.” Hy het deeglik gesoek, maar kon nie die huisgode kry nie.

³⁶ Jakob het kwaad geword en sy saak teenoor Laban gestel. Jakob het homself verdedig en vir Laban gesê: “Wat is my oortreding? Wat het ek verkeerd gedoen dat jy so op my spoor is? ³⁷ Want jy het al my goed deursoek! Wat het jy, van enigiets wat uit jou huis kom, gevind? Sit dit dan hier voor my familieledede en jou familieledede neer, sodat hulle tussen

***31:30** Gen 31:19; Jos 24:2; Rig 18:24

ⁱ**31:31 Ek het weggegaan:** Hierdie woorde kom nie in die bronteks voor nie, maar word veronderstel.

***31:32** Gen 44:9

***31:35** Lev 15:19-21,32

ons twee kan beslis. ³⁸ *Twintig jaar was ek nou by jou gewees. Jou skaapooie en jou bokooie het nie misgeboortes gehad nie. Die ramme van jou kleinvee het ek nie geëet nie. ³⁹ Diere wat verskeur is, het ek nie na jou geneem nie; ek moes self die skade ly. Uit my hand het jy geëis wat bedags gesteel is en snags gesteel is. ⁴⁰ So het dit met my gegaan: Bedags het die hitte my verteer, en die koue snags. Slaap het van my oë weggevlug. ⁴¹ *So was dit vir my twintig jaar lank in jou huis. Ek het vir jou veertien jaar gewerk vir jou twee dogters, en ses jaar vir jou kleinvee; en jy het my vergoeding tien keer verander. ⁴² *As die God van my voorvader, die God van Abraham, die Vrees van Isak, nie vir my was nie, ja, dan sou jy my nou met leë hande weggestuur het. Maar my ellende en die moeitevolle arbeid van my hande — God het dit gesien, en verlede nag daarvoor beslis.”

⁴³ *Laban reageer toe daarop en sê vir Jakob: “Die dogters is my dogters, en die kinders is my kinders, en die kleinvee is my kleinvee. Alles wat jy sien, behoort aan my. Maar my dogters, hoe kan ek hulle vandag iets aandoen, of hulle kinders wat hulle in die wêreld gebring het? ⁴⁴ *Kom dan nou, laat ons 'n ooreenkoms aangaan, ek en jy, en dit sal 'n getuie wees tussen my en jou.”

⁴⁵ *Jakob het toe 'n klip geneem en dit as gedenksteen opgerig. ⁴⁶ Jakob het ook vir sy familieledes^j gesê: “Maak klippe bymekaar!” Hulle het toe klippe geneem en op 'n hoop gepak. Daar by die klipstapel het hulle

*31:38-41 Hos 12:13

*31:41 Gen 29:27,30

*31:42 Gen 29:32; 31:5,24,29; Eks 3:7

*31:43 Gen 30:26

*31:44 Gen 21:27,32; 26:28

*31:45 Gen 28:18; Jos 24:26-27

^j31:46 familieledes: Letterlik ‘broers’.

geëet. ⁴⁷ Laban het dit Jegar-Sahaduta^k genoem, maar Jakob het dit Gal-Ed^l genoem. ⁴⁸ Laban het gesê: “Hierdie klipstapel is vandag 'n getuie tussen my en jou.” Daarom is dit Gal-Ed genoem, ⁴⁹ * en ook Mispa,^m omdat hy gesê het: “Mag die HERE waghou tussen my en jou wanneer ons mekaar nie meer sien nie.ⁿ ⁵⁰ * As jy my dogters verneder, en as jy benewens my dogters nog vroue neem — al is daar geen mens by ons nie — besef dan: God is getuie tussen my en jou.”

⁵¹ Laban sê toe ook vir Jakob: “Hier is hierdie klippe, en hier is die gedenksteen wat ek opgerig het tussen my en jou. ⁵² Hierdie stapel klippe is 'n getuie en die gedenksteen is 'n getuie: Ek mag beslis nie by hierdie klipstapel verbytrek na jou toe nie, en jy mag beslis nie by hierdie klipstapel en hierdie gedenksteen verbytrek na my toe met kwade bedoelings nie. ⁵³ * Die God van Abraham en die god van Nahor, hulle sal tussen ons beslis.” Dit is die God van hulle voorvader.^o Jakob het 'n eed afgelê by die Vrees van sy pa Isak. ⁵⁴ Daarna het Jakob 'n offerdier geslag op die berg, en sy familieledede* genooi om 'n maaltyd te eet. Hulle het die maaltyd geëet en die nag op die berg oorgebly.

^k**31:47 Jegar-Sahaduta:** Die •Aramees vir ‘klipstapel van die getuienis’.

^l**31:47 Gal-Ed:** Die Hebreëus vir ‘klipstapel van die getuie’. Dit sinspeel op die streeknaam Gilead.

***31:49** Rig 11:29; 1 Sam 7:5-6

^m**31:49 Mispa:** Die naam beteken ‘wagpos’ of ‘uitkykpos’.

ⁿ**31:49 wanneer ... sien nie:** Letterlik ‘wanneer ons verborge is, 'n man van sy vriend’.

***31:50** Rig 11:10; 1 Sam 12:5; Job 16:19; Jer 42:5; Miga 1:2

***31:53** Gen 16:5; 21:23; 26:24; Jos 24:2

^o**31:53 Dit is ... voorvader:** Hierdie sin is waarskynlik bedoel as 'n korreksie op die woorde “hulle sal tussen ons oordeel”. Die sin kan ook vertaal word “Dit is die gode van hulle voorvader.”

***31:54 sy familieledede:** Vgl Gen 31:23

^{55 p*}Laban het vroeg die oggend opgestaan, sy kleinseuns en sy dogters gesoen en hulle geseën. Toe het Laban weggegaan en teruggekeer na sy plek.

32

^{1 q*}Jakob het sy reis voortgesit. Engele van God het hom teëgekom.

^{2 *}Jakob het, toe hy hulle sien, gesê: “Dit is die leer van God!” Hy het daardie plek toe Maganajim^f genoem.

^{3 *}Jakob het boodskappers voor hom uit gestuur na Esau, sy broer, na die land Seïr, in die gebied van Edom. ^{4 *}Hy het hulle opdrag gegee: “So moet julle vir my heer, vir Esau, sê, ‘So sê u dienaar Jakob: “By Laban het ek as •vreemdeling gewoon, en ek het daar vertoef tot nou toe. ^{5 *}Ek het beeste en donkies, kleinvee, slawe en slavinne. Ek stuur graag die boodskappers om my heer in te lig, sodat ek guns kan vind in u oë.” ’ ’ ”

^{6 *}Die boodskappers het na Jakob teruggekeer en gesê: “Ons het by u broer Esau aangekom. Wat meer is, hy is op pad om u te ontmoet, met vierhonderd man by hom!” ^{7 *}Jakob het baie bang geword; dit het hom benoud gemaak. Hy het toe die mense wat by hom was, die kleinvee,

^p**31:55** Die bronteks en sommige vertalings nommer hierdie vers as Gen 32:1.

^{*}**31:55** Gen 28:1; 31:28

^q**32:1-32** Die •bronteks en sommige vertalings nommer hierdie verse as Gen 32:2-33.

^{*}**32:1** Gen 28:12; 2 Kon 6:16-17; Ps 34:8; 91:11-12; Heb 1:14

^{*}**32:2** Jos 5:14; 21:38; 2 Sam 2:8; 17:24,27; 1 Kon 2:8; Luk 2:13

^f**32:2 Maganajim:** Die naam beteken ‘twee leërmagte’ of ‘twee kampe’.

^{*}**32:3** Gen 36:8-9; Deut 2:5; Jos 24:4

^{*}**32:4** Gen 31:41

^{*}**32:5** Gen 30:43; 33:8,15

^{*}**32:6** Gen 33:1

^{*}**32:7** Gen 35:3

die beeste en kamele in twee kampe verdeel. ⁸ Hy het gedink: As Esau op die een kamp afkom en dit aanval, kan die kamp wat oorbly, ontvlug.

⁹ *Jakob het gesê: “God van my voorvader Abraham, God van my vader Isak, HERE, U wat vir my gesê het, ‘Gaan terug na jou land en jou familie, en Ek sal aan jou goed doen,’ ¹⁰ — *ek is te gering vir al die gunsbewyse en al die trou wat U aan u dienskneg bewys het, want ek het met net my wandelstok hierdie Jordaan oorgesteek, en nou het ek twee vol kampe geword. ¹¹ *Red my asseblief uit die hand van my broer, uit die hand van Esau, want ek is bang vir hom. Anders kom hy en verslaan my — die ma's saam met die kinders. ¹² *U het self gesê, ‘Ek sal beslis aan jou goed doen en jou nageslag maak soos die sand van die see, wat vanweë die hoeveelheid nie getel kan word nie.’ ”

¹³ *Jakob het daardie nag daar oorgebly. Toe het hy uit wat hy bekom het, vir sy broer Esau 'n geskenk gehaal: ¹⁴ tweehonderd bokooie en twintig bokramme, tweehonderd skaapooie en twintig skaapramme, ¹⁵ dertig kameelkoeie in melk met hulle kalwers, veertig koeie en tien bulle, twintig donkiemerries en tien donkiehingste. ¹⁶ Hy het dit onder die toesig van sy slawe geplaas — trop vir trop elkeen op sy eie. Hy het vir sy slawe gesê: “Trek voor my uit, maar hou 'n afstand tussen trop en trop.” ¹⁷ Hy het die eerste een opdrag gegee: “As my broer Esau jou teëkom en vir jou vra, ‘Aan wie behoort jy; waarheen gaan jy, en aan wie behoort daardie diere voor jou?’ ¹⁸ moet jy sê, ‘Dit behoort aan u dienaar, aan Jakob. Dit is 'n geskenk, gestuur vir my heer, vir Esau.

***32:9** Gen 28:13; 31:3,13,42,53

***32:10** Gen 24:27

***32:11** Gen 27:41-42; 33:4

***32:12** Gen 22:16-17; 28:13-15; Heb 11:12

***32:13-15** Gen 33:8; 43:11; Spr 21:14

Kyk, hy is ook self agter ons.’ ”

¹⁹Hy het aan sowel die tweede en die derde slaaf,^s asook aan almal wat agter die troppe loop, opdrag gegee: “Julle moet hierdie selfde woorde vir Esau sê wanneer julle hom teëkom,²⁰ en julle moet ook sê, ‘Kyk, u dienaar Jakob is agter ons.’ ” Want hy het gedink: Ek wil hom tot bedaring bring^t met die geskenk wat voor my uit gaan; daarna sal ek hom persoonlik ontmoet.^u Miskien aanvaar hy my.^v ²¹Die geskenk het voor hom uit gegaan, maar hy self het daardie nag in die kamp oornag.

²²*In daardie nag het hy opgestaan, sy twee vroue, sy twee slavinne en sy elf kinders geneem en deur die drif van die Jabbok gegaan. ²³Hy het hulle geneem, hulle deur die spruit laat gaan, en alles wat aan hom behoort, laat deurgaan. ²⁴*Jakob het alleen agtergebly, en 'n man het met hom geworstel tot dagbreek toe. ²⁵Toe hy sien dat hy Jakob nie kan oorweldig nie, het hy hom op sy heupgewrig getref. Jakob se heup is in die worsteling met hom ontwrig. ²⁶Hy het gesê: “Laat my gaan, want die dag breek.” Maar Jakob het gesê: “Ek sal u nie laat gaan nie, tensy u my seën.” ²⁷Toe vra hy: “Wat is jou naam?” En hy antwoord: “Jakob.” ²⁸*Toe sê hy: “Jy sal nie meer Jakob genoem word nie, maar Israel. Want jy het met God en mense^w stryd gevoer, en het oorwin.” ²⁹*Jakob vra toe en sê: “Maak asseblief u naam bekend!” Maar hy het geantwoord: “Waarom vra jy dan my naam?” Hy het hom toe daar

^s**32:19 slaaf:** Hierdie woord ontbreek in die bronteks, maar word veronderstel.

^t**32:20 hom ... bring:** Die Hebreeuse idioom lui “sy gesig bedek”.

^u**32:20 hom ... ontmoet:** Die Hebreeuse idioom lui “sy gesig sien”.

^v**32:20 Miskien ... my:** Die Hebreeuse idioom lui “Miskien lig hy my gesig op”.

^{*}**32:22** Num 21:24; Deut 2:37; 3:16; Jos 12:2

^{*}**32:24** Hos 12:3-4

^{*}**32:28** Gen 35:10; 1 Kon 18:31; 2 Kon 17:34; Jes 43:1; Hos 12:5

^w**32:28 God en mense:** Kan ook vertaal word “gode en mense”; vgl Rig 9:9,13.

^{*}**32:29** Gen 35:9; Rig 13:17-18

geseën.

³⁰* Jakob het die plek Pniël^x genoem, “want,” het hy gesê, “ek het God^y van aangesig tot aangesig gesien, en tog is my lewe gered.”

³¹ Hy het die son sien opkom^z net toe hy by Pnuel verbygaan. Hy was mank aan sy heup. ³² Daarom eet die Israeliete tot vandag toe nie die seningrige spier wat aan die heupgewrig vas is nie, omdat hy die heupgewrig van Jakob, die seningrige spier, getref het.

33

Jakob en Esau se herontmoeting

¹* Toe Jakob opkyk, sien hy: Daar kom Esau aan met vierhonderd man by hom! Hy het die kinders onder Lea en Ragel en die twee slavinne verdeel. ² Hy het die slavinne en hulle kinders eerste geplaas, Lea en haar kinders agter hulle, en Ragel en Josef laaste. ³* Hy self het voor hulle uit gegaan en sewe keer diep neergebuig teen die grond, totdat hy naby sy broer gekom het. ⁴* Esau het hom tegemoet gehardloop en hom omhels. Hy het hom om die nek geval en hom gesoen. Hulle het gehuil.

⁵* Toe Esau rondkyk en die vroue en kinders sien, vra hy: “Wie is hierdie mense by jou?” Hy het geantwoord: “Dit is die kinders wat God uit genade vir u dienaar gegee het.” ⁶ Die slavinne, hulle en hulle

***32:30** Gen 16:13; Eks 24:10-11; 33:20; Rig 6:22; 13:22; Matt 5:8; 1 Kor 13:12

^x**32:30 Pniël:** Die naam beteken ‘die gesig van God’ of ‘die gesig van 'n god’, en word in Gen 32:31 en die res van die OT Pnuel genoem.

^y**32:30 God:** Kan ook vertaal word “'n god”.

^z**32:31 Hy ... opkom:** Letterlik ‘Die son het vir hom opgekom’.

***33:1** Gen 32:6-7,22

***33:3** Gen 18:2; 42:6; 43:26

***33:4** Gen 32:28; 45:14

***33:5** Gen 29:31; 30:6; 48:9; Ps 127:3; Jes 8:18

kinders, het nader gekom en diep gebuig. ⁷ Ook Lea en haar kinders het nader gekom en diep gebuig. Daarna het Josef en Ragel nader gekom en diep gebuig.

⁸ *Esau vra toe: “Wat is jou bedoeling met hierdie hele leërskaar wat ek teëgekome het?” Jakob het geantwoord: “Dit is om guns te vind in die oë van my heer.” ⁹ Daarop sê Esau: “Ek het baie, my broer; wat joune is, moet joune bly.” ¹⁰ Jakob het egter gesê: “Nee, asseblief! As ek guns gevind het in u oë, neem dan my geskenk uit my hand. Juis daarom kon ek u gesig sien, net soos 'n mens God se gesig sien — en u het my aanvaar.” ¹¹ *Aanvaar dan asseblief my geskenk wat vir u gebring is, want God was my genadig, en ek het alles.” Hy het by hom aangedring, en hy het dit toe aanvaar.

¹² Esau het gesê: “Kom ons breek kamp op en gaan verder. Ek sal voor jou trek.” ¹³ Maar hy het vir hom gesê: “My heer weet dat die kinders swak is, en dat daar by my klein- en grootvee in melk is. As hulle net een dag hard gedryf word, is al die kleinvee dood. ¹⁴ My heer kan gerus voor sy dienaar uit trek. Ek sal self rustig verder trek teen die pas van die diere voor my, en teen die pas van die kinders, totdat ek by my heer in Seir* aankom.” ¹⁵ *Esau sê toe: “Laat ek dan van die manskappe wat by my is, by jou agterlaat.” Hy het egter gesê: “Waarom juis dit? Mag ek maar net guns vind in die oë van my heer.”

¹⁶ Esau het daardie dag omgedraai, op sy pad na Seir toe. ¹⁷ *Maar

***33:8** Gen 32:5,13-15

^a**33:10 neem ... aanvaar:** Die woorde “God se gesig sien” is 'n vaste uitdrukking vir die besoek aan 'n heiligdom, waarheen mens altyd 'n geskenk neem. Die woorde “'n god se gesig sien” sinspeel ook op die naam Pniël; vgl Gen 32:30.

***33:11** Gen 30:43; 1 Sam 25:27; 30:26

***33:14 Seir:** Gen 14:6; 32:3

***33:15** Gen 34:11; 47:25; Rut 2:13

***33:17** Jos 13:27; Rig 8:5; Ps 60:8

Jakob het na Sukkot getrek. Hy het vir hom 'n huis gebou en vir sy vee takkrale gemaak. Daarom het hy die plek Sukkot^b genoem.

Jakob in Sigem

¹⁸ So het Jakob, toe hy uit Paddan-Aram gekom het, ongedeerd aangekom by Sigem se dorp,^c wat in die land Kanaän is. Hy het aan die oostekant van die dorp kamp opgeslaan. ¹⁹ *Die stuk veld waar hy sy tente opgeslaan het, het Jakob van die seuns van Gamor, Sigem se pa, gekoop vir 'n honderd kesita.^d ²⁰ Jakob het daar 'n altaar opgerig en dit El-Elohe-Israel^e genoem.

34

¹ *Dina, die dogter wat Lea vir Jakob in die wêreld gebring het, het uitgegaan om na die dogters van die omgewing te gaan kyk. ² *Toe Sigem, die seun van Gamor, die Hewiet, en die leier van die gebied, haar sien, het hy haar geneem, by haar geslaap en haar verneder. ³ Hy was geheg aan Dina, die dogter van Jakob. Hy het verlief geraak op die jong meisie, en hy het mooi met die jong meisie gepraat.^f ⁴ *Sigem sê toe vir Gamor, sy pa: “Kry vir my hierdie meisie as vrou.”

^b**33:17 Sukkot:** Die naam beteken ‘takskuilings’.

^c**33:18 Sigem se dorp:** Sigem is hier die naam van 'n persoon; vgl Gen 33:19.

^{*}**33:19** Joh 4:5; Hand 7:16

^d**33:19 kesita:** Dit was 'n gewigsmaat wat as geldeenheid gebruik is. Die grootte en waarde daarvan is onbekend; •Geldeenhede.

^e**33:20 El-Elohe-Israel:** Die naam beteken ‘El is die God van Israel’.

^{*}**34:1** Gen 30:21

^{*}**34:2** Gen 33:19

^f**34:3 mooi ... gepraat:** Die Hebreeuse idioom lui “gepraat na die hart van”; dit beteken dat hy haar bemoedig.

^{*}**34:4** Gen 21:21; 24:3-4; 38:6; Rig 14:2

⁵* Jakob het gehoor dat hy sy dogter Dina onteer het. Maar sy seuns was nog by die vee in die veld, en hy het stilgebly totdat hulle gekom het.

⁶ Gamor, Sigem se pa, het uitgegaan na Jakob om met hom te onderhandel. ⁷* Die seuns van Jakob het uit die veld gekom die oomblik toe hulle die berig kry. Die manne was diep gegrief en baie kwaad, want Sigem het 'n gruweldaad gepleeg teen Israel deur by die dogter van Jakob te slaap. So iets mag nie gedoen word nie.

⁸ Gamor het met hulle onderhandel en gesê: “My seun Sigem het sy hart verloor op julle dogter.⁸ Gee haar asseblief aan hom as vrou.

⁹* Ondertrou met ons! Julle kan julle dogters vir ons gee en ons dogters vir julle neem. ¹⁰* Julle kan by ons woon. Die land lê oop voor julle: Woon daar, trek daar rond en verkry eiendom daar.”

¹¹ Sigem sê toe vir haar pa en broers: “Mag ek guns vind in julle oë! Wat julle ook al van my vra, sal ek gee. ¹²* Maak die bruidsprys vir my maar baie hoog, en ook die geskenk,^h en ek sal gee wat julle vir my sê. Gee net vir my die jong meisie as vrou.”

¹³ Die seuns van Jakob het Sigem en Gamor, sy pa, met sluheid geantwoord, en het onderhandel, omdat hy hulle suster Dina onteer het.

¹⁴* Hulle het vir hulle gesê: “Ons kan so iets nie doen nie — om ons suster te gee aan 'n man wat nie besny is nie; trouens, dit sal vir ons 'n

***34:5** Gen 34:2,13,27

***34:7** Deut 22:20-30; Rig 20:6; 2 Sam 13:12

⁸**34:8 julle dogter:** Volwasse broers het ook seggenskap gehad oor hulle suster.

***34:9** Gen 24:3; Deut 7:3

***34:10** Gen 13:9; 42:34; 47:27

***34:12** Eks 22:16-17; Deut 22:29; 1 Sam 18:25

^h**34:12 Maak ... geskenk:** Naas die bruidsprys wat gewoonlik ná die huwelik vir die bruid gegee is, bied Sigem ook 'n geskenk vir die broers aan.

***34:14** Gen 17:14; Eks 12:48; Jos 5:2-9

skande wees. ¹⁵ *Net op hierdie voorwaarde sal ons instem: as julle word soos ons, deur al die manlikes by julle te laat besny. ¹⁶ Ons sal dan ons dogters aan julle gee en julle dogters vir ons neem. Ons sal by julle woon en een volk word. ¹⁷ Maar as julle nie aan ons gehoor gee deur besny te word nie, vat ons ons dogter en vertrek.”

¹⁸ Hulle woorde was goed in die oë van Gamor en Sigem, seun van Gamor. ¹⁹ Die jong man het nie getalm om die saak tot uitvoer te bring nie, want hy het Jakob se dogter begeer, en hy was die mees geëerde lid van sy pa se hele familie.

²⁰ *Gamor en sy seun Sigem het na die poort van hulle dorp gegaan en met die manne van hulle dorp onderhandel: ²¹ “Hierdie manne is vredeliewend. Laat hulle by ons woon in die landⁱ en daarin rondtrek. Kyk, die land lê alkante toe wyd oop voor hulle. Hulle dogters kan ons vir ons as vroue neem, en ons dogters kan ons aan hulle gee. ²² Net op hierdie voorwaarde sal die manne instem om by ons te bly, om een volk te word: as al die manlikes by ons besny word, soos hulle besny is. ²³ Hulle vee en besittings, ja, al hulle diere — sal dit nie aan ons behoort nie? Ons moet net instem, dan sal hulle by ons bly.” ²⁴ *Hulle het toe na Gamor en sy seun Sigem geluister — almal wat kan optrek uit die poort van sy dorp. Elke manlike persoon is besny, almal wat kan optrek uit die poort van sy dorp.

²⁵ *Maar op die derde dag, toe hulle in pyn verkeer, het die twee seuns

*34:15 Gen 17:23-27

*34:20 Rut 4:1; 2 Sam 15:2

ⁱ34:21 **Hierdie ... land:** Die •Samaritaanse Pentateug en die •Septuagint word hier gevolg. Die •bronteks lui “Hierdie manne is vredeliewend by ons; en laat hulle woon in die land”.

*34:24 Gen 23:10

*34:25-29 Gen 29:33-34; 48:22; 49:5-7; Deut 20:12-15

van Jakob, Simeon en Levi, die broers van Dina, elkeen sy swaard gevat, ongehinderd die dorp oorval en al die manlike persone doodgemaak. ²⁶ Ook Gamor en sy seun Sigem het hulle met die skerpte van die swaard doodgemaak. Hulle het Dina uit Sigem se huis geneem en weggegaan. ²⁷ Die seuns van Jakob het op die gesneuweldes toegesak en die dorp geplunder, omdat hulle hulle suster onteer het. ²⁸ Hulle kleinvee, beeste en donkies en alles wat in die dorp en in die veld was, het hulle gevat. ²⁹ Al hulle rykdom, al hulle kinders en vroue, het hulle weggevoer en alles wat binnenshuis was, buitgemaak.

³⁰ *Jakob het vir Simeon en Levi gesê: “Julle het my in die ongeluk gestort deur my veragtelik te maak^j by die inwoners van die land, by die Kanaäniete en Feresiete. Ek het maar min mense; as hulle teen my saamtrek en my aanval, sal ek uitgedelg word, ek en my huis.” ³¹ Hulle het egter gesê: “Moes hy dan ons suster soos 'n hoer behandel?”

35

Jakob terug in Kanaän

¹ *God het vir Jakob gesê: “Maak gereed, trek op na Bet-El en woon daar. Bou daar 'n altaar vir die God wat aan jou verskyn het toe jy op vlug was voor jou broer Esau.” ² *Jakob sê toe vir sy huis en almal wat by hom was: “Verwyder die vreemde gode wat in julle midde is en reinig julle; trek ander klere aan. ³ *Kom ons maak gereed en trek op na Bet-El, sodat ek daar 'n altaar kan bou vir die God wat my geantwoord

***34:30** Gen 13:7; 46:26-27; Eks 5:21; Deut 4:27; Jos 7:25; 1 Sam 13:4; 2 Sam 10:6; 1 Kron 16:19; Ps 105:12

^j**34:30 veragtelik te maak:** Die Hebreeuse idioom lui “stink te maak”.

***35:1** Gen 27:43; 28:13,19

***35:2** Gen 31:19; Eks 19:10; Jos 24:2,14,23; 1 Sam 7:3

***35:3** Gen 28:10-22; 31:3; Ps 20:2; 34:5

het op die dag toe ek in die nood was, en by my was op die pad wat ek gegaan het.” ⁴*Hulle het toe al die vreemde gode wat hulle by hulle gehad het, vir Jakob gegee, ook die ringe^k wat aan hulle ore was. Hy het dit onder die groot terebintboom^l wat by Sigem is, weggesteek.

⁵*Hulle het toe weggetrek, en 'n verskrikking van God af het oor die dorpe rondom hulle geheers, sodat hulle nie die seuns van Jakob agtervolg het nie.

⁶*Toe Jakob by Lus, dit is Bet-El, in die land Kanaän aankom, hy en al die mense wat by hom was, ⁷het hy daar 'n altaar gebou en die plek El-Bet-El^m genoem, omdat God Hom daar aan hom geopenbaar het toe hy op vlug was voor sy broer.

⁸*Debora, die oppasser van Rebekka, is daar oorlede. Sy is begrawe onderkant Bet-El, onder die eikeboom. Hulle het dit die Eikeboom van Gehuil genoem.

⁹*God het weer aan Jakob verskyn by sy aankoms uit Paddan-Aram, en hom geseën. ¹⁰*God het vir hom gesê: “Jou naam is Jakob. Jy sal nie

***35:4** Gen 12:6; Jos 24:26; Rig 9:6

^k**35:4 die ringe:** Waarskynlik simbole van diens aan die afgode en kon ook as afweermiddel van demoniese gevare dien.

^l**35:4 terebintboom:** 'n Siro-Palestynse boom met geveerde blare wat bladwisselend is en rooi bessies dra. Dit word ongeveer 5 m hoog. Dit is gewoonlik alleenstaande bome, wat geassosieer is met heilige plekke; vgl ook Deut 11:30; Rig 9:6,37.

***35:5** Eks 15:16; 23:27; Deut 2:25; 11:25; Jos 2:9; 1 Sam 14:15

***35:6** Gen 28:19; 48:3

^m**35:7 El-Bet-El:** Die naam beteken in Hebreeus ‘Die God van die huis van God’; vgl Gen 28:19.

***35:8** Gen 24:59

***35:9** Gen 25:20; 28:18-20

***35:10** Gen 17:5; 32:28

meer Jakob genoem word nie, maar Israel, dit sal jou naam wees.” So het Hy hom die naam Israel gegee. ¹¹ *Verder het God vir hom gesê:

“Ek is God, die Almagtige.ⁿ

Wees vrugbaar en vermeerder.

'n Nasie, 'n skare van nasies,

sal van jou afstam;

selfs konings sal uit jou liggaam

voortkom.

¹² *Die land wat Ek aan Abraham

en aan Isak gegee het,

aan jou gee Ek dit;

aan jou nageslag ná jou

gee Ek die land.”

¹³ *Hierna het God van hom af opgevaar op die plek waar Hy met hom gepraat het. ¹⁴ *Jakob het toe op die plek waar Hy met hom gepraat het, 'n gedenksteen,^o 'n gedenksteen van klip, opgerig en 'n drankoffer daarvoor uitgegooi. Hy het ook olie daarop gegooi. ¹⁵ *Jakob het die plek waar God met hom gepraat het, Bet-El genoem.

¹⁶ *Hulle het van Bet-El af weggetrek, maar daar was nog 'n hele ent pad oor om by Efrata uit te kom, toe Ragel geboorte gegee het. Sy het 'n

*35:11 Gen 17:1,6; 28:3

ⁿ35:11 **Almagtige:** In Hebreeus *sjaddai*. Daar is onsekerheid oor die betekenis van die naam.

*35:12 Gen 12:7; 13:15; 26:3-4; 28:13; Eks 32:13; Heb 11:19

*35:13 Gen 18:33

*35:14 Gen 28:18-19; 31:45

^o35:14 **gedenksteen:** 'n Regopstaande klip wat 'n verbondsluiting of 'n goddelike verskyning herdenk.

*35:15 Gen 28:19; 35:7

*35:16 Gen 35:19; 48:7; Deut 26:5

moeilike bevalling gehad. ¹⁷ Terwyl sy so swaar gekry het met die bevalling, sê die vroedvrou vir haar: “Moenie bang wees nie, want ook hierdie een is 'n seun vir jou.” ¹⁸ Terwyl haar lewe wegvloei, want sy was sterwend,^p het sy hom die naam Ben-Oni gegee. Sy pa het hom egter Benjamin^q genoem. ¹⁹ * So het Ragel gesterf; en sy is begrawe langs die pad na Efrata, dit is Betlehem. ²⁰ * Jakob het 'n gedenksteen op haar graf opgerig. Dit is die gedenksteen van Ragel se graf tot vandag toe.

²¹ Israel het toe verder getrek en sy tent opgeslaan anderkant Migdal-Eder. ²² * Terwyl Israel in dié streek gebly het, het Ruben by sy pa se byvrou Bilha gaan slaap.^r Israel het daarvan te hore gekom.

Jakob het twaalf seuns gehad.

²³ * Die seuns van Lea: Ruben, Jakob se eersgeborene, Simeon, Levi, Juda, Issaskar en Sebulon.

²⁴ Die seuns van Ragel: Josef en Benjamin.

²⁵ Die seuns van Bilha, die slavin van Ragel: Dan en Naftali.

²⁶ Die seuns van Silpa, die slavin van Lea: Gad en Aser.

Dit is die seuns van Jakob wat vir hom in Paddan-Aram gebore is.

^p**35:18 want ... sterwend:** Die •Masoretiese leestradijie lui “want sy was dood”.

^q**35:18 Ben-Oni ... Benjamin:** Ben-Oni beteken ‘seun van my ellende’. Benjamin beteken ‘seun van die regterhand’.

* **35:19** Gen 48:7; Rut 4:11; Miga 5:2;; Matt 2:6,18

* **35:20** Gen 28:18; 35:14; 1 Sam 10:2

* **35:22** Gen 49:4; 1 Kron 5:1

^r**35:22 Ruben ... slaap:** Daarmee wou Ruben die hoof van die familie word, want 'n nuwe koning het ook die harem van die vorige koning geërf; vgl 2 Sam 16:21-22.

* **35:23-26** Eks 1:2-5; Num 1:5-15,20-43; 1 Kron 2:1-2

Isak se dood

²⁷ **Jakob het by sy pa Isak aangekom in Mamre, by Kirjat-Arba, dit is Hebron, waar Abraham en Isak as •vreemdelinge gewoon het. ²⁸ Isak het honderd-en-tagtig jaar lank geleef. ²⁹ *Isak het sy asem uitgeblaas en gesterf, en hy is met sy mense verenig — oud en ná 'n vol lewe.^s Sy seuns Esau en Jakob het hom begrawe.

36

Esau se nageslag

¹ *Hier volg die familiegeskiedenis van Esau, dit is Edom: ² *Esau het sy vroue geneem uit die vroue van Kanaan —

Ada, die dogter van Elon, die Hetiet;

Oholibama, die dogter van Ana, die dogter van Sibon, 'n Hewiet;

³ Basemat, die dogter van Ismael, die suster van Nebajot.

⁴ Ada het Elifas vir Esau in die wêreld gebring, en Basemat het Reüel in die wêreld gebring. ⁵ Oholibama het Jeüs, Jalam en Korag in die wêreld gebring. Dit is die seuns van Esau wat in die land Kanaän gebore is.

⁶ *Esau het sy vroue, sy seuns en dogters en al die mense van sy huis geneem, ook sy vee, al sy ander diere en al sy besittings wat hy in die land Kanaän bekom het, en gegaan na 'n gebied weg van sy broer Jakob

***35:27-29** Gen 47:30

***35:27** Gen 13:18; 18:1; 23:2,19; Jos 14:15; Heb 11:9

***35:29** Gen 25:8; 49:31,33

^s**35:29** ná ... lewe: Die Hebreuse idioom lui “versadig (met lewensjare)”.

***36:1** Gen 25:30; 1 Kron 1:35-37

***36:2-5** Gen 26:34; 28:9; 36:14,18,24-25

***36:6** Gen 27:39; 32:3; 33:14,16; 36:8; Deut 2:5

af. ⁷*Hulle besittings was immers te veel om saam te kon woon. Vanweë hulle diere, kon die land waar hulle as •vreemdelinge gewoon het, hulle nie dra nie. ⁸*Esau het in die Seirberge gaan woon. Esau is Edom.

⁹*Hier volg dan die familiegeskiedenis van Esau, die stamvader van die Edomiete, in die Seirberge. ¹⁰ Dit was die name van Esau se seuns:

Elifas, die seun van Ada, Esau se vrou;

Reüel, die seun van Basemat, Esau se vrou.

¹¹ Elifas se seuns was:

Teman, Omar, Sefo, Gatam en Kenas.

¹² Timna was 'n byvrou van Elifas, die seun van Esau; sy het Amalek vir Elifas in die wêreld gebring.

Hulle was nakomelinge van Ada, Esau se vrou.

¹³ Dit was die seuns van Reüel:

Nagat, Serag, Samma en Missa.

Hulle was nakomelinge van Basemat, Esau se vrou.

¹⁴ Dit was die seuns van Oholibama, Esau se vrou en dogter van Ana, die dogter van Sibon:

Sy het Jeüs, Jalam en Korag vir Esau in die wêreld gebring.

¹⁵ Hier volg die stamhoofde van Esau se nageslag.

Die nageslag van Elifas, Esau se eersgeborene, was:

stamhoof Teman,

stamhoof Omar,

stamhoof Sefo,

***36:7** Gen 13:6; 17:8; 28:4; 37:1; Heb 11:9

***36:8** Gen 32:3

***36:9** Num 20:20; Deut 2:22,29

stamhoof Kenas,
¹⁶ stamhoof Korag,
stamhoof Gatam,
en stamhoof Amalek.

Hulle was stamhoofde van Elifas in die land Edom. Dit was die nakomelinge van Ada.

¹⁷ Dit was die nakomelinge van Reüel, Esau se seun:
stamhoof Nagat,
stamhoof Serag,
stamhoof Samma,
en stamhoof Missa.

Hulle was stamhoofde van Reüel in die land Edom. Dit was die nakomelinge van Basemat, Esau se vrou.

¹⁸ Dit was die nakomelinge van Oholibama, Esau se vrou:
stamhoof Jeüs,
stamhoof Jalam,
en stamhoof Korag.

Dit was stamhoofde van Oholibama, Esau se vrou.

¹⁹ Dit was dan die nakomelinge van Esau — dit is Edom — en dit was hulle stamhoofde.

²⁰ *Dit was die nakomelinge van Seïr, die Gorië, inwoners van die land:
Lotan, Sobal, Sibon, Ana,

²¹ Dison, Eser en Disan.

Dit was die stamhoofde van die Goriëte, die nageslag van Seïr, in die land Edom.

*36:20-30 1 Kron 1:38-42

²² Lotan se nakomelinge was:

Gori en Hemam;

Lotan se suster was Timna.

²³ Dit was Sobal se nageslag:

Alwan, Managat, Ebal, Sefo en Onam.

²⁴ Dit was Sibon se nageslag:

Aja en Ana. (Dit is die Ana wat op warmbronne^t afgekom het in die woestyn^u toe hy die donkies van sy vader Sibon daar laat wei het.)

²⁵ Dit was die nageslag van Ana:

Dison en Oholibama, die dogter van Ana.

²⁶ Dit was die nageslag van Dison:^v

Gemdan, Esban, Jitran en Keran.

²⁷ Dit was die nageslag van Eser:

Bilhan, Saäwan en Akan.

²⁸ Dit was die nageslag van Disan:

Us en Aran.

²⁹ Hier volg die stamhoofde van die Goriete:

stamhoof Lotan,

stamhoof Sobal,

stamhoof Sibon,

stamhoof Ana,

³⁰ stamhoof Dison,

^t**36:24 warmbronne:** Daar is onsekerheid oor die betekenis van die Hebreeuse woord, en dit word verskillend vertaal.

^u**36:24 woestyn:** 'n Verlate, deels onherbergsame gebied, met 'n skaarste aan plantegroei, maar waar vee kon wei.

^v**36:26 Dison:** Die •bronteks lui “Disan”; vgl egter Gen 36:21,30.

stamhoof Eser,
en stamhoof Disan.

Dit was die stamhoofde van die Goriete, naamlik hulle stamhoofde in die land Seir.

³¹ *Dit is die konings wat in die land Edom regeer het voordat 'n koning oor die Israeliete regeer het:

³² Bela, seun van Beor, het koning geword in Edom, en die naam van sy dorp was Dinhaba.

³³ Bela het gesterf, en in sy plek het Jobab, seun van Serag, uit Bosra, koning geword.

³⁴ Jobab het gesterf, en in sy plek het Gusam, uit die gebied van die Temaniete, koning geword.

³⁵ Gusam het gesterf, en in sy plek het Hadad, seun van Bedad, wat die Midianiete in die gebied van Moab verslaan het, koning geword; die naam van sy dorp was Awit.

³⁶ Hadad het gesterf, en in sy plek het Samla, uit Masreka, koning geword.

³⁷ Samla het gesterf, en in sy plek het Saul, uit Rehobot-aan-die-Rivier koning geword.

³⁸ Saul het gesterf, en in sy plek het Baäl-Ganan, seun van Agbor, koning geword.

³⁹ Baäl-Ganan, seun van Agbor, het gesterf, en in sy plek het Hadar koning geword; die naam van sy dorp was Paü. Die naam van sy vrou was Mehetabel, dogter van Matred, dogter van Me-Sahab.

⁴⁰ *Hier volg die name van die stamhoofde van Esau, volgens hulle

* **36:31-39** 1 Kron 1:43-50

* **36:40-43** 1 Kron 1:51-54

grootfamilies, met hulle name, volgens hulle woonplekke:

stamhoof Timna,

stamhoof Alwa,

stamhoof Jetet,

⁴¹ stamhoof Oholibama,

stamhoof Ela,

stamhoof Pinon,

⁴² stamhoof Kenas,

stamhoof Teman,

stamhoof Mibsar,

⁴³ stamhoof Magdiël,

en stamhoof Iram.

Dit was die stamhoofde van Edom, volgens hulle woonplekke, in die gebied van hulle erfgrond. Dit was dan Esau, die voorvader van die Edomiete.

37

Josef en sy broers

¹ * Jakob het gewoon in die land waar sy vader 'n vreemdeling was, in die land Kanaän.

² * Hier volg die familiegeskiedenis van Jakob: Josef was as sewentienjarige seun 'n skaapwagter by die kleinvee saam met sy broers. Hy was as 'n jong seun saam met die seuns van Bilha en Silpa, sy pa se vroue. Josef het vir hulle pa die slegte gerugte oor hulle gebring.

³ * Israel was lief vir Josef, meer as vir al sy ander seuns, want hy was vir

* **37:1** Gen 17:8; 28:4

* **37:2** Gen 30:3-13; 35:25-26; 1 Sam 2:22-24

* **37:3** Gen 30:25; 41:45-46; 44:20; 45:6; 47:9

hom die seun van sy ouderdom. Hy het vir Josef 'n lang rok met moue^w gemaak. ⁴ Sy broers het opgemerk dat hulle pa lief was vir hom, meer as vir al sy broers. Hulle het 'n weersin in hom gekry, en kon nie vriendelik met hom praat nie.

⁵ *Josef het 'n droom gehad, en hy het dit vir sy broers vertel. Hulle het toe 'n nog groter weersin in hom gekry. ⁶ Hy het vir hulle gesê: “Luister asseblief na hierdie droom wat ek gehad het! ⁷ *Kyk, ons was besig om gerwe te bind in 'n stuk land, toe my gerf skielik regop kom en ook bly staan. En kyk, julle gerwe kom toe daar rondom myne saam en buig diep voor my gerf!” ⁸ *Sy broers het vir hom gesê: “Gaan jy regtig oor ons koning wees? Gaan jy regtig oor ons heers?” Hulle het toe 'n nog groter weersin in hom gekry weens sy drome en sy woorde.

⁹ Hy het nog 'n ander droom gehad, en het dit vir sy broers vertel. Hy het gesê: “Ek het sowaar weer 'n droom gehad! Kyk, die son en die maan en elf sterre het diep voor my gebuig!” ¹⁰ *Toe hy dit vir sy pa en sy broers vertel, het sy pa hom tereggewys en vir hom gesê: “Wat is hierdie droom wat jy gehad het? Moet ons, ek en jou ma en jou broers, regtig kom en teen die grond diep voor jou neerbuig?” ¹¹ *Sy broers was afgunstig op hom, maar sy pa het die saak in gedagte gehou.

¹² *Sy broers het gegaan om hulle pa se kleinvee by Sigem te laat wei. ¹³ Toe sê Israel vir Josef: “Laat jou broers nie die vee by Sigem* wei nie?”

^w**37:3 lang ... moue:** Daar is onsekerheid oor die betekenis van die •bronteks. Word ook vertaal “kleurvolle rok”; vgl 2 Sam 13:18.

***37:5** Gen 28:12; 31:10-11

***37:7** Gen 42:6,9; 43:26; 44:14; 50:18

***37:8** Gen 49:26; Deut 33:16

***37:10** Gen 27:29

***37:11** Hand 7:9

***37:12-36** Ps 105:16-23

***37:13 Sigem:** Gen 12:6

Kom, dan stuur ek jou na hulle.” Josef het hom geantwoord: “Dit is goed so.” ¹⁴ *Hy sê toe vir hom: “Gaan kyk asseblief of dit goed gaan met jou broers en met die kleinvee, en bring dan vir my nuus.” So het hy hom uit die vallei by Hebron gestuur, en hy het by Sigem aangekom. ¹⁵ 'n Man het hom daar gekry; kyk, hy was aan die ronddwaal in die veld. Die man vra hom toe: “Wat soek jy?” ¹⁶ Hy het geantwoord: “Ek is op soek na my broers. Sê my asseblief waar hulle die vee laat wei.” ¹⁷ *Die man sê toe: “Hulle het hiervandaan weggetrek, want ek het gehoor hulle sê, ‘Kom ons gaan na Dotan.’ ” Josef is toe agter sy broers aan, en hy het hulle by Dotan gekry.

¹⁸ *Hulle het hom van ver af gesien. Voordat hy naby hulle was, het hulle arglistig teen hom saamgespan om hom dood te maak. ¹⁹ Hulle het vir mekaar gesê: “Kyk, daar kom daardie bobaasdromer aan! ²⁰ Kom dan nou, laat ons hom vermoor en in een van die opgaarputte^x gooi. Ons sê dan 'n roofdier het hom opgevreet. Dan sal ons sien wat word van sy drome!”

²¹ *Ruben het dit egter gehoor en hy het hom uit hulle hand gered. Hy het gesê: “Ons mag nie 'n mens doodslaan nie.” ²² Ruben het daarby vir hulle gesê: “Moenie bloed vergiet nie. Gooi hom in hierdie opgaarput in die woestyn; maar moenie 'n hand aan hom slaan nie.” Dit was sodat hy hom uit hulle hand kon red om hom na sy pa terug te neem.

²³ *Toe Josef by sy broers aankom, het hulle Josef se rok uitgetrek, die

***37:14** Gen 13:18; 35:27

***37:17** 2 Kon 6:13

***37:18** Ps 37:12,32; Mark 14:1; Joh 11:53; Hand 23:12

^x**37:20 opgaarputte:** Groot ondergrondse ruimtes wat in rots uitgeknap is en waarin daar water of graan gestoor is.

***37:21-22** Gen 42:22

***37:23-28** Gen 50:15

lang rok met moue^y wat hy aangehad het. ²⁴ Hulle het hom gevat en hom in die opgaarput gegooi. Die put was leeg — daar was nie water in nie.

²⁵ *Hulle het gaan sit om brood te eet, en toe hulle opkyk, sien hulle daar kom 'n karavaan van Ismaeliete uit Gilead aan. Hulle kamele was gelaai met gom, balsem en hars.^z Hulle was op pad om dit na Egipte af te neem. ²⁶ Juda sê toe vir sy broers: “Wat wen ons as ons ons broer vermoor en dan nog sy bloed moet bedek?^a ²⁷ *Kom ons verkoop hom aan die Ismaeliete. Ons moenie ons hand aan hom slaan nie; hy is immers ons broer, ons eie vlees.” Sy broers het na hom geluister. ²⁸ *Toe die Midianitiese manne,^b die handelaars, daar verbykom, het hulle Josef opgetrek, hom uit die opgaarput gehaal en hom vir twintig silwerstukke^c aan die Ismaeliete verkoop, en dié het Josef na Egipte geneem.

²⁹ *Toe Ruben terugkeer na die opgaarput, kyk, toe is Josef nie meer in die put nie. Hy het sy klere geskeur ³⁰ en na sy broers teruggegaan. Hy sê toe: “Die seun is nie daar nie! En ek, wat gaan ek nou doen?^d”

^y**37:23 lang ... moue:** Vgl die voetnoot by Gen 37:3.

***37:25** Gen 16:11; 43:11; Jer 8:22; 46:11

^z**37:25 gom ... hars:** Daar is onsekerheid oor die betekenis van die bronteks, en dit word verskillend vertaal. Dit was waarskynlik produkte waaruit parfuim berei is.

^a**37:26 bloed ... bedek:** Bloed is altyd met grond bedek; vgl Lev 17:13.

***37:27** Gen 42:21

***37:28** Gen 45:4-5; Ps 105:17; Hand 7:9

^b**37:28 Midianitiese manne:** Die Midianiete was 'n deel van die Ismaelitiese handelskaravaan.

^c**37:28 20 silwerstukke:** Ongeveer 228 g; •Geldeenhede. Die prys vir 'n slaaf was tussen twintig en dertig silwerstukke.

***37:29** Gen 44:13; Num 14:6; 2 Sam 1:11; 3:31; Job 1:20

^d**37:30 wat ... doen:** Letterlik ‘waarheen gaan ek?’

³¹ *Hulle het Josef se rok geneem, 'n bokram geslag en die rok in die bloed gedoop. ³² Toe stuur hulle die lang rok met moue vooruit en laat dit na hulle pa neem. Hulle het gesê: “Dit is wat ons gevind het. Stel tog vas: Is dit u seun se rok of nie?” ³³ *Hy het dit herken en gesê: “Dit is my seun se rok! 'n Roofdier het hom opgevreet! Josef is sonder twyfel verskeur!”

³⁴ Jakob het sy klere geskeur en 'n roukleed^e om sy heupe gebind. Hy het baie lank oor sy seun gerou. ³⁵ *Al sy seuns en dogters het opgestaan^f om hom te troos, maar hy het geweier om hom te laat troos en gesê: “Nee, al treurend sal ek na my seun in die •doderyk afgaan.” So het sy pa oor hom gehuil.

³⁶ *Die Midianiete het hom in Egipte verkoop aan Potifar, 'n saries^g van die farao, en hoof van die lyfwag.^h

38

Juda en Tamar

¹ *In daardie tyd het Juda laer af getrek, weg van sy broers, en sy tente opgeslaan tot hy gekom het by 'n man van Adullamⁱ met die naam Gira.

***37:31** Gen 37:3,23

***37:33** Gen 44:28

^e**37:34 roukleed:** As teken van rou, is growwe klere van bokhaar aangetrek.

***37:35** Gen 42:38; 44:29,31

^f**37:35 het opgestaan:** Roubeklaers het plat op die grond gesit.

***37:36** Gen 39:1; 40:4; 41:10

^g**37:36 saries:** 'n Saries was 'n hoë paleisamptenaar wat gewoonlik 'n ontmande was, veral as hy in die harem gewerk het.

^h**37:36 hoof ... lyfwag:** Letterlik ‘hoof van die kokke’. Dit dui 'n vertroueling van die farao aan wat ook namens hom kon optree; vgl 2 Kon 25:8-20.

***38:1** 1 Sam 22:1

ⁱ**38:1 laer ... Adullam:** Adullam lê 600 m laer as Hebron.

²* Daar het Juda 'n Kanaänitiese man, met die naam Sua, se dogter gesien. Hy het haar as vrou geneem en by haar ingegaan. ³* Sy het swanger geraak en aan 'n seun geboorte gegee. Sy^j het hom die naam Er gegee. ⁴ Sy het weer swanger geraak en aan 'n seun geboorte gegee. Sy het hom die naam Onan gegee. ⁵* Sy het weer 'n keer aan 'n seun geboorte gegee en hom die naam Sela gegee. Juda was in Kesib toe sy aan hom geboorte gegee het.

⁶ Juda het vir Er, sy eersgeborene, 'n vrou geneem met die naam Tamar. ⁷ Maar Er, Juda se eersgeborene, was sleg in die oë van die HERE, en die HERE het hom laat sterf. ⁸* Toe sê Juda vir Onan: “Gaan in by jou broer se vrou en doen jou plig as swaer^k teenoor haar, en vestig vir jou broer 'n nageslag!” ⁹ Maar Onan het geweet dat die nageslag nie sy eie sou wees nie. Daarom het hy, wanneer hy by sy broer se vrou ingegaan het, sy saad op die grond gestort, om nie vir sy broer 'n nageslag te gee nie. ¹⁰ Wat hy gedoen het, was verkeerd in die oë van die HERE, en Hy het ook hom laat sterf. ¹¹* Juda sê toe vir Tamar, sy skoondogter: “Gaan bly as 'n weduwee in die huis van jou pa totdat my seun Sela groot is.” Want, het hy gedink, anders sterf hy ook soos sy broers. Tamar het toe in die huis van haar pa gaan bly.

***38:2-5** 1 Kron 2:3

***38:3** Gen 46:12; Num 26:19

^j**38:3 Sy:** Verskeie Hebreuse manuskripte en die Samaritaanse Pentateug word hier gevolg. Die •bronteks lui “hy”.

***38:5** Num 26:20; 1 Kron 4:21

***38:8** Matt 22:24; Mark 12:19; Luk 20:28

^k**38:8 plig as swaer:** Dit was die swaer se plig om vir sy oorlede broer kinders te verwek wat sy grond kon erf en sy naam kon laat voortleef; vgl Deut 25:5-10; Rut 4:5; Matt 22:23-28.

***38:11** Lev 22:13; Rut 1:12-13

¹² *Intussen het baie dae verloop. Juda se vrou, die dogter van Sua, het gesterf. Nadat Juda klaar gerou het, het hy en sy vriend Gira, uit Adullam, opgegaan na die skeerders van sy kleinvee in Timna.* ¹³ Daar is aan Tamar berig gebring: “Kyk, jou skoonpa gaan op na Timna om sy kleinvee te skeer.” ¹⁴ *Sy trek toe die klere van haar weduweeskop uit, bedek haar gesig met 'n sluier en vermom haar. Sy het by die ingang van Enajim, wat langs die pad na Timna is, gaan sit; want sy het gesien dat Sela grootgeword het, maar sy is nie vir hom as vrou gegee nie. ¹⁵ Toe Juda haar sien, het hy haar as 'n prostituut beskou, want sy het haar gesig bedek. ¹⁶ *Hy het op die pad na haar afgedraai en gesê: “Kom, ek wil by jou ingaan!” Hy het immers nie besef dat dit sy skoondogter was nie. Sy vra toe: “Wat sal jy my gee as jy by my ingaan?” ¹⁷ *Sy antwoord was: “Ek sal self vir jou 'n boklam uit my kleinvee stuur.” Maar sy het gesê: “As jy vir my 'n pand gee totdat jy dit stuur, ja.” ¹⁸ Hy vra toe: “Wat is die pand wat ek vir jou moet gee?” Sy het geantwoord: “Jou rolseël en koord¹ en die staf in jou hand.” Hy het dit vir haar gegee en by haar ingegaan, en sy het van hom swanger geword. ¹⁹ Sy het opgestaan en weggegaan. Sy het haar sluier afgehaal en die klere van haar weduweeskop aangetrek.

²⁰ Juda het toe die boklam saam met sy vriend uit Adullam gestuur om die pand by die vrou te kry. Maar hy kon haar nie kry nie. ²¹ Hy het vir

***38:12** Gen 37:35; 50:3,10-11

***38:12 Timna:** Jos 15:10,57; Rig 14:1

***38:14** Gen 24:65; 38:19; Jer 3:2; Eseg 16:25

***38:16-18** Lev 18:15; 20:12; Spr 6:26; Eseg 16:33

***38:17** Rig 15:1

¹**38:18 rolseël en koord:** 'n Silindervormige voorwerp waarmee 'n persoon se kenmerkende seël op klei of was afgerol is, en wat aan 'n toutjie of kettinkie om die nek of arm gedra is; vgl Hoogl 8:6.

die manne van haar plek gevra: “Waar is die prostituut^m wat in Enajim langs die pad was?” Maar hulle het gesê: “Hier was nie 'n prostituut nie.” ²² Hy keer toe terug na Juda en sê: “Ek kry haar nie, en die manne van die plek het ook gesê, ‘Hier was nie 'n prostituut nie.’ ” ²³ Toe sê Juda: “Laat sy dit hou, anders word ons verag. Kyk, ek het wel hierdie boklam gestuur, maar jy het haar nie gekry nie.”

²⁴ *Ongeveer drie maande later word daar toe aan Juda berig gebring: “Tamar, jou skoondogter, het gehoereer, en erger nog, kyk, sy is swanger van die hoerery.” Juda sê toe: “Bring haar uit, sodat sy verbrand kan word.” ²⁵ Terwyl sy uitgebring word, stuur sy toe 'n boodskap vir haar skoonpa: “By die man aan wie hierdie goed behoort, het ek swanger geraak.” Sy het ook gesê: “Stel tog vas aan wie hierdie rolseël en koord en staf behoort!” ²⁶ *Juda het dit herken en gesê: “Sy is reg, eerder as ek; want ek het haar mos nie vir my seun Sela gegee nie.” Hy het nie weer met haar gemeenskap gehad nie.

²⁷ *En toe dit tyd word vir haar bevalling, kyk, toe is daar 'n tweeling in haar moederskoot! ²⁸ Terwyl sy geboorte gee, steek een 'n handjie uit. Die vroedvrou neem dit toe en bind 'n stukkie karmosynrooi touⁿ aan sy hand, met die woorde: “Hierdie een het eerste uitgekome.” ²⁹ *Maar toe hy sy handjie terugtrek, daar kom sy broer uit! Toe sê sy: “Wat 'n deurbraak het jy ter wille van jouself gemaak!” Hulle het hom Peres^o

^m**38:21 prostituut:** Die Hebreeuse woord word ook gebruik om 'n tempelprostituut aan te dui; vgl Deut 23:18; Hos 4:14.

***38:24** Lev 20:14; 21:9; Deut 22:20-24; Joh 8:5

***38:26** Lev 18:15

***38:27** Gen 25:24

ⁿ**38:28 stukkie ... tou:** Die woorde “stukkie” en “tou” kom nie in die brontekste voor nie, maar word veronderstel.

***38:29-30** Gen 46:12; Num 26:20; Rut 4:12; 1 Kron 2:4; Matt 1:3

^o**38:29 Peres:** Die naam beteken ‘deurbraak’ of ‘uitbreiding’.

genoem. ³⁰ Daarna het sy broer uitgekom, die een wat die stukkie karmosynrooi tou aan sy handjie gehad het. Hulle het hom Serag^p genoem.

39

Josef en Potifar

¹ *Josef is afgebring na Egipte. Potifar, 'n saries^q van die farao en die hoof van die lyfwag,^r 'n Egiptiese man, het hom gekoop by die Ismaeliete wat hom daarheen afgebring het.

² *Die HERE was met Josef, en hy was 'n suksesvolle man. Hy was werksaam^s in die huis van sy eienaar, die Egiptenaar. ³ Toe sy eienaar merk dat die HERE met Josef is, en dat die HERE alles wat hy doen, laat slaag deur sy hand, ⁴ *het Josef guns gevind in sy oë en sy persoonlike bediende geword. Hy het hom aangestel oor sy huishouding, en alles wat aan hom behoort, het hy onder Josef se beheer geplaas. ⁵ *Vandat hy hom in sy huishouding en oor alles wat hy besit, aangestel het, het die HERE die huis van die Egiptenaar geseën ter wille van Josef. Die seën van die HERE het gerus op alles wat hy besit, in die huis en in die veld. ⁶ *Hy het

^p**38:30 Serag:** 'n Verwante Hebreeuse woord beteken 'oggendrooi'.

^{*}**39:1** Gen 37:25,28,36; Ps 105:17

^q**39:1 saries:** 'n Saries was 'n hoë paleisamptenaar wat gewoonlik 'n ontmande was, veral as hy in die harem gewerk het.

^r**37:1 hoof ... lyfwag:** Letterlik 'hoof van die kokke'. Dit dui 'n vertroueling van die farao aan wat ook namens hom kon optree; vgl 2 Kon 25:8-20.

^{*}**39:2-3** Gen 39:21,23; 1 Sam 18:14; Ps 1:3; Hand 7:9

^s**39:2 werksaam:** Hierdie woord ontbreek in die •bronteks, maar word veronderstel.

^{*}**39:4** Gen 18:3; 19:19; 33:10

^{*}**39:5** Gen 30:27; 2 Sam 6:11

^{*}**39:6** Gen 29:17; 1 Sam 16:12

alles wat aan hom behoort, in Josef se hande gelaat. Met hom daar, het hy hom met niks bemoei nie, behalwe met die kos wat hy eet.

Josef het 'n mooi voorkoms gehad en was besonder aantreklik. ⁷*Ná verloop van tyd^t het die vrou van sy eienaar Josef reguit aangekyk en gesê: “Kom lê by my!” ⁸*Maar hy het geweier en vir die vrou van sy eienaar gesê: “Kyk, met my hier bemoei my heer hom met niks in die huis nie. Alles wat hy besit, het hy in my hande gelaat. ⁹*Hy is in hierdie huis nie belangriker as ek nie. Hy het van my niks weerhou nie, behalwe u, omdat u sy vrou is. Hoe kan ek dan hierdie verskriklike kwaad doen en teen God sondig?” ¹⁰Alhoewel sy dag ná dag met Josef gepraat het, het hy nie aan haar gehoor gegee om langs haar te gaan lê en by haar te wees nie.

¹¹Toe hy egter op 'n sekere dag in die huis ingaan om sy werk te doen en daar niemand van die huiswerkers in die huis was nie, ¹²*pak sy hom aan sy kleed beet en sê: “Kom lê by my!” Hy het egter sy kleed in haar hand agtergelaat en gevlug; hy het na buite uitgegaan. ¹³Toe sy sien dat hy sy kleed in haar hand agtergelaat en na buite gevlug het, ¹⁴roep sy haar huiswerkers en sê vir hulle: “Sien julle! Hy^u het vir ons 'n Hebreuse man^v gebring sodat hy hom met ons kan vermaak.^w Hy het na my toe ingekom om by my te lê, maar ek het hard geskreeu. ¹⁵Toe

*39:7 Gen 38:16; Spr 7:15

^t39:7 Ná ... tyd: Letterlik ‘Ná hierdie gebeurde’.

*39:8 Spr 6:23-24

*39:9 Gen 20:6; 42:18; 2 Sam 12:13; Ps 51:4; Spr 6:29,32

*39:12 2 Sam 13:11-15

^u39:14 Hy: Dit verwys na Potifar.

^v39:14 Hebreuse man: 'n Benaming wat deur vreemdelinge gebruik is om na Israeliete te verwys, veral toe hulle nog halfnomades was.

^w39:14 sodat ... vermaak: Letterlik ‘sodat hy met ons kan speel’. Die Hebreuse uitdrukking kan ook 'n seksuele betekenis hê; vgl die voetnoot by Gen 26:8.

hy hoor dat ek uitroep en skreeu, het hy sy kleed hier langs my laat lê en gevlug; hy het buitentoe gegaan.”

¹⁶ Sy het sy kleed langs haar neergesit totdat sy eienaar tuisgekom het.

¹⁷ *Sy het dieselfde woorde vir hom gesê: “Die Hebreuse slaaf wat jy vir ons gebring het, het na my toe gekom om hom met my te vermaak!

¹⁸ Toe ek hard uitroep en skreeu, het hy sy kleed langs my agtergelaat en na buite gevlug.”

¹⁹ Toe sy eienaar die woorde van sy vrou hoor, dit wat sy vir hom gesê het, “Dít is die dinge wat jou slaaf aan my gedoen het,” was hy woedend. ²⁰ *Josef se eienaar het hom gevat en hom in die gevangenis gegooi, die plek waar die koning se gevangenes aangehou is.

Hy was daar in die gevangenis, ²¹ *maar die HERE was met Josef en het in sy troue liefde na hom uitgereik. Hy het aan hom guns geskenk in die oë van die hoof van die gevangenis. ²² Die hoof van die gevangenis het al die gevangenes wat in die gevangenis was, onder Josef se beheer geplaas. Alles wat daar gedoen moes word, het hy gedoen. ²³ *Die hoof van die gevangenis het nie omgesien na enigiets wat onder Josef se beheer was nie, want die HERE was met hom; en wat hy gedoen het, het die HERE laat slaag.

40

Josef se verklaring van drome

¹ *Ná verloop van tyd^x het die skinker van die koning van Egipte en die

*39:17-18 Eks 23:1; Spr 26:28

*39:20 Gen 40:3; Ps 105:18

*39:21 Eks 3:21; 11:3; 12:36

*39:23 Gen 39:2-3; Hand 7:9

*40:1 Neh 1:11

^x40:1 Ná ... tyd: Letterlik ‘Ná hierdie gebeure’.

bakker 'n misstap begaan teenoor hulle heer, die koning van Egipte.

²*Die farao was woedend vir sy twee sariese,^y vir die hoof van die skinkers en die hoof van die bakkers. ³*Hy het hulle onder bewaking gestel in die huis van die hoof van die lyfwag,^z by die gevangenis, die plek waar Josef gevange gehou is. ⁴Die hoof van die lyfwag het Josef by hulle aangestel, en hy het hulle persoonlike bediende geword. Hulle was lank onder bewaking.

⁵*Die skinker en die bakker van die koning van Egipte wat gevange gehou is in die gevangenis het al twee, in dieselfde nag, 'n droom gehad, elkeen sy eie droom met sy eie betekenis. ⁶Toe Josef die oggend by hulle kom en hulle sien, merk hy tot sy verbasing hulle is bedruk.

⁷*Hy vra toe vir die farao se sariese wat saam met hom onder bewaking was in die huis van sy eienaar: “Waarom het julle vandag sulke somber gesigte?” ⁸*Hulle sê toe vir hom: “Ons het gedroom, en daar is niemand wat dit kan verklaar nie.” Toe sê Josef vir hulle: “Hoort verklarings nie by God nie? Vertel dit tog vir my!”

⁹*Die hoof van die skinkers vertel toe sy droom vir Josef. Hy het vir hom gesê: “Kyk, in my droom was daar 'n wingerdstok voor my. ¹⁰Aan die wingerdstok was daar drie lote. Die wingerd het net gebot, toe ontwikkel die bloeisels al en word die klein trossies ryp druiwe. ¹¹Die

* 40:2 Spr 16:14

^y40:2 **sariese:** Hoë paleisamptenare wat gewoonlik ontmandes was, veral as hulle in die harem gewerk het.

* 40:3 Gen 39:20

^z40:3 **hoof ... lyfwag:** Letterlik ‘hoof van die kokke’. Dit dui 'n vertroueling van die farao aan wat ook namens hom kon optree; vgl 2 Kon 25:8-20.

* 40:5 Gen 37:5; 41:1

* 40:7 Neh 2:2

* 40:8 Gen 41:16,38-39; Dan 1:17; 2:11,19,28,47

* 40:9-11 Gen 37:5-7,9

farao se beker was in my hand. Ek neem toe die druiwe en pers dit uit in die farao se beker. Toe sit ek die beker in^a die farao se hand.”

¹²* Josef het vir hom gesê: “Dit is die verklaring daarvan: Die drie lote is drie dae. ¹³* Nog drie dae, dan sal die farao jou weer jou kop laat oplik^b en jou in jou amp herstel. Jy sal farao se beker in sy hand plaas soos dit vroeër die gewoonte was toe jy nog sy skinker was. ¹⁴* Maar dink aan my wanneer dit met jou goed gaan. Bewys asseblief trou aan my en maak melding van my by die farao. Kry my so uit hierdie huis uit. ¹⁵* Want ek is inderdaad ontvoer uit die land van die Hebreërs.^c Ook hier het ek niks gedoen waarom hulle my in die put moes sit nie.”

¹⁶ Toe die hoof van die bakkers sien dat hy dit gunstig verklaar het, sê hy vir Josef: “Ook ek was in my droom. Kyk, daar was drie mandjies met witbrood op my kop. ¹⁷ In die boonste mandjie was daar allerhande eetgoed wat 'n bakker voorberei het vir die farao. Maar die voëls het dit uit die mandjie op my kop geëet.”

¹⁸ Josef het geantwoord en gesê: “Dit is die verklaring: Die drie mandjies is drie dae. ¹⁹* Nog drie dae, dan lig die farao jou kop — van

^a40:11 in: Letterlik ‘op’. Die bekere was ronde komme sonder stiele of handvatsels.

* 40:12 Gen 41:12; Dan 2:36; 4:18-19

* 40:13 Gen 40:19-22

^b40:13 jou weer ... oplik: Kan ook vertaal word “weer 'n weldaad aan jou bewys”; vgl Jer 52:31.

* 40:14 Jos 2:12; 1 Sam 20:14; 1 Kon 2:7; Luk 23:42

* 40:15 Gen 37:28; 39:20

^c40:15 Hebreërs: 'n Benaming wat deur vreemdelinge gebruik is om na Israeliete te verwys, veral toe hulle nog halfnomades was.

* 40:19 Deut 21:22-23

jou af. Hy sal jou aan 'n houtpaal hang,^d en die voëls sal jou vleis van jou afeet.”

²⁰*Op die derde dag, op die farao se verjaarsdag, het hy 'n feesmaal aangebied vir al sy dienaars. Hy het toe daar tussen sy dienaars die hoof van die skinkers se kop en die hoof van die bakkers se kop laat lig: ²¹Hy het die hoof van die skinkers herstel in sy amp as skinker, en hy het die beker in die farao se hand geplaas. ²²*Die hoof van die bakkers het hy laat ophang, soos Josef dit vir hulle verklaar het.

²³*Die hoof van die skinkers het egter nie weer aan Josef gedink nie; hy het hom vergeet.

41

¹*Ná verloop van twee jaar het die farao gedroom: Kyk, hy staan langs die Nyl, ²en meteens kom daar uit die Nyl sewe koeie op wat mooi lyk en vet is, en hulle wei in die oewergras. ³Maar kyk, sewe ander koeie wat lelik lyk en maer is, kom toe ná hulle op uit die Nyl, en hulle gaan staan langs die koeie op die wal van die Nyl. ⁴Die koeie wat lelik lyk en maer is, vreet toe die sewe koeie op wat mooi lyk en vet is. Toe word die farao wakker. ⁵Hy het aan die slaap geraak en 'n tweede keer gedroom: Kyk, daar was sewe koringare, vet en mooi, aan een halm, ⁶en meteens spruit daar ná hulle sewe koringare uit, maer en verskroei deur die oostewind. * ⁷En toe sluk die maer are die sewe vet en vol are

^d**40:19 aan ... hang:** Die oortreder is waarskynlik gedood, daarna is sy arms en bene gebreek, voordat 'n skerp paal in die buik en borsholte van die lyk gesteek en dan in die grond geplant is.

* **40:20-21** 2 Kon 25:27; Jer 52:31; Matt 14:6

* **40:22** Gen 41:13; Est 7:10

* **40:23** Ps 31:13; Pred 9:15-16

* **41:1** Gen 41:17-23

* **41:6 oostewind:** Job 37:17; Eseg 17:10; Jona 4:8

in. Die farao het wakker geword en kyk, dit was 'n droom!

⁸*Die oggend was sy gees onrustig, en hy ontbied toe al die waarsêerpriesters en wyses van Egipte. Die farao vertel toe vir hulle sy drome;^e maar niemand kon dit vir die farao verklaar nie.

⁹*Die hoof van die skinkers praat toe met die farao: “My eie misstappe moet ek vandag in herinnering roep. ¹⁰ Die farao was woedend vir sy dienaars en het my onder bewaking geplaas in die huis van die hoof van die lyfwag,^f vir my en die hoof van die bakkers. ¹¹ Ons het in dieselfde nag gedroom, ek en hy; elkeen het sy eie droom met 'n besondere betekenis gedroom. ¹²*By ons was daar 'n Hebreuse^g jong man, 'n slaaf van die hoof van die lyfwag. Ons het dit vir hom vertel, en hy het ons drome vir ons verklaar. Vir elkeen het hy dit volgens sy droom verklaar. ¹³ En presies soos hy dit vir ons verklaar het, het dit gebeur: Vir my het die farao in my amp herstel, maar hom het hy opgehang.”

¹⁴*Die farao het Josef toe laat roep, en hulle het hom gou uit die put gehaal. Nadat hy geskeer en ander klere aangetrek het, het hy na die farao gegaan. ¹⁵*Die farao sê toe vir Josef: “Ek het 'n droom gehad, en daar is niemand wat dit kan verklaar nie. Ek het van jou gehoor,

*41:8 Dan 2:1-3

^e41:8 sy drome: Die lesing van die •Samaritaanse Pentateug word gevolg. Die •bronteks lui “sy droom”.

*41:9 Gen 40:1-22

^f41:10 hoof ... lyfwag: Letterlik ‘hoof van die kokke’. Dit dui 'n vertroueling van die farao aan wat ook namens hom kon optree; vgl 2 Kon 25:8-20.

*41:12-13 Gen 37:36; Dan 1:17

^g41:12 Hebreuse: 'n Benaming wat deur vreemdelinge gebruik is om na 'n Israeliet te verwys, veral toe die Israeliete nog halfnomades was.

*41:14 Ps 105:20; Dan 2:25

*41:15 Dan 5:16

naamlik dat jy net 'n droom hoef te hoor om dit te verklaar.”¹⁶ *Josef het die farao geantwoord: “Dit berus nie by my nie! Net God kan 'n gunstige antwoord gee vir die farao.”

¹⁷ Toe sê die farao vir Josef: “Kyk, in my droom staan ek op die wal van die Nyl. ¹⁸ Meteens kom daar uit die Nyl sewe koeie op wat mooi lyk en vet is, en hulle wei in die oewergras. ¹⁹ Maar kyk, sewe ander koeie wat treurig en baie lelik lyk, kom toe ná hulle op uit die Nyl. Ek het in die hele Egipteland nog nooit koeie gesien wat so lelik soos hulle is nie. ²⁰ En toe vreet die maer en lelike koeie die eerste sewe vet koeie op! ²¹ Toe hulle in hulle ingewande was, kon 'n mens nie eers sien dat hulle in hulle ingewande ingegaan het nie. Hulle het so sleg gelyk soos aan die begin. Toe het ek wakker geword.

²² “Toe sien ek in my droom: Kyk, sewe koringare, vol en mooi, staan op uit een halm. ²³ Meteens spuit daar ná hulle sewe maer koringare uit, verskroei deur die oostewind, ²⁴ *en toe sluk die maer are die sewe mooi are in! Ek het dit vir die waarsêerpriesters vertel, maar niemand kon dit vir my verduidelik nie.”

²⁵ *Josef sê toe vir die farao: “Die drome van die farao — dit is maar een droom. Dit wat God gaan doen, het Hy aan die farao bekend gemaak. ²⁶ Die sewe mooi koeie is sewe jare, en die sewe mooi koringare is ook sewe jare. Dit is een droom. ²⁷ *Die sewe maer en lelike koeie wat ná hulle opgekom het, is sewe jare, en ook die sewe maer are, verskroei deur die oostewind. Dit sal sewe jaar van hongersnood wees. ²⁸ Dit is soos ek vir die farao gesê het: Wat God gaan doen, het Hy die farao laat sien. ²⁹ Kyk, daar kom sewe jaar van groot oorvloed in die

* **41:16** Gen 40:8; Dan 2:22,28,30,47

* **41:24** Jes 8:19; Dan 4:7

* **41:25** Dan 2:28-29,45; Op 4:1

* **41:27** 2 Kon 8:1

hele Egipteland. ³⁰ *Maar daarna breek sewe jaar van hongersnood aan, en al die oorvloed in Egipteland sal vergete wees. Die hongersnood sal die land uitmergel. ³¹ Die oorvloed in die land sal vanweë die hongersnood wat daarop volg, nie meer onthou word nie. Ja, dit sal baie erg wees. ³² *En wat die herhaling van die droom aan die farao op twee maniere betref: Omdat die saak van God se kant af vasstaan, is God haastig om dit gou te doen.

³³ “Daarom moet die farao 'n man met insig en wysheid kies, en hom oor Egipteland aanstel. ³⁴ Die farao moet optree en opsigters aanstel oor die land, en hy moet in die sewe jaar van oorvloed een vyfde van Egipteland se oes opeis. ³⁵ Hulle moet al die voedsel^h van hierdie goeie jare wat kom, bymekaarmaak. Hulle moet op gesag van die faraoⁱ voedsel in die dorpe opgaar en bewaar. ³⁶ Die voedsel sal as voorraad vir die land dien vir die sewe jaar van hongersnood wat in Egipteland sal heers, sodat die land nie deur hongersnood ten gronde gaan nie.”

³⁷ *Die saak was goed in die oë van die farao en al sy dienaars; ³⁸ *en die farao het vir sy dienaars gevra: “Sal ons so iemand vind, 'n man in wie die Gees van God is?” ³⁹ Toe sê die farao vir Josef: “Noudat God dit alles aan jou bekend gemaak het — daar is niemand so verstandig en wys soos jy nie — ⁴⁰ *sal jy self hoof van my hofhouding word, en aan

* 41:30 Gen 41:54,56; 47:13; Ps 105:16

* 41:32 Num 23:19; Jes 46:10-11

^h41:35 al die voedsel: Dit verwys na een vyfde van alle voedselsoorte, soos koring, gars, ensovoorts.

ⁱ41:35 moet op ... farao: Letterlik ‘onder die hand van die farao’.

* 41:37-44 Hand 7:10

* 41:38 Num 27:18; Job 32:8; Dan 2:11; 4:8-9,18; 5:11,14

* 41:40 Ps 105:21; Hand 7:10

jou bevele sal my hele volk gehoorsaam wees.^j Net wat die troon betref, is ek jou meerdere.”

⁴¹ Die farao het vir Josef gesê: “Kyk, ek stel jou aan oor die hele Egipteland.” ⁴² *Toe haal die farao sy seëling van sy hand af en sit dit aan Josef se vinger. Hy het hom linneklere laat aantrek en 'n goue ketting om sy nek gehang. ⁴³ *Hy het Josef laat ry op die tweede strydwa wat aan hom behoort, en daar is voor hom uitgeroep: “Gee pad!”^k So het hy hom oor die hele Egipteland aangestel.

⁴⁴ Die farao het vir Josef gesê: “Ek is die farao, maar sonder om jou in ag te neem, mag niemand in die hele Egipteland 'n hand of 'n voet lig nie.” ⁴⁵ Die farao het Josef die naam Safenat-Paneag gegee, en hy het Asenat, die dogter van Poti-Fera, die priester van On, aan hom as vrou gegee.

Josef het Egipteland deurreis. ⁴⁶ Hy was dertig jaar oud toe hy in diens van die farao getree het, die koning van Egipte. Hy het van die farao af vertrek en die hele Egipteland deurkruis.

⁴⁷ Die land het in die sewe jaar van oorvloed volop voedsel^l gelewer.

⁴⁸ Hy het al die voedsel^m wat daar in sewe jaar in Egipteland was, bymekaar gemaak. Hy het die voedsel in die dorpe ingebring. Die voedsel van die dorp se landerye wat daar rondom was, het hy daar ingebring.

⁴⁹ Josef het graan opgegaan soos die sand van die see, besonder baie, totdat hy opgehou het om dit te tel; want dit was ontelbaar.

^j**41:40 gehoorsaam wees:** Daar is onsekerheid oor die betekenis van die bronteks, en die •Septuagint word hier gevolg.

* **41:42** Est 3:10; 8:2,8,10; Dan 5:7,16,29

* **41:43** Gen 46:29; Est 6:9

^k**41:43 Gee pad:** Daar is onsekerheid oor die vertaling van die bronteks. Word ook vertaal “Kniel”.

^l**41:47 volop voedsel:** Die Hebreeuse idioom lui “vir handevol”.

^m**41:48 al die voedsel:** Vgl die voetnoot by Gen 41:35.

⁵⁰ *Vir Josef is twee seuns gebore voordat die jare van hongersnood aangebreek het — seuns wat Asenat, die dogter van Poti-Fera, die priester van On, vir hom in die wêreld gebring het. ⁵¹ Josef het die eersgeborene Manasseⁿ genoem, “want,” het hy gesê,^o “God het my al my swaarkry laat vergeet, en ook my hele familie”. ⁵² *Sy tweede seun het hy Efraim^p genoem, “want,” het hy gesê,^q “God het my vrugbaar gemaak in die land van my ellende”.

⁵³ Die sewe jaar van oorvloed wat daar in Egipteland was, het tot 'n einde gekom, ⁵⁴ *en sewe jaar van hongersnood het aangebreek, net soos Josef gesê het. Daar was hongersnood in al die lande, maar in die hele Egipteland was daar brood. ⁵⁵ *Toe die hele Egipteland ook honger ervaar, en die volk by die farao om hulp roep vir brood, het die farao vir al die Egiptenare gesê: “Gaan na Josef! Wat hy vir julle sê, moet julle doen.”

⁵⁶ *Toe daar hongersnood oor die hele land was, het Josef al die voorraadskure^r oopgemaak en graan aan die Egiptenare verkoop.^s Die

*41:50 Gen 46:20; 48:5

ⁿ41:51 **Manasse:** Die naam hou verband met die Hebreeus vir ‘vergeet’.

^o41:51 **het hy gesê:** Hierdie woorde kom nie in die bronteks voor nie, maar word veronderstel.

*41:52 Gen 17:6; 49:22

^p41:52 **Efraim:** Die naam hou verband met die Hebreeus vir ‘vrugbaar wees’.

^q41:52 **het hy gesê:** Hierdie woorde kom nie in die bronteks voor nie, maar word veronderstel.

*41:54-55 Ps 105:16-19

*41:55 Joh 2:5

*41:56 Gen 42:6

^r41:56 **al die voorraadskure:** Die lesing van die •Septuagint en •Peshitta word hier gevolg. Die bronteks lui “alles wat in hulle was”.

^s41:56 **graan ... verkoop:** Hierdie lesing berus op vokaalverandering in die bronteks. Die bronteks lui “graan gekoop vir die Egiptenare”.

hongersnood was straf in Egipteland. ⁵⁷ *Die hele wêreld het na Egipte gekom om by Josef graan te koop, want die hongersnood was straf oor die hele aarde.

42

Josef se broers in Egipte

¹ * Jakob het agtergekom dat daar graan in Egipte was. Jakob sê toe vir sy seuns: “Waarom kyk julle net na mekaar?” ² * Hy het ook gesê: “Kyk, ek het gehoor dat daar graan is in Egipte. Gaan af daarheen en koop vir ons daar graan, sodat ons kan leef en nie sterf nie!” ³ Tien broers van Josef het toe afgegaan om graan te koop in Egipte; ⁴ * maar vir Benjamin, Josef se eie broer, het Jakob nie saam met sy broers gestuur nie, want, het hy gedink, netnou tref 'n noodlottige ramp hom. ⁵ * So het Israel se seuns dan in Egipte aangekom om graan te koop, saam met ander wat ook gekom het, want daar was hongersnood in die land Kanaän.

⁶ * Josef was die heerser oor die land. Hy was die een wat aan al die mense van die land graan verkoop het. Josef se broers het daar aangekom, en hulle het diep voor hom neergebuig, met hulle gesigte na die grond. ⁷ Toe Josef sy broers sien, het hy hulle herken. Hy het hom egter vreemd gehou teenoor hulle en hulle streng aangespreek. Hy het vir hulle gevra: “Waarvandaan kom julle?” Hulle het geantwoord: “Van die land Kanaän af, om kos te koop.” ⁸ Al het Josef sy broers herken, het

* 41:57 Gen 12:10

* 42:1-2 Hand 7:12

* 42:2 Gen 43:8

* 42:4 Gen 35:18,24

* 42:5 Hand 7:11

* 42:6 Gen 37:7-10; 41:43; Jes 60:14

hulle hom op hulle beurt nie herken nie. ⁹ *Josef onthou toe die drome wat hy oor hulle gedroom het, en sê vir hulle: “Julle is spioene! Dit is net om die kwesbaarste deel van die land te sien dat julle gekom het.”

¹⁰ Maar hulle antwoord hom: “Nee, my heer; u dienaars het net gekom om kos te koop. ¹¹ Ons is almal seuns van een man. Ons is eerlike mense. U dienaars is nie spioene nie.” ¹² Hy sê toe vir hulle: “Nee! Dit is maar net om die kwesbaarste deel van die land te sien dat julle gekom het.” ¹³ *Hulle het geantwoord: “U dienaars was twaalf; ons is broers, die seuns van een man in die land Kanaän. Maar kyk, die jongste is vandag by ons vader; en een is nie meer daar nie.”

¹⁴ Josef sê egter vir hulle: “Dit is soos ek vir julle gesê het: Julle is spioene. ¹⁵ Hierdeur sal julle getoets word: So waar as die farao leef, julle sal nie hiervandaan vertrek tensy julle jongste broer hierheen kom nie. ¹⁶ Stuur een van julle, sodat hy julle broer gaan haal. Maar julle bly in aanhouding, sodat julle woorde getoets kan word of julle by die waarheid hou. En indien nie — so waar as die farao leef — dan is julle spioene.” ¹⁷ Hy het hulle toe drie dae lank onder bewaking gehou.

¹⁸ *Op die derde dag het Josef vir hulle gesê: “As julle dit doen, sal julle leef. Vir God het ek ook ontsag. ¹⁹ As julle eerlik is, laat een van julle broers gevange bly in die plek waar julle bewaak word. Maar julle, gaan bring graan weg vir die honger by julle huise. ²⁰ *Julle moet julle jongste broer na my toe bring, sodat julle woorde as betroubaar bewys word en julle nie sterf nie.”

Hulle het toe so gemaak. ²¹ *Hulle het vir mekaar gesê: “Wel, ons is

* **42:9** Gen 37:5-11

* **42:13** Gen 37:30; 43:7; 44:30

* **42:18** Gen 39:9; Lev 25:43; Neh 5:15

* **42:20** Gen 42:34; 43:5; 44:23

* **42:21** Gen 37:26-28; Matt 7:2

beslis skuldig oor ons broer wie se sielenood ons gesien het toe hy ons om genade gesmeek, maar ons nie geluister het nie. Daarom het hierdie nood ons nou oorval.”²² *Ruben het gereageer en vir hulle gesê: “Het ek nie vir julle gesê, ‘Moenie 'n misstap teen die kind begaan nie’? Maar julle het nie geluister nie. Ook sy bloed, kyk, dit word nou geëis!”

²³ Hulle het self nie besef dat Josef verstaan nie, want daar is tussen hulle getolk. ²⁴ *Hy het van hulle af weggedraai en gehuil. Toe hy na hulle terugkom, het hy met hulle gepraat en vir Simeon tussen hulle uitgehaal en hom voor hulle oë vasgebind.

²⁵ *Josef het toe opdrag gegee dat hulle houers vol graan gemaak moet word, dat elkeen se silwer in sy sak teruggeplaas, en dat daar vir hulle padkos vir die reis gegee moet word. Hy het dit so vir hulle gedoen.

²⁶ Hulle het toe hulle graan op hulle donkies gelaai en daarvandaan vertrek.

²⁷ *Een het sy sak oopgemaak om vir sy donkie voer te gee by die oornagplek. Hy sien toe sy silwer — en kyk, dit was bo in sy sak. ²⁸ *Hy sê toe vir sy broers: “My silwer is teruggesit! Ja, hier is dit in my sak.” Hulle was verslae,^t en verskrik het hulle na mekaar gedraai: “Wat is dit wat God aan ons doen?”

²⁹ Toe hulle by Jakob, hulle pa, in die land Kanaän aankom, het hulle hom alles vertel wat hulle oorgekom het: ³⁰ “Die man, die heer van die land, het ons streng aangespreek. Hy het ons uitgemaak vir mense wat op die land spioeneer. ³¹ Maar ons het vir hom gesê, ‘Ons is eerlike

* **42:22** Gen 37:21-22; 42:37

* **42:24** Gen 43:14,23,30; 45:14-15

* **42:25-28** Gen 43:12; 44:1; Rom 12:17,20; 1 Pet 3:9

* **42:27** Gen 43:21-22

* **42:28** Gen 43:23

^t**42:28 Hulle was verslae:** Die Hebreeuse idioom lui “hulle hart het uitgegaan”.

mense. Ons is nie spioene nie. ³² Ons was twaalf broers, die seuns van ons vader; die een is nie meer daar nie, en die jongste is vandag by ons vader in die land Kanaän.’ ³³ Die man, die heer van die land, het egter vir ons gesê, ‘Hieraan sal ek weet dat julle eerlike mense is: Laat bly een van julle broers by my. En vir die honger by julle huise — neem graan en gaan! ³⁴ *Bring julle jongste broer na my toe, sodat ek kan weet dat julle nie spioene is nie, maar dat julle eerlike mense is. Julle broer sal ek dan vir julle gee, en dan mag julle deur die land trek.’ ”

³⁵ *En toe, terwyl hulle besig is om hulle sakke leeg te maak, daar is elkeen se toegebinde silwer in sy sak! Toe hulle hulle toegebinde silwer sien, hulle en hulle pa, was hulle beangs. ³⁶ *Jakob, hulle pa, het vir hulle gesê: “Julle maak my kinderloos! Josef is nie meer daar nie, en Simeon is nie meer daar nie, en Benjamin wil julle neem. Alles is teen my!”

³⁷ *Ruben sê toe vir sy pa: “Pa kan maar my twee seuns doodmaak as ek hom nie na pa terugbring nie. Laat hom in my sorg; ek sal hom persoonlik na pa terugbring.” ³⁸ *Maar hy antwoord: “My seun sal nie saam met julle aftrek nie, want sy broer is dood, en net hy alleen het oorgebly. As 'n noodlottige ramp hom tref op die pad waarop julle gaan, sal julle my grys hare met verdriet in die •doderyk laat afgaan.”

43

Josef se broers weer in Egipte

¹ *Die hongersnood was erg in die land. ² Toe die graan wat hulle uit Egipte gebring het, heeltemal opgeëet was, het hulle pa vir hulle gesê:

* 42:34 Gen 34:10,21

* 42:35 Gen 43:12,15,21

* 42:36 Gen 43:14

* 42:37 Gen 37:21-22

* 42:38 Gen 37:33-35; 42:4,13; 44:27-31

* 43:1 Gen 12:10; 41:56-57; 47:20

“Gaan koop weer vir ons 'n bietjie kos.”³ *Maar Juda het vir hom gesê: “Die man het ons uitdruklik gewaarsku, ‘Julle sal my gesig nie sien tensy julle broer by julle is nie.’⁴ As pa nou net ons broer saam met ons stuur, kan ons gaan en vir pa kos koop.⁵ *Maar as pa hom nie saamstuur nie, sal ons nie gaan nie. Want die man het vir ons gesê, ‘Julle sal my gesig nie sien tensy julle broer by julle is nie.’ ”⁶ *Israel vra toe: “Waarom het julle my kwaad aangedoen deur vir die man te vertel dat julle nog 'n broer het?”⁷ Hulle het geantwoord: “Die man het uitdruklik oor ons en ons familie uitgevra: ‘Leef julle vader nog? Het julle nog 'n broer?’ Ons het aan hom net inligting verskaf wat betrekking het op hierdie sake. Hoe kon ons ooit weet dat hy sou sê, ‘Bring julle broer af hierheen?’”

⁸ *Daarop sê Juda vir sy pa Israel: “Stuur die jong man saam met my. Ons wil gereedmaak en gaan, sodat ons kan leef en nie sterf nie, ons sowel as pa en ons kinders.⁹ *Ek sal self vir hom borg staan; van my hand kan pa hom eis. As ek hom nie na pa terugbring en voor pa laat staan nie, sal ek altyd teenoor pa skuldig staan.¹⁰ As ons nie so getalm het nie, dan was ons beslis nou al vir die tweede keer terug.”

¹¹ *Toe sê hulle pa Israel vir hulle: “As dit so is, maak dan só: Neem van die keurprodukte van die land in julle kruike saam, en neem dit af daarheen as 'n geskenk vir die man: 'n bietjie balsem en 'n bietjie heuning, gom en hars,^u pistasieneute en amandels.¹² *Neem ook twee

* **43:3** Gen 42:20; 44:23

* **43:5** Gen 42:14-16

* **43:6** Gen 44:18-34

* **43:8** Gen 42:2

* **43:9** Gen 42:37; 44:32

* **43:11** Gen 37:25; Jer 8:22; Eseg 27:17

^u**43:11 hars:** Daar is onsekerheid oor die betekenis van die bronteks, en dit word verskillend vertaal.

* **43:12** Gen 42:25,35; 43:21-22

maal soveel silwer met julle saam, en die silwer wat bo in julle sakke teruggegee is, moet julle saam terugneem. Miskien was dit 'n misverstand. ¹³ En neem julle broer; maak gereed en gaan terug na die man. ¹⁴ *Mag God, die Almagtige,^v gee dat julle barmhartigheid ervaar voor die man, en dat hy vir julle julle ander broer en Benjamin vrylaat. En ek — as ek kinderloos word, word ek kinderloos.”

¹⁵ Die manne het toe die geskenk geneem. Hulle het twee maal soveel silwer met hulle saamgeneem, en ook vir Benjamin. Hulle het gereed gemaak, afgegaan na Egipte en by Josef aangemeld.

¹⁶ *Toe Josef vir Benjamin by hulle sien, sê hy vir die hoof van sy huishouding: “Neem die manne na die huis, slag 'n dier en berei dit voor, want hulle gaan vanmiddag saam met my eet.” ¹⁷ Die man het gemaak soos Josef gesê het. Die man het toe die manne na Josef se huis gebring.

¹⁸ *Die manne was bang toe hulle na Josef se huis geneem word en het gesê: “Dit is oor die silwer wat die vorige keer in ons sakke teruggesit is^w dat ons hierheen gebring word. Dit is om ons te oorrompel en ons te oorval, om ons as slawe toe te eien, en ook ons donkies.” ¹⁹ Hulle nader toe die hoof van Josef se huishouding en praat met hom by die ingang van die huis. ²⁰ * “Asseblief, my heer,” sê hulle, “ons het die vorige keer regtig afgekom hierheen om kos te koop. ²¹ *Maar toe ons by die oornaglek aankom en ons sakke oopmaak, kyk, daar is elkeen se silwer

*43:14 Gen 42:36

^v43:14 **Almagtige:** In Hebreeus *sjaddai*. Daar is onsekerheid oor die betekenis van die naam; vgl Gen 17:1.

*43:16 Gen 44:1,4

*43:18 Gen 42:28,35

^w43:18 **teruggesit is:** •Die Samaritaanse Pentateug word hier gevolg. Die •bronteks lui “teruggekom het”.

*43:20 Gen 42:2-3,10

*43:21 Gen 42:27,35

bo in sy sak — ons silwer, die volle gewig daarvan! Ons het dit saam teruggebring. ²² Ons het ook ander silwer saam afgebring om kos mee te koop. Ons weet nie wie het ons silwer in ons sakke gesit nie.”

²³ Hy sê toe: “Wees gerus!^x Julle het niks te vrees nie. Julle God, die God van julle vader, het vir julle 'n verborge skat in julle sakke geplaas. Julle silwer het by my uitgekom.” Daarop bring hy Simeon na hulle toe uit.

²⁴ *Die man het die manne in Josef se huis ingeneem. Hy het water verskaf, en hulle het hulle voete gewas. Hy het ook vir hulle donkies voer gegee. ²⁵ *Hulle het die geskenk gereedgekry met die oog op Josef se koms die middag, omdat hulle gehoor het dat hulle daar sou eet.

²⁶ *Toe Josef by die huis kom, het hulle vir hom die geskenk wat by hulle was, in die huis ingebring, en diep voor hom neergebuig na die grond. ²⁷ *Hy vra hulle toe hoe dit gaan, en sê daarna: “Hoe gaan dit met julle ou vader van wie julle gepraat het? Leef hy nog?” ²⁸ Hulle antwoord was: “Dit gaan goed met u dienaar, ons vader. Hy leef nog.” Toe kniel hulle en buig diep neer.

²⁹ *Toe hy opkyk, sien hy sy broer Benjamin raak, die seun van sy ma, en hy vra: “Is dit julle jongste broer van wie julle my vertel het?” Daarop sê hy: “Mag God jou genadig wees, my seun!” ³⁰ *Josef is haastig uit, want hy was diep ontroer oor sy broer, en was op die punt om te huil. Hy gaan toe sy slaapkamer binne en huil daar. ³¹ *Nadat hy sy

^x**43:23 Wees gerus:** Word ook vertaal “Vrede vir julle.”

* **43:24** Gen 18:4; 19:2; 24:32

* **43:25** Gen 43:11,15

* **43:26** Gen 37:7,10; 42:6

* **43:27** Gen 43:7; 45:3

* **43:29** Gen 42:13

* **43:30** Gen 42:24; 45:2,14; 46:29; 1 Kon 3:26

* **43:31** Gen 45:1

gesig gewas het, het hy uitgekom. Hy het hom bedwing en gesê: “Bedien die kos!”³² *Hulle het hom, sy broers, en die Egiptenare wat by hom eet, almal afsonderlik bedien. Die Egiptenare kon immers nie saam met die Hebreërs^y eet nie, want dit is vir Egiptenare afstootlik.³³ Toe hulle voor hom gaan sit, was die eersgeborene op die eersgeborene se plek, en die jongste op die jongste se plek. Die manne het mekaar verbaas aangekyk.³⁴ *Porsies is aan hulle bedien van wat aan Josef voorgesit was. Benjamin se porsie was vyf maal groter as almal se porsies. Hulle het gedrink en saam met hom dronk geword.

44

Josef se versoening met sy broers

¹ *Josef het die hoof van sy huishouding beveel: “Vul die manne se sakke met kos, soveel as wat hulle kan dra. Sit elkeen se silwer terug bo in sy sak. ² My beker, die silwerbeker, moet jy bo in die jongste se sak sit, saam met die silwer vir sy graan.” Hy het presies gedoen wat Josef gesê het.

³ Die oggend toe dit lig word, is die manne weggestuur, hulle en hulle donkies. ⁴ Hulle het die stad verlaat, maar was nog nie ver weg nie, toe sê Josef vir die hoof van sy huishouding: “Maak klaar, sit die manne agterna en wanneer jy hulle inhaal, moet jy vir hulle vra, ‘Waarom het julle goed met kwaad vergeld?’ ⁵ *Is dit nie waaruit my heer drink en waarmee hy altyd die toekoms voorspel nie? Julle het verkeerd

* **43:32** Gen 39:6; 46:34; Eks 8:26

^y**43:32 die Hebreërs:** 'n Benaming wat deur vreemdelinge gebruik is om na Israeliete te verwys, veral toe hulle nog halfnomades was.

* **43:34** Gen 35:24; 45:22

* **44:1** Gen 42:25-28

* **44:5** Gen 30:27; 44:15; Lev 19:26; Deut 18:10-14

opgetree met wat julle gedoen het!’ ”

⁶ Hy het hulle toe ingehaal en hierdie woorde vir hulle gesê. ⁷ Hulle sê toe vir hom: “Waarom sê my heer sulke woorde? U dienaars sal nooit so iets doen nie! ⁸ *Kyk, die silwer wat ons bo in ons sakke gevind het, het ons uit die land Kanaän vir u teruggebring. Hoe sal ons dan nou silwer of goud uit die huis van u heer steel? ⁹ *Die een van u dienaars by wie dit gevind word, moet sterf, en ons sal ook my heer se slawe word.”

¹⁰ Hy het geantwoord: “Nou goed, soos julle sê, so sal dit wees: Die een by wie dit gevind word, sal my slaaf word; maar julle sal onskuldig wees.” ¹¹ Hulle het gou elkeen sy sak op die grond neergesit, en elkeen van hulle het sy sak oopgemaak. ¹² *Hy het dit deursoek; by die oudste het hy begin en by die jongste geëindig. Die beker is toe in Benjamin se sak gevind! ¹³ *Toe skeur hulle hulle klere, laai elkeen sy donkie en keer terug na die stad.

¹⁴ *Toe Juda en sy broers by Josef se huis aankom, was hy nog daar. Hulle het voor hom op die grond neergeval. ¹⁵ Josef het vir hulle gesê: “Wat is dit wat julle nou gedoen het? Besef julle nie dat 'n man soos ek altyd die toekoms moet voorspel nie?”

¹⁶ *Juda sê toe: “Wat kan ons vir my heer sê? Wat kan ons aanvoer? Hoe kan ons onself regverdig? Dit is God wat die sondeskuld van u dienaars aan die lig gebring het. Kyk, ons is nou my heer se slawe, ons en ook die een by wie die beker gevind is.” ¹⁷ Maar hy antwoord: “Ek sal so iets nooit doen nie. Die man by wie die beker gevind is, net hy sal

* 44:8 Gen 43:21-23

* 44:9 Gen 31:32; 44:16

* 44:12 Gen 43:14

* 44:13 Gen 37:29,34

* 44:14 Gen 37:7-10; 42:6; 43:26-28

* 44:16 Gen 44:9

my slaaf word. En julle, trek in vrede op na julle vader!”

¹⁸* Juda gaan toe nader aan hom en sê: “Asseblief, my heer, laat u dienaar tog persoonlik met my heer praat. Moet u nie vir u dienaar vererg nie; u is immers soos die farao. ¹⁹* My heer het sy dienaars gevra, ‘Het julle nog 'n vader of 'n broer?’ ²⁰* En ons het my heer geantwoord, ‘Ons het 'n ou vader en 'n jong broer, 'n kind van sy ouderdom. Sy eie broer is oorlede, en hy is al wat van sy ma oorgebly het. Sy pa is lief vir hom.’ ²¹* U het toe vir u dienaars gesê, ‘Bring hom af na my, dat ek hom onder oë kan kry.’ ²² Ons het my heer geantwoord, ‘Die jong man kan nie sy vader verlaat nie. As hy sy vader verlaat, sal sy vader sterf.’ ²³* U het toe vir u dienaars gesê, ‘As julle jongste broer nie saam met julle afkom nie, sal julle nie weer my gesig sien nie.’ ²⁴ Ons het daarna opgetrek na u dienaar, my vader, en hom die woorde van my heer meegedeel. ²⁵* Ons vader het gesê, ‘Gaan koop weer vir ons 'n bietjie kos!’ ²⁶ Maar ons het gesê, ‘Ons kan nie daarheen afgaan nie. As ons jongste broer by ons is, kan ons gaan, want ons sal nie die man se gesig kan sien as ons jongste broer nie by ons is nie.’ ²⁷ En u dienaar, my vader, het vir ons gesê, ‘Julle weet self dat my vrou vir my net twee seuns in die wêreld gebring het. ²⁸* Die een het van my af weggegaan, en ek het gesê: “Hy is sonder enige twyfel verskeur!” En ek het hom tot nou toe nie weer gesien nie. ²⁹* As julle nou hierdie een ook van my wegneem, en 'n noodlottige ramp tref hom, sal julle my grys hare deur

* **44:18** Gen 18:30,32; 37:7-8; 41:40-44

* **44:19** Gen 43:7

* **44:20** Gen 37:3; 42:13; 43:8; 44:30

* **44:21-23** Gen 42:15-16,33-34

* **44:23** Gen 43:3,5

* **44:25** Gen 43:2

* **44:28** Gen 37:31-35

* **44:29-31** Gen 42:38

teenspoed in die •doderyk laat afgaan.’^{30*} Daarom, as ek by u dienaar, my vader, aankom, en die jong man aan wie hy so geheg is, is nie by ons nie —³¹ die oomblik dat hy sien die jong man is nie daar nie, sal hy sterf. U dienaars sal die grys hare van ons vader, u dienaar, met verdriet in die doderyk laat afgaan.^{32*} Aangesien u dienaar borg gestaan het vir die jong man by my vader deur te sê, ‘As ek hom nie na u terugbring nie, sal ek altyd teenoor my vader skuldig staan,’³³ laat u dienaar asseblief dan nou in die plek van die jong man as slaaf van my heer agterbly. Maar die jong man, laat hy saam met sy broers optrek.³⁴ Want hoe kan ek na my vader optrek, en die jong man is nie by my nie? Anders moet ek die ramp aanskou wat my vader tref.”

45

¹ Josef kon hom nie langer bedwing voor almal wat langs hom staan nie, en roep toe uit: “Stuur almal uit, weg van my af!” Daar het niemand anders by hom gestaan toe Josef hom aan sy broers bekend maak het nie.² Hy het hardop begin huil. Die Egiptenare het dit gehoor, ja, ook die huis van die farao het dit gehoor.^{3**} Toe sê Josef vir sy broers: “Ek is Josef. Leef my pa nog?” Sy broers kon hom nie antwoord nie, want hulle het verbysterd voor hom gestaan.^{4*} Josef sê toe vir sy broers: “Kom tog nader na my!” Hulle het nader gegaan, en toe sê hy: “Ek is Josef, julle broer; julle het my verkoop om na Egipte geneem te word.^{5*} Maar moet julle nou nie ontstel en julleself verwyt

* 44:30 1 Sam 18:1

* 44:32 Gen 43:9

* 45:3-4 Hand 7:13

* 45:3 Gen 37:20; 42:21-22

* 45:4 Gen 37:18-36; Hand 7:9

* 45:5 Gen 45:7-8; 50:20; Ps 105:17

omdat julle my verkoop het en ek hier beland het nie; want dit is vir die behoud van lewens dat God my voor julle uit gestuur het. ⁶ Ja, daar was nou al twee jaar lank hongersnood in die land, en daar is nog vyf jaar waarin daar nie geploeg of geoes sal word nie. ⁷ Maar God het my voor julle uit gestuur om vir julle 'n oorblyfsel* op aarde te vestig, en om julle in die lewe te hou met die oog op 'n groot uitredding. ⁸ Dus, dit is nie julle wat my hierheen gestuur het nie, maar God. Hy het my as 'n vader vir die farao aangestel, as 'n heer vir sy hele huishouding en 'n regeerder oor die hele Egipteland. ⁹ *Maak gou en trek op na my pa. Sê vir hom, 'So sê u seun Josef: "God het my aangestel as heer oor die hele Egipte. Trek af na my toe. Moenie talm nie!" ¹⁰ *Kom woon in die Gosenstreek, sodat pa naby my kan wees — pa en pa se kinders en kleinkinders, en ook pa se kleinvee en beeste en alles wat aan pa behoort. ¹¹ *Ek sal pa daar van kos voorsien, want daar gaan nog vyf jaar lank hongersnood wees. Anders verarm pa — pa, pa se huis en almal wat aan pa behoort." ' ¹² Kyk, julle sien nou self, en my broer Benjamin sien dit ook, dat dit my eie mond is wat met julle praat. ¹³ *Vertel vir my pa van al die aansien wat ek in Egipte geniet, en van alles wat julle gesien het. Maak net gou en bring my pa af hierheen." ¹⁴ *Toe val hy sy broer Benjamin om die nek en huil, en Benjamin het op sy skouer gehuil. ¹⁵ Hy het al sy broers gesoen en by hulle gehuil. Daarna het sy broers met hom gepraat.

* **45:7 oorblyfsel:** Jes 10:21-22; 11:11,16; Sag 8:6,12; Rom 11:5

* **45:9-11** Gen 45:18-19; Hand 7:14

* **45:10** Gen 46:34; 47:1,4,6,11,27; 50:8; Eks 8:22; Jos 10:41

* **45:11** Gen 47:12; 50:21

* **45:13** Hand 7:14

* **45:14-15** Gen 42:24

¹⁶ *Toe die nuus “Josef se broers het gekom!” die farao se paleis bereik, was dit goed in die oë van die farao en sy dienaars. ¹⁷ Die farao het vir Josef gesê: “Sê vir jou broers, ‘Doen die volgende: Laai julle pakkdiere en gaan dan na die land Kanaän. ¹⁸ **Kry julle vader en julle huisgesinne en kom na my toe! Ek sal vir julle die beste deel van Egipteland gee, sodat julle die vettigheid van die land kan geniet.’ ¹⁹ *En jy self het die opdrag om vir hulle te sê,^z ‘Dit moet julle doen: Neem vir julle waens^a uit Egipteland vir julle kinders en vroue, en gaan haal julle vader en kom! ²⁰ Moenie trane stort oor julle besittings nie, want die beste van die hele Egipteland sal daar wees vir julle.’ ”

²¹ Die seuns van Israel het toe so gemaak. Josef het hulle, volgens die opdrag van die farao, van waens voorsien. Hy het ook vir hulle padkos vir die reis gegee. ²² *Hy het aan hulle almal, elkeen van hulle, 'n bykomende stel klere gegee, maar vir Benjamin het hy driehonderd silwerstukke^b en vyf stelle klere gegee. ²³ Net so het hy vir sy pa tien donkiehingste gestuur, gelaai met van die beste produkte uit Egipte, en ook tien donkiemerries, gelaai met graan, brood en kosvoorraad vir sy pa vir die reis. ²⁴ So het hy sy broers weggestuur, en hulle het vertrek. Hy het vir hulle gesê: “Moenie bang wees^c op die pad nie.”

* **45:16** Hand 7:13

* **45:18-19** Hand 7:14

* **45:18** Gen 46:34; 47:1,4-6,11

* **45:19** Gen 46:5

^z**45:19 om ... te sê:** Hierdie woorde kom nie in die •bronteks voor nie, maar word veronderstel.

^a**45:19 waens:** Tweewielwaens, gewoonlik getrek deur twee koeie.

* **45:22** Gen 43:34; 2 Kon 5:5

^b**45:22 300 silwerstukke:** Ongeveer 3,4 kg; •Geldeenrede.

^c**45:24 Moenie ... wees:** Letterlik ‘bewe’. Vroeë vertalings lui “Moenie stry kry nie.”

²⁵ Hulle het toe van Egipte af opgetrek en in die land Kanaän by hulle pa Jakob aangekom. ²⁶ *Hulle het hom ingelig, “Josef leef nog!”, en ook dat hy heers oor die hele Egipteland. Maar dit het hom koud gelaat,^d want hy kon hulle nie glo nie. ²⁷ *Hulle dra toe aan hom al Josef se woorde oor wat hy vir hulle gesê het; en toe hy die waens sien wat Josef gestuur het om hom op te laai, het Jakob, hulle pa, se gemoed opgeflikker. ²⁸ Israel sê toe: “Genoeg! My seun Josef leef nog! Ek wil gaan en ek wil hom sien voordat ek sterf.”

46

Jakob en sy nageslag in Egipte

¹ *Israel en almal wat by hom hoort, het kamp opgebreek. Toe hulle by Berseba kom, het hy offers geslag vir die God van sy vader Isak. ² *God het met Israel in naggestigte gepraat; Hy het gesê: “Jakob! Jakob!” Hy het geantwoord: “Hier is ek!” ³ *Toe sê God: “Ek is God, die God^e van jou vader. Moenie bang wees om af te trek na Egipte nie, want ek sal daar van jou 'n groot nasie maak. ⁴ *Ek self sal saam met jou aftrek na Egipte, en Ek self sal jou beslis ook weer laat optrek. En Josef, hy sal jou oë toedruk.”

*45:26 Gen 37:31

^d45:26 dit ... gelaat: Die Hebreeuse idioom lui “sy hart was koud”.

*45:27 Gen 46:5

*46:1 Gen 21:31; 26:23-24; 28:10,13

*46:2 Gen 15:1; 22:11; 31:11; Num 12:6; Job 33:14-15

*46:3 Gen 12:2; 15:13-14; 35:11; Eks 1:7,9; Deut 26:5

^e46:3 God, die God: Die •bronteks gebruik hier twee verskillende woorde vir God, *El* en *Elohim*.

*46:4 Gen 15:16; 28:15; 48:21; 50:24; Eks 3:8

⁵* Jakob het gereedgemaak en vertrek uit Berseba. Die seuns van Israel het hulle pa Jakob, hulle kinders en hulle vroue op die waens gelaai wat die farao gestuur het om hom te vervoer. ⁶ Hulle het ook hulle vee en hulle goedere wat hulle in die land Kanaän bekom het, geneem, en in Egipte aangekom, Jakob en sy hele nageslag saam met hom. ⁷ Sy seuns en sy kleinseuns was saam met hom; sy dogters en sy kleindogters, sy hele nageslag het hy saam met hom na Egipte gebring.

⁸* Hier volg die name van die nageslag van Israel wat in Egipte aangekom het; dit is Jakob en sy nakomelinge:

Die eersgeborene van Jakob was Ruben.

⁹* Die seuns van Ruben was Ganog, Pallu, Gesron en Karmi.

¹⁰* Die seuns van Simeon was Jemuel, Jamin, Ohad, Jagin, Sogar en Saul, seun van 'n Kanaänitiese vrou.

¹¹* Die seuns van Levi was Gerson, Kehat en Merari.

¹²* Die seuns van Juda was Er, Onan, Sela, Peres en Serag. Er en Onan het in die land Kanaän gesterf; en Peres se seuns was Gesron en Gamul.

¹³* Die seuns van Issaskar was Tola, Puwwa, Jasub^f en Simron.

¹⁴* Die seuns van Sebulon was Sered, Elon en Jagleël.

* **46:5-6** Gen 45:19,21; Jos 24:4; Ps 105:23; Jes 52:4; Hand 7:15

* **46:8** Eks 1:1-5; Num 26:4-5

* **46:9** Eks 6:13; 1 Kron 5:3

* **46:10** Eks 6:14; Num 26:12-13; 1 Kron 4:24

* **46:11** Eks 6:15; Num 3:17; 26:57; 1 Kron 6:1; 23:6

* **46:12** Gen 38:3,7,10; Num 26:19-21; 1 Kron 2:5; Matt 1:3

* **46:13** Num 26:23-24; 1 Kron 7:1

^f**46:13 Jasub:** Die •Septuagint en die •Samaritaanse Pentateug word hier gevolg; vgl ook 1 Kron 7:1. Die bronteks lui “Joob”.

* **46:14** Num 26:26

¹⁵ *Dit was die seuns van Lea wat sy in Paddan-Aram vir Jakob in die wêreld gebring het, en ook sy dogter Dina — altesaam, seuns en dogters, drie-en-dertig persone.

¹⁶ *Die seuns van Gad was Sifjon en Gaggi, Suni en Esbon, Eri, Arodi en Areli.

¹⁷ *Die seuns van Aser was Jimna, Jiswa, Jiswi en Beria, en Serag was hulle suster. Die seuns van Beria was Geber en Malkiël.

¹⁸ *Dit was die seuns van Silpa, wat Laban vir sy dogter Lea gegee het. Sy het hierdie nageslag vir Jakob in die wêreld gebring — sestien persone.

¹⁹ *Die seuns van Ragel, die vrou van Jakob, was Josef en Benjamin.

²⁰ *Vir Josef is Manasse en Efraim in Egipte gebore, hulle wat Asenat, dogter van Poti-Fera, priester van On, vir hom in die wêreld gebring het.

²¹ *Die seuns van Benjamin was Bela, Beger en Asbel, Gera en Naäman, Egi en Ros, Muppm, Guppm en Ard.

²² Dit was die seuns van Ragel wat vir Jakob gebore is — altesaam veertien persone.

* 46:15 Gen 29:31 — 30:21

* 46:16 Num 26:15-17

* 46:17 1 Kron 7:30-31

* 46:18 Gen 29:24; 30:9-13

* 46:19 Gen 30:22-24; 35:16-18

* 46:20 Gen 41:50-52; Num 26:28

* 46:21 Num 26:38-40; 1 Kron 7:6-12; 8:1,3

²³ *Die seun van Dan was Gusim.^g

²⁴ *Die seuns van Naftali was Jagseël, Guni, Jeser en Sillem.

²⁵ *Dit was die seuns van Bilha, wat Laban vir sy dogter Ragel gegee het. Sy het hulle vir Jakob in die wêreld gebring — altesaam sewe persone.

²⁶ *Al die mense van Jakob wat na Egipte gekom het, al sy direkte afstammeling^h, met die uitsondering van die vroue van Jakob se seuns, was altesaam ses-en-sestig persone. ²⁷ *Die seuns van Josef wat vir hom in Egipte gebore is, was net twee.ⁱ Al die persone van die huis van Jakob wat na Egipte gekom het, was sewentig.

²⁸ *Juda het hy voor hom uit gestuur na Josef om vir hom die pad na Gosen te wys. Toe hulle in die Gosen-streek aankom, ²⁹ *het Josef sy strydwa ingespan en opgetrek om sy pa Israel in Gosen te ontmoet. Toe hy by hom opdaag, val hy hom om die nek en huil lank op sy skouer.

³⁰ Israel sê toe vir Josef: “Ek kan nou maar sterf, noudat ek jou gesig gesien het, gesien het dat jy nog leef.”

³¹ *Josef het vir sy broers en sy familie gesê: “Ek wil optrek en die farao gaan inlig en vir hom sê, ‘My broers en my familie wat in die land

* **46:23** Gen 30:6; Num 26:42

^g**46:23 seun ... Gusim:** Die bronteks lui “die seuns van Dan was Gusim”. Volgens Num 26:42 was dit Sugam.

* **46:24** Gen 30:8; Num 26:48; 1 Kron 7:13

* **46:25** Gen 29:29; 30:5-8

* **46:26** Eks 1:5; Deut 10:22

^h**46:26 sy direkte afstammeling:** Die Hebreëuse idioom lui “uitganers van sy heup”.

* **46:27** Hand 7:14 Septuagint

ⁱ**46:27 net twee:** Letterlik ‘twee persone’.

* **46:28** Gen 45:10

* **46:29** Gen 41:43; 45:14-15

* **46:31** Gen 47:1

Kanaän was, het na my toe gekom. ³² Die manne is herders van kleinvee, ja, hulle was altyd veeboere. Hulle kleinvee en beeste en alles wat hulle besit, het hulle saamgebring.’ ³³ As die farao julle ontbied en vra, ‘Wat is julle daaglikse werk?’ ³⁴ *moet julle sê, ‘U dienaars was veeboere van ons jeug af tot nou toe — ons sowel as ons voorvaders’, sodat julle in die Gosen-streek kan woon, want alle herders van kleinvee is vir die Egiptenare afstootlik.”

47

¹ *Josef het gegaan, die farao ingelig en gesê: “My vader en my broers met hulle kleinvee en grootvee en alles wat aan hulle behoort, het uit die land Kanaän hier aangekom. Hulle is nou daar in die Gosen-streek.”

² *Uit sy broers se geledere het hy vyf manne geneem en hulle voor die farao gebring. ³ *Die farao het vir sy broers gevra: “Wat is julle daaglikse werk?” Hulle het die farao geantwoord: “U dienaars is herders van kleinvee, ons sowel as ons voorvaders.” ⁴ *Hulle sê toe vir die farao: “Ons het gekom om net as •vreemdelinge in die land te woon, want daar is nie weiding vir die kleinvee wat aan u dienaars behoort nie; ja, die hongersnood is erg in die land Kanaän. Laat u dienaars asseblief dan nou in die Gosen-streek bly.”

⁵ Die farao het vir Josef gesê: “Jou vader en jou broers het na jou toe gekom. ⁶ *Egipteland lê oop voor jou. Laat woon jou vader en jou broers in die beste deel van die land. Hulle mag in die Gosen-streek bly. As

* 46:34 Gen 43:32; 45:10; 47:3; Eks 8:26

* 47:1 Gen 45:10; 46:28

* 47:2 Hand 7:13

* 47:3 Gen 46:32-34

* 47:4 Gen 15:13; 42:5; Deut 26:5

* 47:6 Gen 45:10,18; 47:11; Eks 18:21,25

daar na jou wete bekwame manne onder hulle is, moet jy hulle aanstel as kuddebestuurders oor my vee.”

⁷ Josef het daarna sy pa, Jakob, ingebring en hom voor die farao laat staan. Jakob het die farao met 'n seënswens gegroet. ⁸ Toe vra die farao vir Jakob, “Hoeveel lewensjare het u agter die rug?”^j ⁹ * Jakob het die farao geantwoord: “My vreemdelingskap was honderd-en-dertig jaar lank. Min en vol teenspoed was my lewensjare — nie naastenby die lewensjare van my voorvaders in die tyd van hulle vreemdelingskap nie.” ¹⁰ Jakob het die farao geseën en uit die farao se teenwoordigheid vertrek.

¹¹ * Josef het sy pa en sy broers woonplek gegee. Hy het aan hulle erfgrond gegee in Egipteland, in die beste deel van die land, in die gebied Rameses, soos die farao beveel het. ¹² * Josef het sy pa en sy broers en sy hele familie van kos voorsien volgens die getal afhanklikes.

Gevolge van die hongersnood

¹³ * Kos was nêrens in die land te kry nie, want die hongersnood was baie erg. Egipteland en die land Kanaän het versmag van die honger.

¹⁴ * Josef het al die silwer wat in Egipteland en in die land Kanaän te vinde was, ingesamel in ruil vir die graan wat die mense kom koop het. Josef het die silwer na die farao se paleis geneem. ¹⁵ Toe daar nie meer silwer in Egipteland en die land Kanaän was nie, het al die Egiptenare na Josef gekom en gesê: “Gee vir ons brood! Waarom moet ons hier voor u sterf omdat daar nie meer silwer is nie?” ¹⁶ Josef het geantwoord:

^j47:8 **Hoeveel ... rug:** Letterlik ‘hoeveel is die dae van u lewensjare’.

* 47:9 Gen 25:7; 35:28; 1 Kron 29:15; Ps 39:5-6; Heb 11:9,13; Jak 4:14

* 47:11 Gen 45:10; Eks 1:11; 12:37; Num 33:3,5

* 47:12 Gen 45:11; 50:21

* 47:13 Gen 41:30; Hand 7:11

* 47:14 Gen 41:56; 42:6

“Bring julle vee, dan gee ek vir julle brood in ruil vir julle vee, as julle nie meer silwer het nie.”

¹⁷ Hulle het toe hulle vee na Josef gebring, en Josef het vir hulle brood gegee in ruil vir perde, kleinveekuddes, beeskuddes en donkies. Hy het hulle daardie jaar deurgehelp met brood in ruil vir hulle hele veestapel.

¹⁸ Toe daardie jaar om is, kom hulle toe die tweede jaar by Josef aan en sê vir hom: “Ons kan dit nie vir my heer wegsteek nie, maar ons silwer is opgebruik en ons veekuddes is by my heer. Daar het niks vir my heer oorgebly nie, behalwe ons liggame en ons landerye. ¹⁹ Waarom moet ons voor u oë omkom, ons en ook ons landerye? Koop ons en ons landerye met brood. Ons en ons grond sal in die farao se diens wees; en gee dan vir ons saad, sodat ons kan leef en nie sterf nie, en ons landerye nie verlate lê nie.”

²⁰ Josef het al die landerye in Egipte vir die farao opgekoop; ja, elke Egiptenaar het sy saailand verkoop, want die hongersnood oor hulle was straf. Die land het toe die farao se eiendom geword, ²¹ en die mense het hy na die dorpe verskuif,^k van die een grens van Egipte tot die ander. ²² Net die landerye van die priesters het hy nie gekoop nie, want daar was van die kant van die farao 'n vaste toelaag vir die priesters. Hulle het genoeg te ete gehad van die vaste toelaag wat die farao vir hulle gegee het. Daarom het hulle nie hulle landerye verkoop nie.

²³ Josef sê toe vir die volk: “Kyk, ek het julle en julle landerye vandag vir die farao gekoop. Hier is vir julle saad, dan kan julle die landerye saai. ²⁴ *Maar wanneer daar oeste is, moet julle 'n vyfde aan die farao afstaan. Die vier dele sal aan julle behoort as saad vir die saailand, en as julle kos, en ook vir dié wat in julle huise is, as kos vir julle afhanklikes.”

^k**47:21 het hy ... verskuif:** Die •Samaritaanse Pentateug en van die vroeë vertalings lui “het hy diensbaar gemaak as slawe”.

* **47:24** Gen 41:34

²⁵ Hulle sê toe: “U het ons aan die lewe gehou. As ons guns vind in die oë van my heer, sal ons die farao se slawe word.” ²⁶ Josef het dit toe 'n vaste reëling gemaak wat tot vandag toe geld vir die landerye van Egipte: 'n vyfde van die opbrengs behoort aan die farao. Net die priesters se landerye het nie die farao se eiendom geword nie.

Jakob se seën vir Josef se seuns

²⁷ *Israel het in Egipteland, in die Gosen-streek, gewoon. Hulle het erfgrond daar verkry; hulle was vrugbaar en het talryk geword. ²⁸ Jakob het nog sewentien jaar lank in Egipteland geleef, sodat die getal lewensjare van Jakob honderd sewe-en-veertig jaar was.

²⁹ *Toe die tyd vir Israel nader kom om te sterf, het hy sy seun Josef laat roep en vir hom gesê: “As ek guns vind in jou oë, sit dan asseblief jou hand onder my heup.¹ Bewys liefde en trou aan my: Moet my asseblief nie in Egipte begrawe nie. ³⁰ *Wanneer ek by my voorvaders gaan rus, moet jy my uit Egipte neem en my in hulle graf gaan begrawe.” Hy het geantwoord: “Ek sal maak soos pa sê.” ³¹ *Toe sê hy: “Lê vir my 'n eed af!” Hy het toe vir hom 'n eed afgelê. Israel het daarna in aanbidding gebuig by die koppenent van die bed.

48

¹ Ná hierdie gebeure is daar vir Josef gesê: “Kyk, u vader is siek.” Hy het toe sy twee seuns, Manasse en Efraim, saam met hom geneem.

² Hulle het vir Jakob vertel en gesê: “Kyk, u seun Josef het na u toe

* **47:27** Gen 17:6; 26:4; 35:11; 45:10; Eks 1:7; Deut 26:5; Hand 7:17

* **47:29** Gen 24:2,49

¹**47:29 hand ... heup:** Hierdie simboliese handeling het die eed bekragtig; vgl Gen 24:2-3.

* **47:30** Gen 23:17-20; 25:9-10; 35:29; 49:29-32; 50:5,13; Hand 7:15-16

* **47:31** Gen 48:2; 50:25; Heb 11:21 •Septuagint

gekom.” Israel het sy kragte ingespan en regop gesit op sy bed. ³ *Jakob sê toe vir Josef: “God, die Almagtige,^m het by Lus in die land Kanaän aan my verskyn. Hy het my geseën ⁴ * en vir my gesê, ‘Kyk, Ek gaan jou vrugbaar maak en jou talryk laat word; Ek sal jou 'n skare volke maak. Ek sal hierdie land vir jou nageslag ná jou gee as erfgrond vir altyd.’

⁵ “*Daarom sal jou twee seuns wat vir jou in Egipteland gebore is voordat ek na jou in Egipte gekom het, my eie wees. Efraim en Manasse sal soos Ruben en Simeon vir my wees. ⁶ Jou ander nakomelinge, wat jy ná hulle verwek, sal egter joune wees. Hulle sal by die name van hulle broers genoem word wat hulle erfdeel betref.ⁿ ⁷ *En wat my betref, toe ek uit Paddan gekom het, het Ragel langs my gesterf op die reis in die land Kanaän, toe daar nog 'n hele ent pad oor was om by Efrata uit te kom. Ek het haar daar begrawe langs die pad na Efrata — dit is Betlehem.”

⁸ *Toe Israel die seuns van Josef sien, vra hy: “Wie is hulle?” ⁹ *Josef antwoord toe sy pa: “Dit is my seuns wat God my hier gegee het.” Daarop sê hy: “Bring hulle asseblief na my toe, sodat ek hulle kan seën.” ¹⁰ *Israel se oë was dof van die ouderdom; hy kon nie meer sien nie. Toe

*48:3 Gen 28:13,19; 35:6,9

^m48:3 **Almagtige:** In Hebreeus *sjaddai*. Daar is onsekerheid oor die betekenis van die naam.

*48:4 Gen 17:8; 35:9-12; Hand 7:5

*48:5 Gen 41:50-52; 46:20; Jos 13:7; 14:4; 17:17

ⁿ48:6 **Hulle sal ... betref:** Dit beteken dat ander kinders wat Josef dalk verwek, in Efraim en Manasse se stamgebied erfgrond sal kry.

*48:7 Gen 35:9,16,19

*48:8-20 Hos 13:1

*48:9 Gen 27:4; 49:25-26; Heb 11:21

*48:10 Gen 27:1,27

hy hulle na hom bring, het Israel hulle gesoen en hulle omhels. ¹¹ *Israel sê toe vir Josef: “Ek het nie eers gebid om jou gesig weer te sien nie, en kyk, God het my selfs jou nakomelinge laat sien!”

¹² *Josef het hulle van sy pa se knieë weggeneem en diep voor hom neergebuig met sy gesig na die grond. ¹³ Daarop neem Josef hulle twee, Efraim met sy regterhand aan Israel se linkerkant, en Manasse met sy linkerhand aan Israel se regterkant,^o en bring hulle nader aan hom.

¹⁴ *Israel steek toe sy regterhand uit en plaas dit op Efraim se kop — terwyl hy die jongste was — en plaas sy linkerhand op Manasse se kop. Hy het sy arms gekruis, alhoewel Manasse die eersgeborene was.

¹⁵ *Hy het Josef geseën en gesê:

“Die God voor wie my voorvaders,
Abraham en Isak, geleef het,
die God wat my as herder versorg het,
my lewe lank, tot vandag toe,

¹⁶ die Engel^p wat my losgekoop het
uit alle onheil —
mag Hy dié jong manne seën!

Mag my naam deur hulle genoem word
en die naam van my voorvaders

* **48:11** Gen 45:26

* **48:12** Gen 18:2; 24:52; 33:3; 42:6; 43:26; Eks 34:8

^o**48:13 regterkant:** 'n Posisie aan die regterkant van 'n persoon is gesien as 'n posisie van voorrang.

* **48:14** Gen 25:23; 27:18-30; Deut 21:15-17

* **48:15-16** Gen 17:1; 24:40; 28:13-15; 31:11; 49:24; Ps 23:1; Jes 63:9; Am 9:12; Hand 7:35; 15:17; Heb 11:21

^p**48:16 die Engel:** Die boodskapdraer en verteenwoordiger van die hemelse hofhouding wat as boodskapper van God namens Hom optree. Die •Samaritaanse Pentateug lui “die Koning”.

Abraham en Isak.

Mag hulle talryk word in die land.”

¹⁷ Josef het egter gesien dat sy pa sy regterhand op Efraim se kop sit, en dit was verkeerd in sy oë. Hy vat toe sy pa se hand om dit van Efraim se kop weg te skuif na Manasse se kop. ¹⁸ Josef sê toe vir sy pa: “Nie so nie, pa, want hierdie een is die eersgeborene. Plaas pa se regterhand op sy kop.”

¹⁹ *Maar sy pa het geweier en gesê: “Ek weet, my seun, ek weet. Ook hy sal 'n volk word; ook hy sal groot wees. Maar sy jonger broer sal groter wees as hy. Sy nageslag sal 'n groot groep nasies^q word.”

²⁰ *Daardie dag het hy hulle geseën met die woorde: “Met jou as voorbeeld sal Israel 'n seën uitspreek,

‘Mag God jou maak
soos Efraim en Manasse.’ ”

So het hy Efraim bo Manasse gestel.

²¹ *Israel het vir Josef gesê: “Kyk, ek gaan sterf, maar God sal met julle wees, en Hy sal julle terugbring na die land van julle voorouers. ²² *Ek self gee aan jou bo jou broers, 'n bergrug,^r wat ek met my swaard en my boog uit die hand van die Amoriëte geneem het.”

* **48:19** Deut 33:17; Jes 11:13; Jer 31:9; Eseg 37:16; Hos 12:1-2

^q**48:19 groot ... nasies:** Die •bronteks lui “volheid van nasies”.

* **48:20** Gen 41:51-52

* **48:21** Gen 46:4; 50:24

* **48:22** Gen 34:25-29; Jos 24:32; Joh 4:5

^r**48:22 bergrug:** Die Hebreeus kan ook vertaal word “skouer”. Dit is wat die naam van die dorp Sigem beteken.

Jakob se seënspreuke voor sy dood

¹* Jakob het sy seuns laat roep en gesê: “Kom bymekaar, sodat ek julle kan inlig oor wat met julle gaan gebeur in die toekoms.

²*“Kom bymekaar en luister,
seuns van Jakob,
luister na Israel, julle vader.

³* Ruben, jy is my eersgeborene,
my sterkte, die eersteling
van my manlike krag —
uitsonderlik in verheuenheid,
uitsonderlik in krag.

⁴ Onbeheerbaar soos water,
sal jy nie voorrang geniet nie;
want jy het op jou pa se beddens geklim,
en dit toe verontreinig.*
Hy het op my slaapbank geklim.

⁵ “*Simeon en Levi is broers —
werktuie van geweld
is hulle besnydenismesse.[§]

* 49:1 Num 24:14; Deut 4:30; 31:29; Jes 2:2; Jer 23:20; Dan 2:28; 10:14; Hos 3:5

* 49:2-27 Deut 33:6-25

* 49:3 Gen 29:32; 37:21-22; 42:37; Deut 21:17; 33:6

* 49:4 want ... verontreinig: Gen 35:22; 1 Kron 5:1

* 49:5 Gen 29:33-34; 34:25,30

[§]49:5 besnydenismesse: Daar is onsekerheid oor die betekenis van die •bronteks, en dit word verskillend vertaal; vgl Gen 34:13-29.

⁶* In hulle kring moet ek self
nie kom nie;
met hulle vergadering wil ek my
nie vereenselwig nie.
Want in hulle toorn het hulle mense
vermoor,
uit moedswilligheid het hulle beeste se hakskeenseninge afgekap.

⁷* Vervloek is hulle toorn,
want dit is fel,
en hulle woede,
want dit is meedoënloos.
Ek sal hulle uitmekaarjaag in Jakob,
hulle verstrooi in Israel.

⁸“* Juda, jy, jou broers sal jou prys!
Jou hand sal op die nek
van jou vyande wees;
die seuns van jou pa
sal diep voor jou buig.

⁹†* 'n Leeuwelpie is Juda;
van die prooi, my seun,
het jy opgestaan.
Hy sak af, gaan lê soos 'n leeu,
soos 'n leeuwyfie.

* 49:6 Gen 34:24-30

* 49:7 Num 35:8; Jos 19:1,9; 21:3,8,41; Spr 29:22

* 49:8 Gen 27:29; 29:35; Deut 33:7; 1 Kron 5:2; Ps 78:68

†49:9-10 Op 5:5 verwys na Gen 49:9-10 as heenwysing na Jesus Christus.

* 49:9-10 Num 24:9; Deut 33:22; Eseg 19:5-7; Miga 5:8

Wie sal hom opjaag?

¹⁰ *Die septer sal nie van Juda wyk nie,
ook nie die heerserstaf
tussen sy voete nie,
totdat hy aan wie dit behoort, kom,^u
en volke aan hom gehoorsaam is.

¹¹ * Aan 'n wingerdstok maak hy
sy donkiehings vas,
aan 'n edeldruif
die vul van sy donkiemerrie.

Hy was sy bokleed in wyn,
en sy klere in die sap van druiwe.

¹² Die oë is donkerder as wyn,^v
die tande witter as melk.

¹³ “*Sebulon — aan die strand
van die seë sal hy woon;
ja, hy is by die strand waar die skepe is,
met sy verste gebied langs Sidon.

¹⁴ “*Issaskar is 'n bonkige donkie

*49:10 Num 24:17; Rig 1:1-2; Ps 60:7; 72:8-11; Jes 42:1,4; 49:6; Heb 7:14

^u49:10 **totdat ... kom:** Die •Masoretiese leestradië word nie hier gevolg nie.

Daar is groot onsekerheid oor die betekenis van die bronteks en dit word verskillend vertaal, onder andere “totdat Silo kom” en “sodat huldigingsgeskenke na hom kom”. Vroeë vertalings verskil ook.

*49:11 Sag 9:9-10; Matt 21:5

^v49:12 **donkerder as wyn:** Word ook vertaal “vonkelend van wyn”.

*49:13 Deut 33:19; Jos 19:10-16; Jes 8:23; Matt 4:13-15

*49:14 Deut 33:18

wat gaan lê tussen die saalsakke.

¹⁵ *Hy het gesien hoe goed

die rusplek is,

en hoe lieflik die land.

Hy het sy skouer laat sak vir die las,

hy het 'n dwangarbeider geword.

¹⁶ “*Dan^w handhaaf die reg van sy volk

as een van die stamme van Israel.

¹⁷ Dan is 'n slang op die pad,

'n horingslang op die gebaande weg,

wat die hakskeene van 'n perd pik,

en sy ruiter val agteroor.

¹⁸ “*Op u verlossing wag ek, HERE.

¹⁹ “*Gad — 'n bende val hom aan,^x

maar hy val die hakskeen^y aan.

²⁰ “*Uit Aser kom dit:

Ryk is sy kos,

*49:15 Rig 5:15-16

*49:16 Gen 30:6; Deut 33:22; Rig 13:2,25; 18:26-27

^w49:16 **Dan:** Dit beteken ‘Hy het reg laat geskied’.

*49:18 Ps 25:5; 119:166,174; Jes 25:9

*49:19 Gen 30:11; Deut 33:20-21; 1 Kron 12:8

^x49:19 **Gad ... hom aan:** In Hebreeus is daar klankspel tussen die naam Gad, ‘bende’ en ‘aanval’; (*Ghad ghedoed yeghoedennoe*).

^y49:19 **hakskeen:** Dit kan verwys na die agterhoede van rondtrekkende veeboere.

*49:20 Gen 30:13; Deut 33:24-25; Jos 19:24-31; Rig 1:31-32; 5:17; 1 Kon 4:7

hy self gee lekkernye
geskik vir 'n koning.

²¹ “*Naftali is 'n vrygelate rooitakbokooi
wat mooi lammers gee.^z

²² “*’n Vrugbare jong wynstok is Josef,
’n vrugbare jong wynstok
langs 'n fontein;
die ranke hang oor die putmuur.

²³ Hulle het hom uitgetart
en op hom geskiet;
die boogskutters het hom verwoed teengestaan.

²⁴ Maar sy boog het bestendig gebly,
en sy voorarms was behendig,
vanweë die hande van die Magtige van Jakob,^{*}
vanweë die roem^a van die Herder,^{*}
die Rots^{*} van Israel,
²⁵ *vanweë die God van jou vader,

* 49:21 Gen 30:8; Deut 33:23; Jos 19:32-39; Rig 4:6; 5:18; Jes 8:23; Matt 4:3-15

^z49:21 mooi ... gee: Daar is onsekerheid oor die betekenis van die bronteks, wat volgens die Masoretiese leestradië luy “hy wat mooi woorde gee”, maar wat reeds deur vroeë vertalings verskillend vertaal is.

* 49:22 Gen 30:24; 37:3; 39:21; 50:20,25; Deut 33:13-16; Jos 17:14,18

* 49:24 Magtige van Jakob: Ps 132:2,5; Jes 1:24; 49:26

^a49:24 vanweë die roem: Die vertaling is gebaseer op die wysiging van een vokaal van die Masoretiese leestradië wat luy “van daar is”.

* 49:24 Herder: Gen 48:15; Ps 23:1; Jer 31:10

* 49:24 Rots: Ps 118:22; Jes 28:16; 1 Pet 2:6-8

* 49:25 Gen 28:13; 32:9; Deut 33:13

sodat Hy jou sou help,
ja, God, die Almagtige,^b
sodat Hy jou sou seën
met seëninge uit die hemel daarbo,
seëninge van die oerwater
wat daar onder lê,^c
seëninge van borste en moederskoot.

²⁶ * Die seëninge van jou Vader
oortref die seëninge
van die ewige berge,^d
die begeerlikhede van die oeroue heuwels.

Mag dit rus op die kop van Josef,
op die hoof van die prins onder sy broers.

²⁷ * “Benjamin is 'n wolf wat verskeur.
In die oggend verslind hy geroofde goed,
en teen die aand verdeel hy buit.”

²⁸ Hulle almal is die twaalf stamme van Israel; en dit is wat hulle pa vir hulle gesê het toe hy hulle geseën het. Hy het hulle geseën, elkeen met sy gepaste seën.

^b **49:25 Hy jou ... Almagtige:** Verskeie Hebreeuse manuskripte, die •Samaritaanse Pentateug, die •Septuagint en die •Peshitta word hier gevolg. Die •bronteks lui “Hy sal jou en die *sjaddai* help”. Daar is onsekerheid oor die betekenis van die naam *sjaddai*.

^c **49:25 oerwater ... lê:** Dit verwys hier na die ondergrondse water en die see, wat voorgestel word as 'n dier wat in die dieptes lê.

^{*} **49:26** Deut 33:15-16

^d **49:26 ewige berge:** Die Septuagint word hier gevolg. Die bronteks lui “hulle wat met my dragtig was totdat”.

^{*} **49:27** Gen 35:18; Deut 33:12; Rig 3:15-30; 5:14; 20:21; 1 Sam 9:1-2; 14:47-48

Jakob se dood en begrafnis

²⁹* Jakob het vir hulle sy laaste opdragte gegee. Hy het vir hulle gesê: “Ek gaan met my mense verenig word. Begrawe my by my voorouers in die grot op die stuk grond van Efron, die Hetiet, ³⁰ in die grot wat op die stuk grond by Magpela is, oos van Mamre, in die land Kanaän. Abraham het die stuk grond by Efron, die Hetiet, as eiendom gekoop vir 'n graf.

³¹* Daar het hulle Abraham en sy vrou Sara begrawe. Daar het hulle Isak en sy vrou Rebekka begrawe. En daar het ek Lea begrawe. ³² Die aankoop van die stuk veld en die grot wat daarop is, was van die Hetiete.”

³³* Toe Jakob klaar was met die opdragte aan sy seuns, het hy sy voete teruggetrek op die bed. Hy het sy asem uitgeblaas en is met sy mense verenig.

50

¹* Josef het op sy pa neergeval, by hom gehuil en hom gesoen. ² Josef het sy dienaars, die genesers, beveel om sy pa te balsem. Die genesers het Israel* toe gebalsem. ³* Daarvoor was 'n volle veertig dae nodig, want soveel dae neem dit om te balsem. Die Egiptenare het sewentig dae lank oor hom gerou. ⁴ Toe die dae van rou oor hom verby was, het Josef met die huis van die farao gepraat en gesê: “As ek guns geniet in julle oë, gaan praat asseblief direk met die farao en sê, ⁵* “My vader het

* 49:29-30 Gen 23:16-20; 47:30; 50:13; Hand 7:16

* 49:31 Gen 23:19; 25:9-10; 35:29; 48:7; 50:13

* 49:33 Hand 7:15

* 50:1 Gen 46:4

* 50:2 Israel: Gen 32:28

* 50:3 Gen 50:10; Num 20:29; Deut 34:8

* 50:5 Gen 47:29-31; 2 Kron 16:14; Jes 22:16; Matt 27:60

my laat sweer deur te sê: “Kyk, ek gaan sterf. In my graf wat ek vir my uitgekap het in die land Kanaän, daar moet jy my begrawe.” Laat ek dan nou asseblief optrek, sodat ek my vader kan gaan begrawe en terugkeer.’ ” ⁶ Die farao het gesê: “Trek op en gaan begrawe jou vader, soos hy jou laat sweer het.”

⁷ *Josef het toe opgetrek om sy pa te gaan begrawe. Al die dienaars van die farao, die oudstes van sy paleis en al die oudstes van Egipteland^e het saam met hom opgetrek, ⁸ ook Josef se hele huis, sy broers en sy familie. Net hulle kinders, hulle kleinvee en hulle beeste het hulle in die Gosen-streek agtergelaat. ⁹ Saam met hom het sowel strydwaens as spanne perde opgetrek. Dit was 'n besonder plegtige stoet. ¹⁰ Toe hulle by Goren-Haätad^f oorkant die Jordaan aankom, het hulle daar 'n groot en besonder plegtige roubeklag gehou. Hy het sewe dae lank 'n rouseremonie gehou vir sy pa. ¹¹ Die bewoners van die gebied, die Kanaäniete, het die gerou by Goren-Haätad gesien en gesê: “Dit is 'n plegtige rouseremonie vir die Egiptenare.” Daarom het hulle die plek wat oorkant die Jordaan is, Abel-Misrajim^g genoem.

¹² Sy seuns het met hom gemaak presies soos hy hulle beveel het: ¹³ *Sy seuns het hom na die land Kanaän geneem en hom begrawe in die grot op die stuk grond van Magpela, oos van Mamre, die stuk grond wat Abraham vir 'n graf as eiendom gekoop het by Efron, die Hetiet. ¹⁴ Josef het na Egipte teruggekeer nadat hy sy pa begrawe het — hy en sy broers en almal wat saam met hom opgetrek het om sy pa te gaan begrawe.

*50:7-13 Hand 7:16

^e50:7 **oudstes van Egipteland:** Dit was die verteenwoordigers van die farao en die Egiptiese volk.

^f50:10 **Goren-Haätad:** Die naam beteken ‘dorsvloer van die dorings’.

^g50:11 **Abel-Misrajim:** Die naam beteken ‘die rouseremonie van Egipte’.

*50:13 Gen 23:16-20; 49:29-31; Hand 7:16

Josef en sy broers

¹⁵ *Toe Josef se broers besef dat hulle pa nou dood is, sê hulle: “As Josef 'n wrok teenoor ons koester, gaan hy ons beslis terugbetaal vir al die kwaad wat ons hom aangedoen het.” ¹⁶ Hulle het toe vir Josef laat weet: “U vader het voor sy dood opdrag gegee, ¹⁷ *‘So moet julle vir Josef sê: “Vergewe tog asseblief die oortreding van jou broers en hulle misstap — dat hulle jou soveel kwaad aangedoen het.” ’ Dus, vergewe dan asseblief die oortreding van die dienaars van die God van u vader.” Josef het gehuil toe hulle met hom praat.

¹⁸ *Sy broers het ook self gegaan, voor hom neergeval en gesê: “Kyk, ons is u slawe.” ¹⁹ *Maar Josef het vir hulle gesê: “Moenie bang wees nie, want is ek in God se plek? ²⁰ *Julle het kwaad teen my beplan, maar God het dit vir iets goeds in gedagte gehad, met die doel om te doen wat vandag gebeur — om 'n groot volk aan die lewe te hou. ²¹ *Dus, moenie bang wees nie! Ek self sal julle en julle afhanklikes van kos voorsien.” So het hy hulle getroos en mooi met hulle gepraat.^h

Josef se dood

²² Josef het in Egipte bly woon, hy en sy familie. Hy het honderd-en-tien jaar lank geleef. ²³ *Josef het die derde geslag van Efraim se nakomelinge gesien. Ook die kinders van Magir, die seun van Manasse,

*50:15 Gen 37:28; 42:21-22

*50:17 Gen 43:30; 46:29; 49:25

*50:18 Gen 37:7-10; 41:43; 43:18; 44:14

*50:19 Gen 30:2; 2 Kon 5:7

*50:20 Gen 45:5-8; Rom 8:28

*50:21 Gen 45:11; 47:12

^h50:21 **mooi ... gepraat:** Die Hebreuse idioom lui “praat na hulle hart”. Dit kan ook vertaal word “hulle bemoedig”.

*50:23 Gen 30:3

is op Josef se knieë gebore.ⁱ

²⁴ *Josef het vir sy broers gesê: “Ek gaan sterf, maar God sal beslis aan julle aandag gee en julle uit hierdie land laat optrek na die land wat hy met 'n eed beloof het aan Abraham, Isak en Jakob.” ²⁵ Josef het toe die Israëliete 'n eed laat aflê met die woorde: “God sal beslis aan julle aandag gee; neem dan my beendere hiervandaan saam.” ²⁶ Josef het gesterf toe hy honderd-en-tien jaar oud was. Hulle het hom gebalsem en in Egipte in 'n kis geplaas.

ⁱ**50:23 op ... gebore:** Dit was 'n simboliese handeling waardeur die man wat die baba op sy knieë of skoot ontvang, die kind aanneem as sy eie; vgl Rut 4:16-17.

***50:24-25** Gen 12:7; 28:13; 48:21; Eks 3:16-17; 13:19; Jos 24:32; Hand 7:15-16; Heb 11:22